

1987000625 02



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19870006250222000010

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

03-05-1978

T 370.968294 BRA  
BIBLIOTEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

# DIE ONDERWYSSTELSE VAN BOPHUTHATSWANA.

## 'N SITUASIE- EN BEHOEFTEBEPALING

deur

ROBERT RODGER BRAZELLE, B.Com., B.Ed.

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde, Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

STUDIELEIER: PROF. DR. D. VERMAAK

Januarie 1978.

## VOORWOORD

Aan onse Hemelse Vader my nederige lof en dank vir ryke genade ontvang om hierdie verhandeling aan te pak en te voltooi.

'n Woord van opregte dank en waardering aan my studieleier prof. dr. D. Vermaak. Sy inspirerende leiding, persoonlike belangstelling, vriendelike aanmoediging en daadwerklike hulp was kosbare bydraes tot die voltooiing van hierdie verhandeling.

Aan alle lede van die Navorsingseenheid vir Onderwysstelselbeplanning (NEOB) van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat my persoonlike dank vir direkte hulp en bystand.

My opregte dank aan mnr. J.M. Ntsime, Sekretaris van Onderwys van Bophuthatswana, vir inligting deur hom verskaf tydens 'n persoonlike onderhoud en ook die beskikbaarstelling van inligting deur sy Departement.

My dank en waardering aan alle amptenare van Bophuthatswana se Departement van Onderwys met wie onderhoude en gesprekke gevoer is en van wie inligting ontvang is. Mnr. O.A.M. Setlhogelo van die Beplanningsafdeling was veral vir my tot groot hulp.

Ek is ook dank verskuldig aan die amptenare van die Departement van die Hoofminister en Finansies en die Departement van Landbou van Bophuthatswana wat waardevolle inligting aan my verskaf het. Veral die prinsipaal van die landboukollege te Taung, mnr. P.G.F. Coetzee, het besondere hulp verleen.

My opregte dank aan mev. Johann Smit vir haar vriendelike geduld en keurige tikwerk.

'n Besondere woord van dank en waardering gaan aan my eggenote, Georgie, vir haar begrip, aanmoediging en bystand gedurende die tydperk van navorsing en voltooiing van hierdie verhandeling.

Ten slotte wil ek my dank betuig teenoor almal wat nie hierbo genoem is nie maar bygedra het om hierdie verhandeling moontlik te maak.

R.R. BRAZELLE

Januarie 1978

BLOEMFONTEIN

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK I

ORIENTERENDE INLEIDING

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	1
1.3	Die doel van die studie	2
1.4	Terreinafbakening	3
1.5	Metode van ondersoek	5
1.6	Samevatting	7

HOOFSTUK II

DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS IN BOPHUTHATSWANA

2.1	Die land en sy mense	8
2.2	Die beginjare van formele onderwys (1813-1835)	10
2.3	Ontwikkeling gedurende die periode 1836 tot 1855	13
2.4	'n Tydperk van ontwikkeling (1856-1925)	17
2.4.1	Die Transvaalse gedeelte van Bophuthatswana	18
2.4.2	Die Noordkaapse gedeelte van Bophuthatswana	21
2.4.3	Die Oranje-Vrystaatse gedeelte van Bophuthatswana	25
2.5	'n Tydperk van toenemende staatsbeheer (1925-1953)	27
2.6	Die tydperk van sentrale beheer (1954-1968)	31
2.7	Op pad na eie beheer en bestuur (1969-1972)	37
2.8	'n Eie Onderwyswet	40
2.8.1	Die Bophuthatswana-wet op Onderwys, Wet 9/1973 (soos gewysig deur Wet 6/1974) - 'n feitlike samevatting	40
2.9	Samevatting	46

## HOOFSTUK III

## DIE HUIDIGE ONDERWYSSITUASIE IN BOPHUTHATSWANA

3.1	Organogram van die Tswana-onderwysstelsel soos op 30 September 1977	47
3.2	Verduideliking van die organogram	48
3.2.1	Wetgewende en uitvoerende gesag	48
3.2.2	Algemeen raadplegend en adviserend	48
3.2.3	Onderwysinrigtings wat met die Departement skakel	49
3.2.4	Vakkundige en hulpdienste deur die Departement onderneem	49
3.2.5	Adviserend en koördinerend ten opsigte van spesifieke aspekte van die onderwys	50
3.2.6	Plaaslike bestuursliggame wat met die Departement saamwerk	50
3.2.7	Skakeling met die Departement van Bantoe-onderwys	51
3.3	Administratiewe en aanverwante sake	51
3.3.1	Interne organisasie van die Departement soos op 31 Maart 1977	51
3.3.2	Die bestuur van skole	56
3.3.3	Die Adviesraad vir Bophuthatswana Onderwys	61
3.4	Finansiering van die onderwys	63
3.4.1	Inkomstefonds van Bophuthatswana	63
3.4.2	Regeringsbesteding ten opsigte van onderwys	68
3.4.3	Plaaslike finansiering	68
3.5	Die huidige skolestelsel	72
3.5.1	Die twaalfjaarstruktuur	72
3.5.2	Primêre onderwys	73
3.5.3	Sekondêre onderwys	77
3.5.4	Onderwysersopleiding in Bophuthatswana	85
3.5.5	Ambagsopleiding	88
3.5.6	Vakopleiding (meisies) en handelsonderwys	91
3.5.7	Tegniese opleiding	93
3.5.8	Nywerheidsopleiding	97
3.5.9	Buitengewone onderwys	97
3.5.10	Spesiale onderwys vir kapteinseuns	99

	<u>Bladsy</u>	
3.6	Landbouopleiding in Bophuthatswana	100
3.7	Universitêre opleiding	103
3.8	Enkele spesifieke aspekte van die skoolstelsel van Bophuthatswana	106
3.8.1	Algemene groei	106
3.8.2	Leerlinge	108
3.8.3	Onderwysers	118
3.8.4	Akkommodasie en toerusting	124
3.8.5	Besteding per leerling	127
3.8.6	Aanvullende opvoeding	128
3.9	Hulpdienste	130
3.9.1	Sielkundige dienste	130
3.9.2	Oudiovisuele hulpdienste	131
3.9.3	Indiensopleiding van onderwysers	132
3.10	Samevatting	133

## HOOFSTUK IV

ONDERWYS IN BOPHUTHATSWANA: PROBLEME, BEHOEFTE EN  
AANBEVELINGS

4.1	Inleiding	134
4.2	Vooruitskatting van leerlinggetalle van Bophuthatswana tot 1980	134
4.3	Enkele implikasies van die groei in leerlinggetalle	136
4.3.1	Onderwyser-leerlingverhouding	136
4.3.2	Akkommodasie en toerusting	143
4.3.3	Beraamde staatsbesteding aan primêre en sekondêre onderwys tot 1980/81	146
4.4	Vroeë skoolverlating	147
4.5	Probleme rondom die instelling van skoolplig	154
4.6	Beroepsonderwys in Bophuthatswana	156
4.6.1	Landbouonderwys	156
4.6.2	Tegniese en ambagsopleiding	161
4.7	Onderwys vir volwassenes	165
4.8	Samevatting	169



HOOFSTUK V

	<u>Bladsy</u>
SLOTOPMERKINGS EN KERNAANBEVELINGS	
5.1 Slotopmerkings	171
5.1.1 Laer primêre onderwys	171
5.1.2 Hoër primêre onderwys	172
5.1.3 Sekondêre onderwys	173
5.1.4 Onderwysersopleiding	174
5.1.5 Indiensopleiding van onderwysers	176
5.1.6 Universiteits- en gevorderde tegniese opleiding	176
5.1.7 Volwassene-onderwys	177
5.1.8 Sielkundige dienste	177
5.2 Kernaanbevelings	178
BYLAAG A	182
BRONNELYS	184

## LYS VAN TABELLE

	<u>Bladsy</u>
Tabel 2.1.1 - Bevolking van Bophuthatswana, 1970	8
Tabel 2.1.2 - Totale Tswana-bevolking, 1970	9
Tabel 2.4.2 - Sendingskole, onderwysers en sendinggenootskappe in Noord-Kaapland, 1859	21
Tabel 2.5.1 - Aantal seuns in opleiding te Tierkloof, 1935 en 1948	29
Tabel 2.7.1 - Getal skole, onderwysers en leerlinge in Bophuthatswana, 1969 - 1972	38
Tabel 3.3.2 - Bophuthatswana, getal skole volgens beheer	57
Tabel 3.4.1.1 - Bophuthatswana Inkomstefonds, inkomste vir die boekjare 1972/73 tot 1977/78	67
Tabel 3.4.2.1 - Bophuthatswana, uitgawes ten opsigte van onderwys, 1972/73 - 1977/78	68
Tabel 3.4.2.2 - Bophuthatswana, begrote uitgawes vir die oprigting van skole en koshuise, 1972/73 tot 1977/78	69
Tabel 3.4.3.1 - Bophuthatswana, Departement van Onderwys R-vir-R bousubsidie, 1976/77 boekjaar	70
Tabel 3.4.3.2 - Bophuthatswana, Departement van Onderwys, beurse uitbetaal, 1976/77	71
Tabel 3.5.2.1 - Bophuthatswana, primêre skole volgens medium van onderrig, 1976	75
Tabel 3.5.2.2 - Bophuthatswana, primêre inskrywing per klas volgens beheer van skool, 1976	76

	<u>Bladsy</u>
Tabel 3.5.2.3 - Bophuthatswana, primêre inskrywing volgens volksgroep, 1976	77
Tabel 3.5.3.1 - Bophuthatswana, sekondêre skole en afdelings van skole, 1976	84
Tabel 3.5.3.2 - Bophuthatswana, sekondêre inskrywing volgens beheer van skool, 1976	84
Tabel 3.5.3.3 - Bophuthatswana, sekondêre inskrywing volgens volksgroepe, 1976	85
Tabel 3.5.4.1 - Bophuthatswana, onderwysersopleiding: inskrywing volgens kursus, geslag en studiejaar, 1976	87
Tabel 3.5.4.2 - Bophuthatswana, onderwysersopleiding: inskrywing volgens volksgroep, 1976	88
Tabel 3.5.5.1 - Bophuthatswana, ambagsopleiding (seuns): inskrywing volgens kursus en studiejaar, 1976	90
Tabel 3.5.6.1 - Bophuthatswana, vakopleiding (meisies): inskrywing volgens kursus, 1976	92
Tabel 3.5.6.2 - Bophuthatswana, handelsvakke: totale inskrywing per standerd en aantal skole, 1975	93
Tabel 3.5.9.1 - Bophuthatswana, spesiale skole: onderwysers en leerlinge, 1976	98
Tabel 3.6.1 - Landboukollege, inskrywing per semester volgens studiesemesters vir die jare 1973 tot 1977	103
Tabel 3.7.1 - Personeelvoorsiening, universiteite vir Swartes, 1976	105
Tabel 3.7.2 - Fakulteite en departemente, universiteite vir Swartes, 1976	105

	<u>Bladsy</u>
Tabel 3.7.3 - Universiteite vir Swartes, getal studente, 1976	105
Tabel 3.8.1.1 - Bophuthatswana: getal leerlinge, onder- wysers, klaskamers en skole, 1969 - 1976	107
Tabel 3.8.1.2 - Bophuthatswana, jaarlikse toename in leer- lingtal, 1969 - 1976	108
Tabel 3.8.2.1 - Bophuthatswana, leerlinginskrywing volgens ouderdomsgroepe, 1972 - 1976	110
Tabel 3.8.2.2 - Bophuthatswana, verspreiding van totale leerlingtal volgens kursus, 1972 - 1976	111
Tabel 3.8.2.3 - Bophuthatswana, verspreiding van leerlinge oor primêre en sekondêre skoolkursusse, 1972 - 1976	112
Tabel 3.8.2.4 - Bophuthatswana, leerlinginskrywing volgens standerd, 1972 - 1976	113
Tabel 3.8.2.5 - Afname in swart leerlingtal aan die einde van standerd 1 in tuislande en Blanke gebied, 1976	114
Tabel 3.8.2.6 - Bophuthatswana, slaagpersentasies eksterne ek- samens, November 1975	114
Tabel 3.8.2.7 - Bophuthatswana, verspreiding van leerlingtal volgens beheer en kursus, 1976	115
Tabel 3.8.2.8 - Bophuthatswana, totale leerlingtal volgens geslag, 1969 - 1976	116
Tabel 3.8.2.9 - Bophuthatswana - inskrywing per standerd of kursus volgens geslag, 1974 - 1976	117

	<u>Bladsy</u>
Tabel 3.8.3.1 - Bophuthatswana, aantal onderwysers in gebied-/ staat-, ondersteunde en private skole, 1969 - 1976	118
Tabel 3.8.3.2 - Bophuthatswana, aantal leerlinge per onderwyser, 1969 - 1976	118
Tabel 3.8.3.3 - Bophuthatswana, aantal leerlinge per onderwyser in verskillende kursusse, 1974 - 1976	119
Tabel 3.8.3.4 - Bophuthatswana, privaat besoldigde onderwysers in gemeenskapskole, 1972 - 1976	120
Tabel 3.8.3.5 - Bophuthatswana, onderwysers volgens volksgroep en tipe skool, 1976	121
Tabel 3.8.3.6 - Bophuthatswana, onderwysers volgens kwalifikasies, 1976	122
Tabel 3.8.3.7 - Bophuthatswana, aantal onderwysers volgens geslag, 1969 - 1976	123
Tabel 3.8.3.8 - Bophuthatswana, onderwysers volgens ouderdom, 1970 - 1976	123
Tabel 3.8.3.9 - Persentasie onderwysers jonger as 30 jaar in verskillende gebiede, 1976	124
Tabel 3.8.4.1 - Bophuthatswana, getal leerlinge per skool, 1969 - 1976	125
Tabel 3.8.4.2 - Bophuthatswana, getal leerlinge per klaskamer, 1969 - 1976	125
Tabel 3.8.5.1 - Bophuthatswana, onderwysbegroting as persentasie van totale begroting, 1973/74 - 1977/78	127

	<u>Bladsy</u>
Tabel 3.8.5.2 - Besteding per leerling in Bophuthatswana en van onderwys vir Swartes binne die Republiek, 1971/72 - 1976/77	128
Tabel 3.8.6.1 - Bophuthatswana, getal koshuise en kosgangers volgens beheer, 1976	129
Tabel 3.8.6.2 - Bophuthatswana, getal kosgangers as persentasie van leerlinginskrywings in verskillende tipe skole, 1976	129
Tabel 4.2.1 - Bophuthatswana, vooruitskattings van laer primêre leerlinggetalle tot 1980	135
Tabel 4.2.2 - Bophuthatswana, vooruitskattings van hoër primêre leerlinggetalle tot 1980	135
Tabel 4.2.3 - Bophuthatswana, vooruitskattings van junior sekondêre leerlinggetalle tot 1980	135
Tabel 4.2.4 - Bophuthatswana, vooruitskattings van senior sekondêre leerlinggetalle tot 1980	136
Tabel 4.2.5 - Bophuthatswana, vooruitskattings van leerlinggetalle in verskillende skoolfases tot 1980	136
Tabel 4.3.1.1 - Bophuthatswana, onderwyser-leerlingverhouding in verskillende skoolfases, 1977	137
Tabel 4.3.1.2 - Bophuthatswana, getal onderwysers benodig in primêre en sekondêre skoolfases, 1978 - 1980	138
Tabel 4.3.1.3 - Bophuthatswana, getal addisionele onderwysers jaarliks benodig in verskillende skoolfases tot 1980	139

(x)

	<u>Bladsy</u>
Tabel 4.3.2.1 - Bophuthatswana, aantal en persentasie klaskamers volgens beheer, 1976	144
Tabel 4.3.2.2 - Bophuthatswana, toename in aantal klaskamers by skole volgens beheer, 1976 - 1980	145
Tabel 4.3.3.1 - Bophuthatswana, beraamde lopende staatsbesteding ten opsigte van primêre en sekondêre onderwys tot 1980 op grond van dië besteding per leerling	147
Tabel 4.4.1 - Bophuthatswana, leerlinginskrywing vir substanderd A tot standerd 3 vir verskillende jare	148
Tabel 4.4.2 - Bophuthatswana, leerlinginskrywing vir standerd 3 tot vorm I vir verskillende jare	149
Tabel 4.4.3 - Bophuthatswana, leerlinginskrywing vir vorm I tot vorm V vir verskillende jare	151

## HOOFSTUK I

## ORIENTERENDE INLEIDING

1.1 Inleiding

In 'n ontwikkelende land soos Bophuthatswana, is 'n doeltreffende onderwysstelsel een van die belangrikste bydraende faktore tot volgehoue ontwikkeling. Dit sluit nie alleen die geheelontwikkeling van die land in nie, maar ook die individuele ontwikkeling van elke landsburger.

Die onderwys van 'n land is egter ook 'n duur onderneming en daarom is dit des te meer noodsaaklik dat voortdurende pogings aangewend moet word om die onderwys so doeltreffend moontlik te maak. Dit beteken dat beplande ontwikkeling, wat wetenskaplike ondersoek ten opsigte van vele aspekte rakende die nasionale volkshuishouding vereis, ook beplanning van 'n doeltreffende onderwysstelsel sal insluit.

Die Navorsingseenheid vir Onderwysstelselbeplanning van die Departement van Historiese en Vergelykende Opvoedkunde van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (hierna NEOB genoem) onderneem tans 'n navorsingsprogram toegespits op die wetenskaplike hantering van die beplanning van onderwysstelsels van enkele ontwikkelende lande in Suider-Afrika. Bophuthatswana is een van die ontwikkelende lande wie se onderwysstelsel by NEOB se navorsingsprogram ingesluit word. Hierdie studie oor die huidige situasie en behoeftes van die onderwysstelsel van Bophuthatswana vorm 'n integrale deel van NEOB se navorsing oor riglyne vir die beplanning van 'n doeltreffende onderwysstelsel.

1.2 Probleemstelling

'n Doeltreffende onderwysstelsel wat ingestel is op die globale ontwikkeling van die volk se onderwys- en opleidingspeil, impliseer nie slegs doeltreffende algemene opvoeding en geletterdheid nie, maar dat die behoeftes aan mannekrag vir ontwikkeling ook in aanmerking geneem word.<sup>1</sup>

---

1. Kyk De Villiers, G. v.N., 'n Onderwysstelsel vir Qwaqwa. 'n Studie betreffende Onderwysstelselbeplanning, p.2.



"Namate 'n land ekonomies ontwikkel, ontstaan daar 'n behoefte aan 'n verskeidenheid van vaardighede. Hierdie vaardigheidsamestelling word onder andere deur opleiding van die werker daargestel wat gedeeltelik in die onderwyspeilsamestelling van die globale arbeidsmag weerspieël word."<sup>2</sup>

Binne die bovermelde raamwerk behoort die onderwysstelsel op elke terrein van die volkshuishouding te funksioneer. "Dit staan dus nie alleenlik in diens van byvoorbeeld die ontwikkeling van die landseksonomie en die ontplooiing van 'n arbeidsmag nie, maar is ook intensief gemoeid met die kulturele opbou en beskawingshandhawing van die betrokke samelewing."<sup>3</sup>

Bophuthatswana beskik reeds oor 'n eie onderwysstelsel maar die vraag ontstaan of dié onderwysstelsel die vermoë het om die Batswana van Bophuthatswana doeltreffend te bedien. Om dit te kan evalueer is die gegewens wat in hierdie studie vervat word, binne die gebied en van uit 'n verskeidenheid van ander bronne versamel. Weens die komplekse aard van 'n onderwysstelsel word aanspraak op volledigheid nie gemaak nie.

### 1.3 Die doel van die studie

Enkele beperkte studies oor aspekte van die onderwys van Bophuthatswana is in die verlede gedoen. Hierdie studies was óf histories van aard<sup>4</sup> óf is werke<sup>5</sup> waarin sekere aspekte van die onderwysstelsel van Bophuthatswana behandel word, of waarin die onderwysituasie oorsigtelik beskryf word. 'n Selfstandige studie van die huidige onderwysituasie in Bophuthatswana is derhalwe nodig.

- 
2. Vermaak, D., Onderwysstelselbeplanning in die huidige tydsgewrig, in Die Skoolblad. Oktober 1974, p.4.
  3. De Villiers, G. v.N., op.cit., p.2.
  4. Bv. Moloto, E.S. ed., A survey of the Development of Education among the Batswana of Bophuthatswana, Mafeking Mail (Pty) Ltd, Mafeking, 1972.
  5. Woudstra, M.W., Tegniesgeoriënteerde Skoolonderwys vir Bophuthatswana, D.Ed. tesis, Universiteit van Suid-Afrika, November 1977.  
Ook Lenyai, S.M., A comparative study of some problems encountered in teacher education in Bophuthatswana an Botswana, M.Ed.verhandeling, Universiteit van die Noorde, Desember 1977.  
Ook Rupert, R.M., Opvoeding en Opleiding, in Moolman, J.H. en Leistner, G.M.E., Bophuthatswana: Hulpbronne en Ontwikkeling, deel 2. Mededeling van die Afrika-instituut no.27, Pretoria, 1975.  
Ook BENBO, Bophuthatswana at Independence, Pretoria, 1977.  
Ook BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, Pretoria, 1975.

Die doel van hierdie studie kan kortliks soos volg geformuleer word:

- om die historiese verloop van gebeure weer te gee wat tot die huidige onderwysstelsel in Bophuthatswana gelei het;
- om 'n situasiebepaling aangaande die huidige stand van onderwys en opleiding in Bophuthatswana te doen;
- om bestaande en toekomstige behoeftes aan onderwys en opleiding in Bophuthatswana aan te toon;
- om op grond van die bestaande behoeftes sekere prioriteite aan te toon wat tot 'n verbetering van die huidige onderwysstelsel kan lei.

Laasgenoemde is slegs 'n eerste fase wat opgevolg moet word deur gedetailleerde beplanning wat voortdurende dieptenavorsing vereis. Die kern-doelwit van hierdie studie is dus om inligting oor die onderwysstelsel van Bophuthatswana te verskaf en breë riglyne neer te lê wat as grondslag vir toekomstige onderwysstelselbeplanning kan dien. Gedetailleerde, doeltreffende onderwysstelselbeplanning sal nie alleen die onderwys- en ontwikkelingspeil van die bevolking gunstig bevorder nie, maar sal ook daartoe bydra om die Batswana van Bophuthatswana tot 'n selfvoorsienende en selfonderhoudende volk saam te snoer.

#### 1.4 Terreinafbakening

'n Onderwysstelsel is veel meer as 'n skolestelsel. 'n Skolestelsel het slegs met formele en georganiseerde skool-onderwys te doen,<sup>6</sup> terwyl 'n onderwysstelsel 'n vervlegting van sosiale strukture is.<sup>7</sup> 'n Onderwysstelsel is "..... in wese 'n enkaptiese vervlegtingstruktuur waarin die skool, as kern van die onderwysstelsel met ander belanghebbende samelewingsverbande soos

6. Vgl. Vermaak, D., Onderwysstelselbeplanning deur enkele internasionale organisasies, in Nel, B.F. red., Onderwysstelselbeplanning vir die toekoms, p.16.

7. Vgl. Ruperti, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p.4.

huis, kerk en staat saamwerk tot onderwysende opvoeding van die opvoedeling."<sup>8</sup>

'n Onderwysstelsel sluit die volgende in: "die wetlike grondslag, die uitvoering van wetgewing (waaronder die onderwysadministrasie en die skolestelsel resorteer), die toesighouding oor die uitvoering van wetgewing en, uiteindelik, beplanning, wat uit navorsing, beraadslaging en beslissing of beleidsbeplanning bestaan en tot nuwe wetgewing kan lei."<sup>9</sup> By elkeen van hierdie vier aspekte van die onderwysstelsel, naamlik die wetlike, uitvoerende, toesighoudende en beplannende is daar spesiale liggame of individue betrokke wat 'n organisasie vorm waarbinne die onderwys en opvoeding plaasvind. Hierdie organisasie en sy funksionering is in 'n belangrike mate medebepalend van die aard van die onderwys en opvoeding wat daar plaasvind.<sup>10</sup>

'n Onderwysstelsel is ook onlosmaaklik verbonde aan die kultuur van 'n gemeenskap, volk of nasie. "Sonder kultuur, hoe primitief ook al, is daar geen opvoeding nie en sonder opvoeding, hoe primitief ook al, geen kultuur en geen gemeenskap nie."<sup>11</sup> As 'n vervlegte samelewingsverband staan dit in 'n sekere verhouding tot alle natuurlike en kulturele aspekte van die werklikheid, en kan gevolglik nie los van die natuurlike en kulturele vergestaltende faktore verstaan word nie.<sup>12</sup> Soos alle samelewingsverbande ontsluit die onderwysstelsel onder leiding van die grondmotiewe van die betrokke volk. "As deel van die volkskultuur word dit onder normale omstandighede deur dieselfde vergestaltende faktore onder leiding van dieselfde grondmotiewe as die res van die volkskultuur gevorm."<sup>13</sup>

- 
8. Van Schalkwyk, M.J., Die Onderwysstelsel vir Kleurlinge in die Republiek van Suid-Afrika, p.1.
  9. Ruperti, R.M., Beplanning van Onderwysstelsels in Suider-Afrika, in Instituut vir Eietydse Geskiedenis (U.O.V.S.), Onderwysbeplanning, Huidige Toestand en Toekomsbehoefte, Seminaarreks. 1974, p.78.
  10. Kyk ibid., p.79.
  11. Ruperti, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p.3.
  12. Kyk Ruperti, R.M., Beplanning van Onderwysstelsels in Suider-Afrika, ..... , p.79.
  13. Loc.cit.

'n Studie van 'n onderwysstelsel behoort derhalwe haas elke lewensterrein van die volkshuishouding te dek. Weens die omvangryke aard van 'n onderwysstelsel is hierdie studie beperk tot slegs enkele aspekte van die onderwysstelsel van Bophuthatswana. Dit word in drie hoofafdelings onderverdeel, naamlik:

- 'n beskrywing van die historiese verloop van gebeure op onderwysgebied in Bophuthatswana wat uiteindelik gelei het tot eie beheer oor die onderwys;
- 'n situasiebepaling van die huidige stand van die georganiseerde onderwys en opleiding in Bophuthatswana;
- 'n bepaling van sekere behoeftes wat op onderwysgebied bestaan as gevolg van probleme wat ondervind word, en voorstelle ter beter bevrediging van dié behoeftes.

Aan elkeen van hierdie hoofafdelings word 'n hoofstuk gewy, terwyl in die slothoofstuk sekere kernaspekte herbelig en enkele kernaanbevelings ter verbetering en vernuwing van die huidige onderwysstelsel gedoen word.

#### 1.5 Metode van ondersoek

Die studie van onderwysstelsels val binne die terrein van die Vergelykende Opvoedkunde. In die studie van onderwysstelsels kan twee studiemetodes onderskei word, naamlik area- of gebiedstudies (nie-vergelykende studies) en vergelykende studies. Eersgenoemde is 'n analise, beskrywing of evaluering van 'n onderwysstelsel in een of meer lande (gebiede), of van bepaalde aspekte of probleme daarvan sonder dat werklike vergelyking plaasvind.<sup>14</sup> Vergelykende studies hierteenoor is 'n ondersoek waartydens onderwysgegevens van een land met dié van 'n ander land of lande vergelyk word, of vergelykende studies van dieselfde land waartydens gegevens van verskillende tye met mekaar vergelyk word.<sup>15</sup>

14. Vgl. Idenburg, Ph. J., Inleiding tot de Vergelykende Opvoedkunde, p.15.

15. Vgl. ibid., p.18.

In albei bovermelde studiemetodes kan 'n integrerende benaderingswyse gevolg word in welke geval die betrokke onderwysstelsel na aanleiding van sy karakteristieke eienskappe in totaliteit beskryf, geanaliseer, geëvalueer en, indien twee bestudeer word, ook vergelyk word.<sup>16</sup> Wanneer so 'n totaliteitstudie van slegs een gebied of land gedoen word, is dit 'n gebiedstudie waar die vergelykende element slegs 'n beskeie rol speel. Wanneer 'n omvattende studie van die onderwysstelsel van twee of meer lande gedoen word en daar vind 'n vergelyking plaas, is dit 'n vergelykende studie.

In albei studiemetodes kan daar egter ook van 'n benaderingswyse gebruik gemaak word waarvolgens slegs sekere aspekte of probleme van 'n onderwysstelsel of -stelsels ondersoek word, maar altyd teen die agtergrond van die hele onderwysstelsel.<sup>17</sup> Ook hier kan 'n nie-vergelykende (gebiedstudie) of 'n volwaardige vergelykende studie gemaak word.

Na aanleiding van bogenoemde kan die onderhawige studie tipeer word as 'n gebiedstudie volgens die integrerende benaderingswyse. Omdat 'n totaliteitstudie van die onderwysstelsel van Bophuthatswana nie gedoen is nie, sal die benaderingswyse wat in hierdie studie gebruik word egter nie volkome integrerend wees nie. Hierdie studie poog nie om die onderwysstelsel van Bophuthatswana met ander onderwysstelsels te vergelyk nie. Dit is egter nie moontlik om 'n metode of benaderingswyse waterdig af te sonder nie, en daarom word daar tog ook enkele vergelykings getref.

In die gedeelte van die studie wat handel oor die geskiedenis van onderwys in Bophuthatswana word daar hoofsaaklik van 'n literatuurstudie van sekondêre bronne gebruik gemaak.

In die oorblywende gedeeltes van die studie word daar van die volgende metodes van ondersoek gebruik gemaak:

- primêre bronne wat hoofsaaklik bestaan uit departementele publikasies, omsendbriewe, jaarverslae van die Departement van Bantoe-onderwys van

---

16. Kyk ibid., pp.15 en 18.

17. Kyk ibid., pp.17 en 18.

die afgelope nege jaar sedert die ontstaan van 'n eie Departement van Onderwys in Bophuthatswana in 1969, en al die jaarverslae tot 1976 van Bophuthatswana se Departement van Onderwys;

- sekondêre bronne wat veral handel oor die onderwysstelsels van ontwikkelende lande;
- onderhoude, oorlegpleging en gesprekke met talle belanghebbende persone;
- vooruitskattings van leerlinggetalle deur NEOB.

In die versameling van statistiese gegewens oor die onderwys in Bophuthatswana is belangrike verskille gevind in die syfers soos vervat in die jaarverslae van die Departement van Bantoe-onderwys en dieselfde syfers soos vervat in die jaarverslae van Bophuthatswana se Departement van Onderwys. In hierdie studie is sover moontlik van die statistiese gegewens van die Departement van Bantoe-onderwys gebruik gemaak omdat dit vir doeleindes van vergelyking oor 'n langer periode strek as dié wat vervat is in die jaarverslae van Bophuthatswana se Departement van Onderwys. Toekomstige navorsing sal hierdie verskille in statistiese gegewens in ag moet neem.

#### 1.6. Samevatting

'n Gebiedstudie van die onderwysstelsel van Bophuthatswana is onderneem wat dit ten doel het om inligting te verskaf en breë riglyne neer te lê wat as grondslag vir toekomstige onderwysstelselbeplanning kan dien. Omdat 'n doeltreffende onderwysstelsel 'n belangrike bydraende faktor tot volgehoue ontwikkeling van 'n land is, word gepoog om te bepaal of die onderwysstelsel van Bophuthatswana die vermoë het om die Batswana doeltreffend te bedien. Weens die omvangryke aard van 'n onderwysstelsel word geen aanspraak op volledigheid gemaak nie.

## HOOFSTUK II

## DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS IN BOPHUTHATSWANA

2.1 Die land en sy mense

Bophuthatswana, die land van die Batswana binne die Republiek van Suid-Afrika, bestaan uit ses afsonderlike gebiede wat hoofsaaklik deur Tswana-sprekende mense bewoon word. Die ses gebiede lê verspreid in die Oranje-Vrystaat, Noord-Kaapland en die Wes-Transvaal. Die gebiede strek vanaf Thaba'Nchu in die suide tot by Shupingstad noord van Zeerust in die noorde, en vanaf Kuruman en omgewing in die weste tot by Makapanstad noord van Pretoria in die ooste.<sup>1</sup> Die totale oppervlakte van die ses gebiede is 4 043 000 ha wat dit, na die Transkei (4 501 000 ha), die tweede grootste Bantoegebied binne die Republiek van Suid-Afrika maak.<sup>2</sup>

Die totale bevolking van Bophuthatswana met die bevolkingsensus van 1970 word in tabel 2.1.1 aangetoon.<sup>3</sup>

Tabel 2.1.1 - BEVOLING VAN BOPHUTHATSWANA, 1970

Besonderhede	Bevolking		Totaal
	Manlik	Vroulik	
Batswana	269 600	327 140	596 740
Xhosa	15 440	11 920	27 360
Zoeloe	8 980	11 080	20 060
Suid-Sotho	10 740	13 340	24 080
Noord-Sotho	32 120	34 000	66 120
Shangaan	25 720	29 820	55 540
Ander Bantoe etniese groepe	31 900	36 800	68 700
Vreemde Bantoe	16 560	1 980	18 540
<b>BANTOE BEVOLKING</b>	<b>411 060</b>	<b>466 080</b>	<b>877 140</b>
Blank	943	953	1 896
Kleurling	612	619	1 231
Indiër	24	21	45
<b>TOTAAL</b>	<b>412 639</b>	<b>467 673</b>	<b>880 312</b>

1. Vgl. Moloto, E.S. ed., A Survey of the Development of Education among the Batswana of Bophuthatswana, p.5.
2. Kyk Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling (BENBO), Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.23.
3. Kyk BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.18.

Uit tabel 2.1.1 blyk dit dat die belangrikste nie-Tswana in Bophuthatswana die Noord-Sotho's en Shangaans is en dat Xhosas, Suid-Sotho's en Zoeloes ook in betekenisvolle getalle teenwoordig is. Die multi-nasionale konsentrasies kom slegs voor in gebiede wat aan ekonomiese konglomerasies in die Blanke gebiede grens.<sup>4</sup> Die 596 740 Batswana binne Bophuthatswana maak slegs 35,5 persent van die totale Tswana-bevolking uit. Die totale Tswana-bevolking met die bevolkingsensus van 1970 word aangetoon in tabel 2.1.2.<sup>5</sup>

TABEL 2.1.2 - TOTALE TSWANA-BEVOLKING, 1970

Besonderhede	Manlik	Bevolking Vroulik	Totaal
Tswana in Bophuthatswana	269 600	327 140	596 740
Tswana in ander tuislande			
-Lebowa	3 820	5 260	9 080
-Ander tuislande	580	700	1 280
Tswana in Blanke gebiede	539 360	533 460	1 072 820
TOTAAL	813 360	866 560	1 679 920

By die interpretasie van bogenoemde syfers moet in gedagte gehou word dat 'n deel van die Tswana-bevolking wat afwesig is uit Bophuthatswana, slegs tydelik afwesiges is wat op kontrak in Blanke gebiede werk, en wat na afloop van die kontrak weer na hul tuistes terugkeer. Die persentasie afwesiges is besig om af te neem veral na die instelling van pendelverkeer in die jare sestig. Die afwesigheidskoeffisiënt van Tswanamans het afgeneem van 20,6 persent in 1960 tot 9,6 persent in 1970.<sup>6</sup>

Die Batswana van Bophuthatswana bestaan uit 'n groot aantal stamme waarvan die volgende 6 van die belangrikste is:<sup>7</sup>

- (i) Die Batlhaping met sy hoofkwartier te Taung, maar ook verspreid in Kuruman en omgewing.

4. Vgl. BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.19.

5. Kyk ibid., p.18.

6. Vgl. BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.31.

7. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., p.5.

Ook: Samevatting van die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (Thomlinson-verslag), U.G. 61/1955, p.241 nr.5.

Ook: Lekhela, E.P., The Origin, Development and Role of Missionary Teachers-training Institutions for the Africans of the North-Western Cape (An Historical-Critical Survey of the period 1850 - 1954), pp.36-39.



- (ii) Die Bahurutshe noord van Zeerust rondom Shupingstad,
- (iii) Die Bakgatla noord van Pretoria te Makapanstad, met ander groepe in die omgewing van Rustenburg en Saulspoort,
- (iv) Die Bakwena in die omgewing van Swartruggens,
- (v) Die Barolong, onderverdeel in die Seleka Barolong van Thaba'Nchu, die Rratlou Barolong noordwes van Vryburg by Ganyesa, die Tshidi Barolong van Mafeking en omgewing, en die Rrapulana Barolong in die omgewing van Maretshane,
- (vi) Die Batlhwane (Batlharo) in die gebied noord van Kuruman.

Dit is onder 3 van hierdie stamme, naamlik die Batlhaping, die Batlharo en die Barolong dat die eerste werklik formele onderwys gevind word; daaraan toe te skryf dat hulle die mees suidelike gedeeltes van die gebied bewoon het.

## 2.2 Die beginjare van formele onderwys (1813 - 1835)

Met formele onderwys word bedoel: onderwys in 'n skoolsituasie, en nie die informele, tradisionele onderrig wat die Tswanakind van sy ouers, familie en "leermeesters" ontvang het in die geskiedenis, wette, gebruike en lewenswyse van sy stam nie.<sup>8</sup> Die 6 streke van Bophuthatswana het eers met die konsolidasie van 1975 hul huidige beslag gekry. Wanneer daar hieronder verwys word na onderwys in Bophuthatswana, sal soms melding gemaak word van gebiede wat tans buite Bophuthatswana lê. Dit is egter slegs die geval met gebiede wat baie naby die huidige Bophuthatswana lê en waar die skoolbevolking hoofsaaklik Batswana was.

Die vroeë geskiedenis van formele onderwys in Bophuthatswana is, soos ook in ander Bantoegebiede van Suid-Afrika, onlosmaaklik verbind met die geskiedenis van die Sending. Dit is by die sendingstasies van die verskillende sendinggenootskappe dat die Batswana vir die eerste keer formele onderwys ontvang het.<sup>9</sup> Sendingwerk het ook onderwys ingesluit omdat alle Protestante Kerke dwarsoor die wêreld dit noodsaaklik ag dat alle lidmate direkte toegang tot die Bybel sal hê deur dit self te kan lees en te ondersoek. Maar die kerstening van die Bantoe het ook veel meer behels as net die verkondiging van die Woord en die leer lees daarvan. Die sendelinge het die opvoedingstaak veel verder gevoer deur in hul volgelinge

8. Vir 'n uiteensetting en evaluering van hierdie tradisionele, informele onderwysstelsel kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.17 - 27.

9. Vgl. ibid., p.36.

se lewenspatroon in te gryp om hulle op soveel as moontlik gebiede tot die lig van kennis en beskawing te bring. Daarom dan ook dat Christendom en opvoedende onderwys vir die Bantoe sinoniem geword het. Lekhela stel dit soos volg: "For the Bantu education was Christianity an Christianity was education".<sup>10</sup>

Die eerste sendinggenootskap wat onder die Batswana begin werk het, was die Londense Sendinggenootskap wat reeds in 1813 te Taung 'n onsuksesvolle poging aangewend het om 'n sendingpos te stig.<sup>11</sup> Die rede vir die mislukking kan gevind word in 2 algemene probleme waarmee alle sendinggenootskappe gedurende hierdie tydperk te kampe gehad het:

- (i) Die periode 1813 - 1835 was ".....the years of violent emotions, of inter-tribal wars, with their accompaniments of famine and pestilence....."<sup>12</sup>  
Dit was 'n periode van bloedige oorloë tussen stamme, en die Batswana is verder ook verstrooi in hul vlug voor die hordes van Mzilikazi.
- (ii) Die sendelinge het, veral in die begin, van die standpunt uitgegaan dat die inheemse godsdiensoorme onmiddellik vervang moet word met die Christelike geloof. Alle heidense gebruike en gewoontes moes dadelik ontwortel en uitgewis word. Daar was derhalwe geen aanpassing van die sending se kant by die bestaande, diepgewortelde kulturele gebruike van die Batswana nie.<sup>13</sup> Daar is nie besef dat die aflegging van die heidense gewoontes en gebruike 'n langsame en geduldige proses is nie. Soos verwag kon word, is die eerste sendingpogings begroet met 'n gees van onverskillige belangloosheid en soms ook haat.<sup>14</sup>

Die mees suksesvolle sendingpoging onder die Batswana deur die Londense Sendinggenootskap het in 1817 'n aanvang geneem toe Robert Hamilton 'n sendingpos te Dithakong, 80 km ten noorde van Kuruman, onder die Batlhaping van kaptein Mothibi begin het.<sup>15</sup> In 1819 het kaptein Mothibi en sy mense Dithakong (toe bekend as Lattakoo) verlaat en verhuis na 'n plek ongeveer 17 kilometer noord-noordwes van Kuruman nou bekend as Maruping. Hulle het die plek Nuwe Lattakoo genoem.<sup>16</sup> In 1820 het Robert Moffat by Hamilton aangesluit en hulle

10. Ibid., p.36.

11. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., p.6.

12. Crisp, W., The Bechuana of South Africa, p.46.

13. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), p.35.

14. Vgl. ibid., p.36.

15. Kyk Thompson, H.C., Die Kuruman Sending, p.3.

Ook: Breutz, P.L., The Tribes of the Districts of Kuruman and Postmasburg, p.72.

16. Vgl. Thompson, H.C., op.cit., p.3.

het begin om 'n nuwe permanente sendingstasie te bou by Seeding ( $\pm$  5 kilometer vanaf Kuruman), op grond wat deur die Londense Sendinggenootskap van Mothibi gekoop is.<sup>17</sup> In 1824 is die eerste tydelike kerk en skool oëgerig en is daar, vir die eerste keer in die geskiedenis, ernstig begin met onderwys onder die Batswana.<sup>18</sup>

Op die eerste Sondag van Julie 1829 is die eerste 10 bekeerlinge aangeneem, en aangevuur deur hierdie langverwagte resultate is besluit om 'n nuwe permanente kompleks te bou. Die werk is in 1831 begin en het bestaan uit onder andere 'n kerk, drukpers, woonhuise, en 'n skool waarvan 'n gedeelte nog in 1952 as 'n klaskamer gebruik is.<sup>19</sup> Intussen het Moffat ook Setswana aangeleer en begin om die taal op skrif te stel en die eerste skoollesse is op die drukpers gedruk.<sup>20</sup>

Gedurende hierdie tydperk (1813 - 1835) het die Wesleyaanse Sendinggenootskap ook tot die sendingpoging onder die Batswana toegetree in die persone van Samuel Broadbent en Thomas Hodgson wat in 1822 by Makwassie in die Wes-Transvaal aangekom het om onder die Seleka Barolong van Kaptein Sefunelo te arbeid.<sup>21</sup> Broadbent word kort hierna deur James Archbell vervang, maar daar kom niks blywends tot stand nie omdat die Barolong suidwaarts trek om weg te kom van die Matebele. Die sendelinge trek saam en by Platberg naby die huidige Warrenton kom die stam lank genoeg tot rus sodat 'n skool in 1826 gestig kon word.<sup>22</sup> Platberg het hierna 'n toevlugsoord vir ander vlugtende Barolongstamme geword en teen 1833 was daar reeds 13 000 mense.<sup>23</sup> Teen hierdie tyd was die Seleka Barolong egter nie meer daar nie, want hulle het voortgetrek tot by Thaba Nchu waar hulle teen 1832 aangekom het. Archbell en Hodgson was nog steeds by hulle en stig in 1833 'n sendingstasie wat tot na 1850 goeie werk gedoen het.<sup>24</sup>

Ook die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap het in 1829 sendelinge na Suid-Afrika gestuur wat uiteindelik in 1831 by Mosega in die Transvaal onder die Bahurutshe aangekom het.<sup>25</sup> Die sendelinge, Samuel Roland, Prosper L'Emue en Jean Pierre Pellisier is egter onsuksesvol in hul poging om 'n sendingstasie te stig, want kort na hul aankoms word hul lewens deur Mzilikazi bedreig en

17. Vgl. ibid., pp.3-4.

18. Vgl. Breutz, P.L., op.cit., p.72.

19. Kyk Thompson, H.C., op.cit., p.4.

20. Kyk ibid., p.4.

21. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., pp.7-8.

22. Vgl. ibid., p.8.

23. Vgl. Lekhela, E.P., The Origin, Development and Role of Missionary Teacher Training Institutions for the Africans of the North-Western Cape, p.67.

24. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.8.

25. Kyk loc.cit.

vlug hulle na Kuruman.<sup>26</sup> Hulle stig in 1832 'n sendingstasie te Motito tussen Vryburg en Kuruman onder die Rratlou Barolong, en nadat Pellisier en Roland na Basoetoland vertrek het, gaan L'Emue voort met die werk en stig ook 'n skool waar die Barolong geleer word om die Nuwe Testament te lees.<sup>27</sup>

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar in die periode 1813 tot 1835 van onderwys onder die Batswana maar weinig sprake was. Die belangrikste feit is dat daar 'n begin gemaak is en dat fundamente gelê is, veral deur Robert Moffat, waarop daar in die jare wat sou kom, voortgebou is. Die vernaamste kenmerk van hierdie vroeë onderwys was dat dit in die geheel beheer en gefinansier is deur die verskillende sendinggenootskappe, en dat die onderwys alleen maar uit die basiese elementêre onderrig van leer lees en skrywe bestaan het.

### 2.3 Ontwikkeling gedurende die periode 1836 tot 1855

Gedurende 1839 kom die eerste Departement van Onderwys in die Kaapkolonie tot stand en word die eerste Superintendent-generaal van Onderwys (J. Rose-Innes) aangestel. Hiermee kom ook die begin van staatsondersteunde onderwys vir die Bantoe, want die sendingskole kom nou onder die beheer van die Superintendent-generaal van Onderwys.<sup>28</sup> In 1841 word staatshulp aan sendingskole beskikbaar gestel in die vorm van finansiële toelaes vir onderwysers. In hierdie staatsondersteunde skole verkry die Superintendent-generaal die reg tot inspeksie, die Engelse taal moes 'n skoolvak wees, godsdiensonderrig moet in ooreenstemming met die Woerd van God wees, ander vakke aangebied moet in ooreenstemming wees met die elementêre kursus in staatskole en die skole moet vir almal oopgestel word.<sup>29</sup>

Hierdie hulp is nie uitgebrei tot skole noord van die Oranjerivier gedurende die periode 1836 tot 1855 nie, omdat die dele van Bophuthatswana wat in Noordwes-Kaapland geleë is, teen hierdie tyd nog nie amptelik deel van die Kaapkolonie was nie. Gevolglik het die reeds bestaande

26. Kyk ibid., pp.8-9.

27. Kyk ibid., p.9.

28. Kyk Behr, A.L., Macmillan, R.G., Education in South-Africa, p.378. Ook: Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), p.42.

29. Kyk Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., p.378.

sendingstasies maar op eie inisiatief voortgegaan en nuwes wat bygekom het, moes ook self in al hulle behoeftes voorsien.

Te Kuruman het die sendingstasie onder die bekwame leiding van Moffat van krag tot krag gegaan. Dit het die middelpunt van die Londense Sendinggenootskap in die noorde van Suid-Afrika geword en hiervandaan is verskeie reise onderneem en nuwe sendingstasies en skole gestig. So byvoorbeeld het David Livingstone in 1841 by Moffat aangesluit en saam met Roger Edwards in 1843 'n sendingstasie te Mabotsa onder die Bakgatla gestig. In 1846 het Livingstone Mabotsa in die hande van Edwards gelaat en na Tshwenyane vertrek om onder die Bakwena te werk.<sup>30</sup>

In die omgewing van Kuruman te Batlharos is 'n tweede skool gestig wat reeds in 1848 bestaan het. In die twee skole in die omgewing van Kuruman was daar teen 1848 reeds 115 leerlinge wat hoofsaaklik Batlhapinge en Batlharos was.<sup>31</sup> Die Londense Sendinggenootskap het ook weer probeer om die sukkellende sendingstasie te Taung op gesonde voet te kry, en in 1843 het eerwaarde Ross aangebied om te help. Hy was nie baie welkom by die kaptein nie en het uiteindelik op Griekwastad gaan woon en die sendingstasie te Taung vandaar bestuur, maar sonder veel sukses.<sup>32</sup>

Die bedrywigheede van die Londense Sendinggenootskap het tot gevolg gehad dat daar 'n al groter vraag na onderwysers en evangeliste ontstaan het en gevolglik het Isaac Ashton, onder aanmoediging van Moffat, vanaf 1849 tot 1851 die eerste poging aangewend om onderwyser-evangeliste te Kuruman op te lei.<sup>33</sup> Alhoewel hierdie poging nie baie suksesvol was nie omdat die Bantoes dit moeilik gevind het om mede-Bantoes as leermeesters te aanvaar, moet die poging tog as 'n mylpaal gesien word omdat die kwaliteit van die onderwysers wat opgelei is besonder hoog aangeslaan is.<sup>34</sup>

Intussen het Moffat se Setswana-vertaalwerk onverpoos voortgegaan en teen 1848 was die Nuwe Testament, die Psalms en "The Pilgrim's Progress" reeds in

30. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.7.

31. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), p.47.

32. Kyk ibid., p.52.

33. Kyk ibid., p.48.

34. Kyk ibid., pp.48-49.

Setswana vertaal en gedruk. Teen 1857 was die hele Bybel in Setswana vertaal en skoollesse in Setswana is gereeld op die drukpers gedruk.<sup>35</sup>

Die Wesleyaanse Sendinggenootskap het ook sy werk gedurende hierdie periode voortgesit. Dit was veral by Thaba'Nchu onder die Seleka Barolong dat die mees betekenisvolle werk gedoen is. Daar is onder andere 'n groot kerk gebou en verskeie skole is in die omgewing gestig. Om die werk te bespoedig is 'n drukpers bekom waarop onderwysmateriaal vir die Barolong gedruk is.<sup>36</sup> Hierdie genootskap het later ook sy werk uitgebrei na Noord-Kaapland en Wes-Transvaal.

Die skool wat die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap in 1832 te Motito onder die Rratlou Barolong gestig het, is voortgesit en die leerlinge het onder andere 'n Setswana Gesangeboek gebruik, maar teen 1848 was Motito feitlik verlate as gevolg van die Barolong se nomadiese gewoonte en het die werk tot stilstand gekom.<sup>37</sup> Intussen is daar ook in die omgewing van Mafeking te Setlagole deur L'Emue 'n skool geopen, maar omdat daar geen inwonende sendeling was nie, was dit nie baie suksesvol nie.<sup>38</sup>

Behalwe die reeds gevestigde sendinggenootskappe wat gedurende hierdie tydperk onder die Batswana gewerk het, het ander genootskappe ook hul verskyning gemaak. Van hulle was die Berlynse Sendinggenootskap een van die belangrikste. Hoewel hul opdrag oorspronklik was om 'n sendingstasie onder die Batswana te stig, is die eerste sendingstasie in 1834 te Bethanie onder die Korannas gestig.<sup>39</sup> Nadat eerwaarde Wuras in 1836 by Bethanie aangekom het, is die saantrekkery met die nomadiese Korannas egter gestaak en is daar gekonsentreer op die Barolongfamilies wat 90 persent van die permanente inwonertal van Bethanie uitgemaak het. Die gevolg was dat Bethanie ontwikkel het in een van die mees suksesvolle sendingstasies vir die Barolong in die Oranje-Vrystaat.<sup>40</sup>

Die Berlynse Sendinggenootskap het egter nog 'n poging aangewend om die Korannas te bearbei met die stigting van 'n sendingstasie te Priël langs die

35. Kyk ibid., p.51.

36. Kyk Moloto, E.S. ed.; op.cit., p.17.

37. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.56-57.

38. Kyk ibid., p.57.

39. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.9.

40. Vgl. ibid., pp.9-10.

Vaalrivier in 1845.<sup>41</sup> Hierdie poging was so suksesvol dat dit opgevolg is deur die opening van 'n sendingskool in 1848 vir die Koranna- en Batlhapingstamme van die omgewing. Meer as 100 kinders is deur Karl Mayer en broer Kallenberg ingeskryf, en die kurrikulum het onder andere ingesluit Bybellesse, gesange en spreuke, terwyl daar ook 'n begin gemaak is met lees, skryf en rekene.<sup>42</sup>

Ander genootskappe het ook probeer om gedurende hierdie periode sendingwerk onder die Batswana te doen, maar met weinig sukses. So byvoorbeeld het die "American Board of Commissioners for Foreign Missions" in 1836 te Masega, toe die hoofkwartier van Mzilikazi, maar eintlik in die gebied van die Bahurutshe, aangekom om 'n sendingstasie te stig. Mzilikazi het egter nie met hulle saamgestem nie en na Kapayin verhuis. Nadat 'n boerekommando met die hulp van die Barolong in 1837 vir Mzilikazi verslaan het, het die Amerikaners ook hul sendingpoging laat vaar en is uiteindelik, na 'n kort verblyf in Natal, in 1839 terug na Amerika.<sup>43</sup>

Ook die "Church Missionary Society" het, in die persoon van eerwaarde Owens, gedurende Desember 1839 probeer om 'n sendingstasie te Masega onder die Bahurutshe te stig, maar omdat die gebied feitlik ontvolk is nadat die Matabele verslaan is, het ook hy sy vrugtelose poging in Oktober 1840 laat vaar en na Engeland teruggekeer.<sup>44</sup>

Die doelstellings, kurrikulum, metode van onderrig, beheer en finansiering van die sendingonderwys van al die bogenoemde sendinggenootskappe was soos volg:

- (i) Doelstellings: Die doelstellings van sendingonderwys gedurende hierdie periode was uiters utilisties.<sup>45</sup> Die sendelinge het uitgegaan om bekeerlinge te maak wat weer op hulle beurt kon help om ander te bekeer. Die skool is derhalwe gesien as 'n werktuig wat daartoe kon bydra om die Evangelie beter te verkondig.

41. Vgl. ibid., p.10.

42. Vgl. loc.cit.

Ook: Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1847), pp.55-56.

43. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., pp.10-11.

44. Kyk ibid., p.11.

45. Vgl. Dodd, A.D., Native Vocational Training, pp.3-4.

Ook : Murray, A.V., The School in the Bush, p.17.

- (ii) Kurrikulum: In die lig van bogenoemde doelstellings het die kurrikulum hoofsaaklik bestaan uit Bybelstudie en die leer van geestelike liedere en gebede. Dit kon nie behoorlik gedoen word voordat die leerlinge nie kon lees en skrywe nie, en gevolglik is tale, veral Engels, Setswana en Nederlands, ook aangebied.<sup>46</sup>
- (iii) Metode van onderrig: Die metodes van onderrig wat gedurende hierdie tydperk gevolg is, is grootliks bepaal deur die vermoëns van die sendelinge. Om te leer lees is feitlik altyd gebruik gemaak van die "kyk, spel en sê" metode.<sup>47</sup> Setswana is deur sommige, veral Moffat en sy opvolgers, as medium van onderrig gebruik en hulpmiddels het bestaan uit lesse en boeke wat self gedruk is. Die voorbeeld van die onderwyser is dikwels as aansporing gebruik om leerlinge dieselfde te laat doen. Moffat het byvoorbeeld landbou beoefen en die Bantoes aangemoedig om sy metodes toe te pas.<sup>48</sup> Aangesien leerlinge wat 'n sekere standaard bereik het dikwels as onderwysers diens gedoen het, het die metodes van die onderrig soms veel te wense oorgelaat.
- (iv) Beheer en finansiering: Die staatshulp wat gedurende hierdie periode in die Kaapprovinsie ingestel is, was nie van toepassing op die skole in die gebied noord van die Oranjerivier nie, en gevolglik is alle geld deur die betrokke kerke voorsien, en het hulle ook volle beheer oor hul skole uitgeoefen.

#### 2.4 in Tydperk van ontwikkeling (1856 - 1925)

Vir die grootste gedeelte van die periode 1856 tot 1925 het die 3 provinsies waarbinne Bophuthatswana vandag lê, naamlik die Transvaal, Kaap-provinsie en die Oranje-Vrystaat, elkeen sy eie regering gehad. Eers vanaf 1925 het die Uniale Departement van Naturellesake 'n aandeel in die beheer van onderwys vir swartes begin neem.

46. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), p.59.

47. Vgl. ibid., p.60.

48. Kyk loc.cit.



#### 2.4.1 Die Transvaalse gedeelte van Bophuthatswana

Nadat eerwaarde Inglis van die Londense Sendinggenootskap in 1852 gearresteer is op 'n aanklag van hoogverraad, het dit die einde beteken van die werk van die Londense Sendinggenootskap in hierdie gebied.<sup>49</sup> Die Zuid-Afrikaansche Republiek het hierna die Hermannsburgse Sendinggenootskap uitgenooi om die werk van die Londense Sendinggenootskap oor te neem. Dit het hulle gedoen en 'n hele reeks sendingstasies gestig vanaf Pretoria tot by die westelike grens van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die hoofstasie was te Bethanie, 32 kilometer wes van Pretoria, in 'n gebied wat deur die Bakwena bewoon is.<sup>50</sup> Gedurende die jare 1864 en 1865 het hierdie genootskap ook 'n hele aantal skole by hul sendingstasies geopen.

'n Uitspruitsel van die Hermannsburg Sendinggenootskap was die "Hanoverian Free Church Mission". Hul eerste sendingstasie is in 1859 te Dinokana deur eerwaarde Zimmerman geopen, en die tweede in 1875 deur E. Wehrmann te Melorane.<sup>51</sup> Benewens hierdie 2 stasies is daar ook sendingstasies te Manoane in 1880 en in 1886 te Motswedi begin, asook 12 sendingposte in die Maricodistrik.<sup>52</sup> By die meeste van hierdie stasies is ook skole geopen en die werk het in die algemeen baie voorspoedig verloop. Die Hermannsburg Sendinggenootskap het teen 1950 reeds meer as 100 000 lidmate en meer as 37 skole gehad.<sup>53</sup>

Gedurende hierdie periode het die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook sy eerste sendingpoging in die Transvaal aangewend. Henry Gonin het in 1861 na Saulspoort naby Rustenburg gegaan en daar onder die Bakgatla gewerk tot met sy dood in 1910.<sup>54</sup> In 1881 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal amptelik besluit om sendingwerk onder die Batswana van Transvaal te doen, en na die ontdekking van goud toe baie Batswana na die goudvelde gestroom het, het baie van hulle baat gevind by enkele primêre skole wat op die goudvelde geopen is.<sup>55</sup>

---

49. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.7.

50. Kyk ibid., pp.12-13.

51. Kyk ibid., p.13.

52. Kyk loc.cit.

53. Kyk ibid., pp.27-28.

54. Vgl. Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., p.385.

55. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., pp. 14 en 28.

Alhoewel die Wesleyaanse Sendinggenootskap hoofsaaklik die Barolong van Thaba'Nchu bearbei het, het hulle tog ook waardevolle werk onder die Transvaalse gedeelte van die Batswana gedoen. So byvoorbeeld het David Magata wat teen 1886 sy opleiding te Thaba'Nchu voltooi het, waardevolle werk in die omgewing van Magaliesburg gedoen.<sup>56</sup> Ook by Makapanstad het 'n sekere Hans Aapie in 1879, met behulp van kaptein Hendrik Makapan, 'n kerk gebou waarin die kinders ook Bybellesse ontvang het en geleer het om te lees en te skrywe.<sup>57</sup> Hierdie was die eerste van 'n aantal soortgelyke kerke en skole, soos byvoorbeeld dié by Uitkyk onder die direkteurskap van eerwaarde Weavind, en dié by Khunwana wat gestig is deur Joshua Molema.<sup>58</sup>

Na die onsuksesvolle poging van eerwaarde Owens van die "Church Mission Society" om gedurende 1839 'n sendingstasie te Mosega te stig, het daar vir 25 jaar stilstand gekom in die sendingwerk van hierdie genootskap onder die Batswana van Wes-Transvaal. In 1864 het die Biskop van die Oranje-Vrystaat, A.B. Webb, die Anglikaanse gemeente van Rustenburg besoek, en hieruit ontstaan die Bantoe-Sendingkerk van St. Augustinus in Rustenburg as voortvloei- sel van private sendingwerk van eerwaarde Richardson op sy plaas in die Rustenburg distrik.<sup>59</sup> Hiermee het die werk van die "Church Mission Society" onder die Batswana in die Transvaal weer 'n aanvang geneem, en het dit ontwikkel deur die stigting van nuwe gemeentes en skole in die jare wat sou volg.

Al hierdie sendinggenootskappe moes onder die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek self voorsien in al hul fondse, want die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek het geen voorsiening gemaak vir staats-hulp aan skole vir swartes nie.<sup>60</sup> Dit het egter nie beteken dat die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek gekant was teen onderwys vir die swartes nie. Die verhouding tussen die burgers en die sendelinge was een van vriendskap, en Paul Kruger het byvoorbeeld 'n deel van sy plaas geskenk vir die oprigting van die Hermannsburg Sendingstasie te Phokeng.<sup>61</sup>

---

56. Kyk ibid., p.18.

57. Kyk loc.cit.

58. Kyk loc.cit.

59. Kyk ibid., p.14.

60. Kyk Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., p.385.

61. Kyk loc.cit.

Dit was egter eers na die Engelse Oorlog dat die regering van die nuwe Transvaalse Kolonie die eerste poging in 1903 aangewend het om sending-  
 onderwys te koördineer, te verbeter en aktief uit te brei. 'n Skema vir  
 Bantoeskole is in 1903 in die eerste Onderwysordonansie uiteengesit wat  
 voorsiening maak vir metodes van finansiële hulp en kontrole deur middel  
 van inspeksie.<sup>62</sup> W.E.C. Clarke is in dieselfde jaar as die eerste inspek-  
 teur van Bantoe-onderwys in die Transvaal aangestel en een van sy eerste  
 take was om die bestaande situasie ten opsigte van sendingskole deur middel  
 van 'n opname vas te stel. Alhoewel geen afsonderlike syfers vir die  
 Batswana beskikbaar is nie, toon hierdie opname dat daar op 31 Desember 1903  
 reeds 201 sendingskole was met 'n inskrywing van 12 660 leerlinge en 289  
 onderwysers.<sup>63</sup>

Die eerste geldelike staatshulp aan Bantoe-sendingskole is in 1904 gemaak  
 en het in totaal daardie jaar meer as R8 000 bedra.<sup>64</sup> In 1905 is 'n  
 departementele sillabus vir 'n driejarige opleidingskursus vir onderwysers  
 met standaard 3 as toelatingsvereiste gepubliseer. Die volgende vakke is  
 ingesluit: Engelse taalwerk, lees, opstelle en spelling, rekenkunde, aardryks-  
 kunde, skoonskrif, skryfbordwerk, liggaamsoefening, sang.<sup>65</sup> Die medium  
 van onderrig in alle Bantoeskole sou Engels wees sodra ".....the pupils  
 could follow instructions in it."<sup>66</sup> In 1907 is die Transvaalse Onderwyswet  
 aangeneem waarvolgens 'n Onderwysraad saamgestel is wat onder andere as taak  
 gehad het om Bantoe-onderwys verder uit te brei in die lig van die moontlikhede,  
 behoeftes en aspirasies van die Bantoe.<sup>67</sup> Hierdie Onderwysraad het bepaal  
 dat onderwys vir die Bantoe 4 wye velde moes dek, naamlik godsdienstig,  
 fisies, sosiaal, industrieel.<sup>68</sup> Die nuwe kurrikulum is egter eers na  
 Uniewording ((1910) in 1915 ingevoer.

Intussen het die regering voortgegaan met geldelike bystand aan sendingskole,  
 ook na 1910 toe onderwys na die Transvaalse Provinsiale Administrasie oorge-  
 dra is. Hierdie hulp het in 1925 reeds meer as R122 000 bedra.<sup>69</sup> Die  
 finansiële hulp het egter 'n baie swaar las op die Provinsiale Raad geplaas

62. Vgl. Rose, B., Tunmer, R., Documents in South African Education, p.218.

63. Vgl. Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., p.386.

64. Kyk Kgware, W.M., In Search of an Educational System, Professorale intree-  
 rede, Universiteit van die Noorde, 6 Oktober 1961, p.7.

65. Vgl. Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., pp.386-387.

66. Ibid., p.386.

67. Kyk Rose, B., Tunmer, R., op.cit., p.224.

68. Kyk loc.cit.

69. Vgl. Kgware, W.M., op.cit., p.7.

en in 1921 is besluit om 'n spesiale belasting op Bantoes te hef om te help voorsien in die toenemende geldelike behoefte van die onderwys.<sup>70</sup> Die Uniale Parlement het dit egter beskou as 'n oorskreiding van die magte van 'n Provinsiale Raad en het in 1922 wetgewing aangeneem wat direkte provinsiale belasting van Bantoes verbied het.<sup>71</sup> Dit het egter nie die einde beteken van direkte finansiële Bantoebydrae tot onderwys nie, want in 1925 is Wet nr. 41 deur die Uniale Parlement aangeneem wat belasting op Bantoes op uniale vlak ingestel het.<sup>72</sup> Dit lui dan ook 'n tydperk in van gesamentlike beheer van Bantoe-onderwys deur sendinggenootskappe, provinsiale administrasies en die Uniale Departement van Naturellesake.

#### 2.4.2 Die Noordkaapse gedeelte van Bophuthatswana

In die Noordkaapse gedeelte van Bophuthatswana word die periëde van 1856 tot 1925 gekenmerk deur konstante hoewel stadige groei tot ± 1910, en daarna, veral na 1920, deur vinnige groei wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan baie groter staatshulp en staatsbeheer.

Tabel 2.4.2 dui die stand van onderwys in Noord-Kaapland teen 1859 aan.<sup>73</sup>

TABEL 2.4.2 - SENDINGSKOLE, ONDERWYSERS EN SENDINGGENOOTSKAPPE IN NOORD-KAAPLAND, 1859

<u>Standplaas van skool</u>	<u>Aantal onderwysers</u>	<u>Sendinggenootskap</u>
Kuruman	5	Londense
Batlharos	1	Londense
Taung	1	Londense
Motito	1	Paryse
Setlhagole	1	Paryse
Griekwastad	2	Londense
Moruan	1	Londense
Ngoras	1	Londense
Khaigap	1	Londense
Gassiep	1	Londense
Tsantsabana	1	Londense
Pniël	1	Berlynse
Lekhatlong	1	Londense

70. Vgl. Rose, B., Tunmer, R., op.cit., p.225.

71. Vgl. loc.cit.

72. Kyk ibid., p.226.

73. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), p.62.

Uit Tabel 2.4.2 blyk dit dat die Londense Sendinggenootskap 10 van die 13 skole beheer het, met die Paryse Sendinggenootskap 2, en die Berlyne Sendinggenootskap 1. Alhoewel al hierdie skole nie binne die huidige Bophuthatswana val nie, is die meeste van hulle tog ook deur Tswana-leerlinge bygewoon.

Soos uit die tabel blyk, was Moffat se sendingskool by Kuruman verreweg die grootste met 5 van die totale 18 onderwysers. Hierdie sendingstasie het steeds gegroei en na Moffat se uittrede in 1870 na 50 jaar diens, is besluit om 'n opleidingskool vir onderwysers en evangeliste te stig wat sy naam sou dra.<sup>74</sup> Dit is gedoen en in 1871 het eerwaarde J. Mackenzie die inrigting by Shoshong (nou in Botswana) begin, maar in 1873 is dit na Kuruman verskuif en die naam gekry van die "Moffat Inrigting".<sup>75</sup> Die Moffat Inrigting was egter nie 'n groot sukses nie en het in 1897 gesluit. Verskeie redes word vir die mislukking aangevoer, soos byvoorbeeld tekorte aan personeel, geografiese ongeskiktheid van die omgewing, ensovoorts, maar Lekhela voer as vernaamste rede die volgende aan: "To the writer, however, it seems that the greatest obstacle to the progress of the Moffat Institution was the fact that the people of Kuruman - the Batlhwano - did not love learning."<sup>76</sup>

Die Moffat Inrigting was nietemin die eerste inrigting wat volwaardige onderwysersopleiding in Bophuthatswana verskaf het, en die Londense Sendinggenootskap het in direkte opvolging hiervan in 1904 by Tierkloof in die Vryburgse distrik weer 'n opleidingskool geopen wat tot 1963 waardevolle werk verrig het.<sup>77</sup> Die Tierkloof Inrigting, 10 kilometer vanaf Vryburg langs die hoofspoorlyn na Mafeking, is in 1904 deur W.C. Willoughby begin en het nie net onderwysers en evangeliste opgelei nie, maar was vir baie jare ook die enigste inrigting in Noordwes-Kaapland waar ambagsopleiding aan swartes verskaf is. Vanaf 1915 is ook meisies ingeneem en in 1916 is die koshuis vir dogters geopen.<sup>78</sup>

Alhoewel bogenoemde 2 inrigtings, naamlik Moffat Inrigting en Tierkloof, beskou kan word as die grootste bydrae van die Londense Sendinggenootskap in die

74. Vgl. Thompson, H.C., op.cit., pp.5-6.

75. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.66-67.

76. Ibid., p.71.

77. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., pp.38-39.

78. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.105-109.

periode 1856 tot 1925, is verskeie ander skole ook gestig, byvoorbeeld in die Vryburgse omgewing by Ganyesa en Mosito; in die Mafekingse omgewing by Maribogo, Kraaipan en Phitshane; en in die omgewing van Taung.<sup>79</sup> Die Londense Sendinggenootskap het teen 1910 reeds 17 sendingskole in die Bophuthatswana-gedeelte van Noord-Kaapland gestig.<sup>80</sup>

Die ontdekking van diamante in 1867 het in die jare wat nou volg 'n ontwrigtende uitwerking op die sosio-ekonomiese lewe van die Batswana gehad, maar het die gunstige uitwerking op die onderwys gehad dat dit nuwe sendinggenootskappe na die gebied getrek het en bestaande genootskappe hul werk laat uitbrei het. Die Anglikaanse Kerk het die eerste skool op die delwerye in 1872 te Klipdrift (Barkly-Wes) geopen, en dit later opgevolg met verskeie skole te Kimberley en ook 1 by Boetsap.<sup>81</sup> Ander kerkgenootskappe soos die Berlynse, Wesleyaanse en Rooms-Katolieke het hul voorbeeld gevolg sodat in 1891 reeds 39 skole van 6 verskillende genootskappe in Noordwes-Kaapland bestaan.<sup>82</sup> Van hierdie skole het 14 staatshulp ontvang, maar geneen van die skole van die Londense Sendinggenootskap, wat verreweg die meeste skole in die huidige Bophuthatswana beheer het, het gekwalifiseer vir staatshulp nie.<sup>83</sup>

Soos reeds vermeld (kyk 2.3) het alle onderwys in die Kaapkolonie amptelik vanaf 1839 onder beheer van die Superintendent-generaal van Onderwys geval en is finansiële hulp aan skole verleen. Gedurende die periode 1855 tot 1862 is 'n bedrag van R98 000 aan die sendingskole betaal.<sup>84</sup> Die jaarlikse besteding aan onderwys vir swartes deur die Kaapse regering het in 1891 reeds R66 000 bedra.<sup>85</sup> Dit was egter eers teen die einde van die dienstryd van Thomas Muir (1892 - 1905) as Superintendent-generaal van Onderwys dat die skole van die Londense Sendinggenootskap geleidelik begin kwalifiseer het vir staatshulp. Met die verslag van die Gekose Komitee van 1908 en die werk van die Bantoe-onderwyskommissie van 1919 is daadwerklike aandag aan die sendingskole van Noordwes-Kaapland gegee. As uitvloeisel van laasgenoemde kommissie se aanbevelings is daar 'n Bantoe-onderwys Adviesraad vir Noordwes-Kaapland in die lewe geroep, word aanbeveel dat meer geldelike hulp aan

79. Vgl. ibid., pp.109-110.

80. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.16.

81. Vgl. Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.76-77.

82. Kyk ibid., p.92.

83. Kyk loc.cit.

84. Kyk Kgware, W.M., op.cit., p.6.

85. Kyk loc.cit.

sendingskole verskaf word, dat salarisse en diensvoorwaardes van onderwysers hersien moet word en dat moedertaalonderrig tot standerd 4 ingevoer moet word.<sup>86</sup> Veral hierdie laaste aanbeveling het vir sending-onderwys in Noordwes-Kaapland baie beteken, want moedertaalonderrig, soos byvoorbeeld deur die Londense Sendinggenootskap toegepas, was tot nou toe 'n diskwalifikasie vir staatshulp.

'n Verdere uitvloeisel van die Onderwyskommissie van 1919 was die aanname van Ordonansie nr. 26 deur die Kaapse Provinsiale Raad in 1920 waarvolgens die Kaapse Onderwysdepartement verantwoordelikheid aanvaar het vir die salarisse van alle onderwysers, asook vir die koste verbonde aan die verskaffing van meubels, boeke en ander benodigdhede.<sup>87</sup> Nuwe skole is nou vinnig gestig deur verskeie sendinggenootskappe, waarvan die Rooms-Katolieke skole te Taung, die "Independent Congregational Church" se skole in die Schmidtsdrift Reservaat en dié van die Wesleyaanse "Church Mission" in die Vryburg- en Mafekingomgewing van die belangrikste was.<sup>88</sup> Die aantal skole vir swartes in Noord-Kaapland het toegeneem van 39 in 1915 tot 80 in 1920.<sup>89</sup>

In 1921 is die eerste Hoofinspekteur vir Bantoe-onderwys, mnr. W.G. Bennie, in Kaapland aangestel en onder sy bekwame bestuur en leiding is die aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1919 stap vir stap uitgevoer.<sup>90</sup> Een van die vernaamste veranderinge was die instelling van 'n gedifferensieerde primêre skoolkursus vir Bantoeskole in 1922. Tot 1920 was die kurrikulum vir Bantoe- en Blanke skole dieselfde, maar nou is vir die eerste keer voorsiening gemaak vir 'n meer Bantoe-gerigte kursus. Benewens die gewone skoolvakke soos Engels, Nederlands, geskiedenis, geografie, rekenkunde, ensovoorts, is ook voorsiening gemaak vir die moedertaal as skoolvak, en landbou, handwerk, naaldwerk, en huishoudkunde is ingevoer.<sup>91</sup> Na hierdie veranderinge is die aandag ook aan onderwysersopleiding gegee en 2 kursusse is ingestel, naamlik 'n driejarige Laer Primêre Onderwyskursus na standerd 6, en 'n tweejarige Hoër Primêre Onderwyskursus na standerd 8. In hierdie

86. Kyk Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.144-146.

87. Kyk ibid., pp.149-150.

88. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., pp.20-21.

89. Kyk ibid., p.21.

90. Vgl. Lekhela, E.P., The Development of Bantu Education in the North-Western Cape (1840 - 1947), pp.152-153.

91. Kyk ibid., pp.154-155.

kursusse is die klem laat val op professionele vakke soos byvoorbeeld onderwysmetodiek, kindersielkunde en skoolorganisasie.<sup>92</sup>

Al hierdie veranderinge het tot gevolg gehad dat die Kaapse Onderwysdepartement al meer beheer oor skole oorgeneem het, maar ook plaaslike beheer probeer uitbou het deur die instelling van skoolkomitees, veral na 1919, dwarsoor die hele gebied.<sup>93</sup> Die al groter beheer deur die Provinsiale Administrasie het ook verder die goeie gevolg gehad dat die sendinggenootskappe begin het om groter samewerking onder mekaar te soek, sodat die probleem van mededingende skole van verskillende sendinggenootskappe in dieselfde gebied - na 'n vergadering van die verskillende hoofde van sendingskole in Noordwes-Kaapland in 1925 te Tierkloof - geleidelik begin verdwyn het as gevolg van samesmeltings.<sup>94</sup> Teen die einde van 1925 was die aanduidings derhalwe daar dat onderwys vir die Batswana van Noordwes-Kaapland op die pad van 'n gladde verloop in die toekomst gestel is.

#### 2.4.3 Die Oranje-Vrystaat gedeelte van Bophuthatswana

Die deel van Bophuthatswana binne die Oranje-Vrystaat is 'n baie klein deeltjie van die totale oppervlakte van die provinsie en bestaan net uit 'n gebied rondom Thaba Nchu en word bewoon deur die Seleka Barolong. Soos reeds vermeld, het die Wesleyaanse Sendinggenootskap hier begin werk en tot 1865 was dit ook die enigste sendinggenootskap wat hier werksaam was. In 1865 het die "Church Mission Society" egter ook tot die gebied toegetree en vir baie jare saam met die Wesleyaanse genootskap hier gewerk.<sup>95</sup> Alhoewel die 2 genootskappe goed saamgewerk het, het die 2 seuns van Moroka II elkeen een van die twee genootskappe aangehang, met die gevolg dat daar by die dood van hul vader in 1882 nie eenstemmigheid verkry kon word oor wie hom sou opvolg nie. Onder die omstandighede het die Vrystaatse regering ingegryp en Thaba Nchu by die Vrystaat ingelyf.<sup>96</sup>

Die jong Republiek van die Oranje-Vrystaat was nie in staat om enige noemenswaardige hulp aan die sendingskole te verleen nie, maar het tog van

92. Kyk ibid., pp.157-158.

93. Vgl. ibid., p.166.

94. Kyk ibid., pp.167-168.

95. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., p.14.

96. Vgl. ibid., p.17.



tyd tot tyd geld vir sendingonderwys beskikbaar gestel. Die eerste wat die Batswana geraak het, was 'n bedrag van R100 per jaar wat in 1889 bewillig is vir skole van die Wesleyaanse Sendinggenootskap te Thaba'Nchu.<sup>97</sup>

Hierdie finansiële staatshulp was onderhewig aan die aanvaarding van 'n mate van staatsbeheer in die vorm van inspeksies wat redelik gereeld deur onder andere Dr. Brebner, die eerste Inspekteur van Onderwys in dié provinsie, uitgevoer is.<sup>98</sup>

Na die Anglo-Boereoorlog het die regering van die Oranjerivier Kolonie voortgegaan met die gebruik om fondse vir onderwys vir swartes beskikbaar te stel, en in 1903 is 'n Onderwysordonansie (nr. 27 van 1903) uitgevaardig wat, onder andere, die oprigting van staatskole vir swartes beoog het en ook voorsiening gemaak het dat staatshulp aan goedgekeurde sendinggenootskappe betaal kon word vir die onderhoud van hulle skole.<sup>99</sup> As uitvlêisel van hierdie Ordonansie het die Regering in 1904 die Moroka Industriële Skool vir swart dogters te Thaba'Nchu gestig. Hierdie skool het goeie werk gedoen totdat dit in 1927 as gevolg van finansiële probleme gesluit moes word toe geen sendinggenootskap belanggestel het om dit oor te neem nie.<sup>100</sup>

Melding moet ook gemaak word van die sogenaamde "Imperial Grant-in-Aid". Dit het bestaan uit 'n bedrag van R4 000 000 wat deur Brittanje aan die Vrystaat betaal is na die Anglo-Boereoorlog vir oorlogsverliese wat gely is. Hiervan is R342 000 aan die swartes beskikbaar gestel en na al die eise uitbetaal is, het R54 000 oorgebly wat vir onderwys vir swartes aangewend moes word.<sup>101</sup> Hierdie geld is onder andere aangewend as studiebeurse vir leerlinge en toelae aan sendinggenootskappe vir geboue en algemene uitbreidings.

In 1924 is mnr. H.F.G. Kuschke aangestel as eerste Organiseerder van Bantoe-onderwys in die Oranje-Vrystaat en in sy eerste verslag van 1924 vermeld hy dat elke skool feitlik sy eie sillabus volg.<sup>102</sup> Daar is dadelik begin om

97. Vgl. Kgware, W.M., op.cit., p.7.  
Ook: Kgware, W.M., Bantu Education in the Province of the Orange Free State during the Twentieth Century (1900 - 1953). An Historical-Critical Study, p.8.

98. Vgl. loc.cit.

99. Kyk van der Mescht, A.J.B., Bantoe-onderwys sedert dié Wet op Bantoe-onderwys, 1953, p.11.

100. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.25.

101. Kyk Kgware, W.M., Bantu Education in the Province of the Orange Free State during the Twentieth Century....., pp.80-81.

102. Kyk ibid., p.84.

Bantoe-onderwys te organiseer en skole is ingedeel in laer primêre skole tot standaard 4 en hoër primêre skole tot standaard 6. Departementele sillabusse is vir die eerste keer voorgeskryf en in 1925 is die Hoër Primêre Skooleindsertifikaateksamen die eerste keer ingestel.<sup>103</sup> Daar is nou vir die eerste keer probeer om 'n sekondêre skool vir swartes in die Vrystaat te open maar dié poging was eers in 1928 suksesvol.<sup>104</sup> In 1923 het die Wesleyaanse Sendinggenootskap 119 skole in die Oranje-Vrystaat gehad en dié getal het afgeneem tot 77 in 1925.<sup>105</sup> Geen afsonderlike syfers vir die Barolong van Thaba'Nchu is beskikbaar nie.

Uit bostaande blyk dit dat onderwys onder die Barolong van Thaba'Nchu gedurende die periode 1856 tot 1925 geheel en al in die hande van sendelinge gelaat is met staatshulp in die vorm van toelaes wat van tyd tot tyd uitbetaal is. Die toestand was redelik chaoties totdat die Provinsiale Administrasie in 1924 met grootskaalse organisasie begin het om orde te skep. Hierdie organisasie is voortgesit en sou tot vinniger en verdere ontwikkeling in die toekoms lei.

## 2.5 'n Tydperk van toenemende staatsbeheer (1925 - 1953)

Soos reeds vermeld (kyk 2.4.1) is hierdie periode ingelei deur 2 belangrike wette deur die Unieregering, naamlik die Finansiële Verhoudings Vierde Verlengingswet (Wet 5/1922) en die Naturellebelastings en Ontwikkelingswet (Wet 41/1925). Eersgenoemde wet het provinsiale administrasies verbied om in die toekoms regstreekse belasting op swartes te lê, en het van provinsiale rade vereis om fondse vir onderwys vir swartes te verskaf wat nie minder moes wees as wat in die boekjaar 1921/1922 bestee is nie.<sup>106</sup> Die bedrae wat die verskillende provinsies moes bestee, is soos volg neergelê: Kaapprovinsie R480 000; Natal R98 000; Oranje-Vrystaat R10 000 en Transvaal R92 000 - 'n totaal van R680 000.<sup>107</sup> Wet 41/1925 het voorsiening gemaak vir die afskaffing van alle vorige vorms van belasting op swartes en die oplegging van nuwe en uniforme belasting op die swartes van die Unie as geheel. Daar is ook 'n spesiale rekening ingestel, naamlik die Naturelle-ontwikkelingsrekening, wat deur die Minister van Naturellesake beheer sou word vir onder andere die instandhouding, uitbreiding en verbetering van onderwysgeriewe vir die swartes.<sup>108</sup> In die Naturelle-ontwikkelingsrekening

103. Kyk Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., pp.390-391.

104. Kyk Kgwane, W.M., Bantu Education in the Province of the Orange Free State during the Twentieth Century....., p.102.

105. Kyk ibid., pp.129-130.

106. Vgl. Van der Mescht, A.J.B., op.cit., p.306.

107. Kyk loc.cit.

108. Kyk loc.cit.

is 'n bedrag van R680 000 per jaar inbetaal uit die Gekonsolideerde Inkomste-fonds, asook een-vyfde van die bedrag van die algemene belasting van die swartes.<sup>109</sup>

Die vernaamste uitwerkings van hierdie 2 wette was dat die voorsiening van fondse vir onderwys vir swartes geheel en al die verantwoordelikheid van die Sentrale Regering geword het, en nog belangriker, die beginsel dat enige toekomstige ontwikkeling en uitbreiding van onderwys vir swartes uit regstreekse belasting op die Bantoe gefinansier moes word.<sup>110</sup> Hierdie beginsel het van krag gebly tot 1945, maar die een-vyfde van die Bantoe-belasting, wat jaarliks in die Ontwikkelingsrekening gestort is, was, as gevolg van toenemende uitbreiding, nie genoeg om te voorsien in die groeiende vraag na geld nie, en is telkens verhoog totdat die totale opbrengs van die belasting op swartes in 1943 in die spesiale rekening inbetaal is.<sup>111</sup>

Alhoewel die Sentrale Regering nou geheel en al verantwoordelikheid aanvaar het vir die finansiering van onderwys vir swartes, was die Provinsiale Raad van elke provinsie nog die wetgewende liggaam wat beheer oor die skole in elke provinsie uitgeoefen het. Nietemin het hierdie verandering tog algemene verbeteringe in onderwys vir swartes tot gevolg gehad waarvan die volgende as van die belangrikste beskou kan word:<sup>112</sup>

- (i) In 1928 is salarisskale vir primêre onderwysers vasgestel en in 1929 is salarisskale ook in na-primêre skole ingestel.
- (ii) In 1941 is van owerheidsweë toestemming gegee dat alle skoolgelde in staat- en staatsondersteunde skole afgeskaf word.
- (iii) Die aantal staatskole, inspekteurs en administratiewe personeel het toegeneem.
- (iv) Toenemende beheer is uitgeoefen oor die opleiding van onderwysers, hul diensvoorwaardes en oor die algemene bestuur van allerlei soorte inrigtings.

<sup>109</sup>. Kyk Rose, B., Tunmer, R., op.cit., p.227.

<sup>110</sup>. Vgl. Van der Mescht, A.J.B., op.cit., p.307.

<sup>111</sup>. Vgl. Rose, B., Tunmer, R., op.cit., p.227.

<sup>112</sup>. Kyk Van der Mescht, A.J.B., op.cit., pp.14-15.

Die opening van nuwe skole is egter nog aan die inisiatief van sendinggenootskappe oorgelaat, en vir die Batswana is veral die volgende nuwe skole van groot belang:

- (i) In 1937 stig die Metodiste Kerk van Suid-Afrika die Moroka Sendinginrigting te Thaba'Nchu vir die opleiding van swart onderwysers. Vir jare was dit die grootste inrigting vir die opleiding van onderwysers in die Vrystaat en het dit ook sekondêre en nywerheidsopleiding verskaf.<sup>113</sup>
- (ii) Die Strydom Opleidingskool vir onderwysersopleiding wat in 1943 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Bloemfontein gestig is.<sup>114</sup> Hierdie skool is in 1958 na Thaba'Nchu oorgeskuif en bestaan vandag nog.
- (iii) In die Transvaal stig die Wesleyaanse Sendinggenootskap die Wesleyaanse Onderwysersopleidingsentrum wat later na Kilnerton in Pretoria verskuif en nog later, in 1963, die opleidingsafdeling van Hebron Opleidingskool word.<sup>115</sup> Hebron is vandag nog een van die grootste opleidingskole in Bophuthatswana.

Maar ook by gevestigde skole het groei plaasgevind. Tabel 2.5.1 ten opsigte van die aantal seuns wat opleiding by Tierkloof ontvang het in 1935 en 1948 kan as voorbeeld dien:<sup>116</sup>

TABEL 2.5.1 - AANTAL SEUNS IN OPLEIDING TE TIERKLOOF, 1935 EN 1948

Kursus	Jaartal	
	1935	1948
Onderwysersopleiding	32	31
Hoërskool-opleiding	22	110
Nywerheidsopleiding	75	90
TOTAAL	129	231

113. Kyk Kgware, W.M., Bantu Education in the Province of the Orange Free State during the Twentieth Century (1900 - 1953)....., p.172.

114. Vgl. ibid., pp.172-173.

115. Vgl. Moloto, E.S. ed., op.cit., pp.28-29 en 48.

116. Kyk ibid., p.40.

Bogenoemde nywerheidsopleiding het uit die volgende onderafdelings bestaan: Houtwerk, messelwerk, kleremakery, leerlooierij en leerwerk.<sup>117</sup>

In 1945 kry ons 'n verdere verwickeling met die aanname van die Wet tot Finansiëring van Naturelle-onderwys (Wet 29/1945). Hiermee is die finansiële beheer oor onderwys vir swartes oorgedra aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en is bepaal dat die totale bedrag aan die provinsies betaal vir onderwys aan swartes, uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds bewillig sou word en nie langer uit die algemene belasting van die Bantoe nie.<sup>118</sup> Daar is ook 'n Unie-adviesraad vir Naturelle-onderwys in die lewe geroep om die Minister en die provinsiale administrasies te adviseer in sake rakende onderwys vir swartes.<sup>119</sup> Hierdie Adviesraad het egter wat sy pligte en bevoegdhede betref, nóg oor die nodige kontakte, nóg oor die nodige personeel, nóg oor die nodige gesag beskik om rigtinggewende invloed uit te oefen.<sup>120</sup>

Hierdie wet het, behalwe wat die finansiële aspekte betref, geen noemenswaardige veranderinge in onderwys vir swartes gebring nie. Die verskillende provinsiale administrasies het nog steeds wetgewende mag en gevolglike beheer oor onderwys vir swartes gehad. Hierdie verdeelde beheer het baie nadele gehad wat ontwikkeling gestrem het, en 'n hele aantal kommissies wat die saak ondersoek het - onder andere die Welsch-kommissie van 1936 en die Eiselen-kommissie van 1949 - het dit veroordeel en aanbeveel dat die beheer en administrasie van onderwys vir swartes onder die Sentrale Regering moet ressorteer.<sup>121</sup> Die gebreke van provinsiale beheer oor onderwys vir swartes kan kortliks saamgevat word as 'n ondoeltreffende, duur beheer sonder die nodige eenvormigheid en mede-verantwoordelikheid van die swarte vir sy eie onderwys.<sup>122</sup>

Dit alles het uiteindelik gelei tot die aanname van die Wet op Bantoe-onderwys (Wet 47/1953) waardeur die beheer en administrasie van Bantoe-onderwys vanaf die 4 provinsiale administrasies oorgeplaas is na die Sentrale Regering, en wel onder die Departement van Naturellesake.<sup>123</sup> Die wet het

---

117. Kyk loc.cit.

118. Kyk Van der Mescht, A.J.B., op.cit., p.16.

119. Kyk loc.cit.

120. Kyk ibid., p.26.

121. Vgl. ibid., pp.38-40.

122. Vgl. ibid., pp.40-41.

123. Kyk ibid., p.42.

onder andere voorsiening gemaak vir die oprigting of subsidiëring van staatsbantoeskole, Bantogemeenskapskole en staatsondersteunde Bantoeskole (sending, plaas, myn en fabriek), die instelling van plaaslike bestuur-  
liggame vir staatsbantoeskole en gemeenskapskole, die verpligte registrasie van alle skole, en die vervanging van die bestaande provinsiale maatreëls met uniforme uniale maatreëls.<sup>124</sup>

Hiermee het 'n einde gekom aan provinsiale beheer en is alle skole van Baphuthatswana saam met alle ander swart skole onder beheer van die Sentrale Regering geplaas. In die jare wat sou kom het hierdie stap gelei tot snelle ontwikkeling en groei in die onderwys vir swartes in Suid-Afrika.

## 2.6. Die tydperk van sentrale beheer (1954 - 1968)

Onmiddellik na die aanname van die Wet op Bantoe-onderwys is daar begin met die oorplasing van die onderwys na die Departement van Naturellesake om sodoende 'n uniforme onderwysbeleid in te voer. 'n Afdeling vir Bantoe-onderwys, met 'n ondersekretaris van die Departement van Naturellesake as hoof, is in 1954 geskep, en daar is dadelik begin met die toevertrouing van die plaaslike bestuur van skole onder toesig van die staat aan Bantoe-  
liggame waardeur sulke liggame die geleentheid kon kry om 'n diens aan die gemeenskap as 'n geheel te lewer.<sup>125</sup>

Ten aanvang van die reorganisasie is al die belanghebbende kerke voor die keurse gestel om of hulle skole voor 1 April 1955 aan die sorg van gemeenskapsorganisasies oor te dra, of om beheer daarvoor te behou, maar dan met 'n beperkte subsidie van 75 persent van die salarisse en toelaes van goedgekeurde onderwyspersoneel. Van die meer as 40 kerkgenootskappe het slegs 2, naamlik die Rooms-Katolieke Kerk en die Sewende-Dag-Adventiste Kerk verkies om volle seggenskap te behou. Die aanvanklike subsidie wat aan hulle toegestaan is, is geleidelik verminder - in 1956 tot 50 persent en in 1957 tot 25 persent - totdat dit in die begin van 1958 heeltemal ingetrek is.<sup>126</sup>

124. Kyk ibid., pp.42-45.

Ook Moloto, E.S. ed., op.cit., pp.31-32.

125. Vgl. Van der Mescht, A.J.B., op.cit., p.46.

126. Kyk ibid., p.47.

Om hierdie oornome te vergemaklik en om te voorsien in die nodige desentralisasie van dienste om die groot verskeidenheid en ruim veld te bedien, is die land verdeel in aanvanklik 5, en in 1957, die volgende 6 streke:<sup>127</sup>

- (i) Noord-Transvaal, met hoofsetel in Pietersburg vir die Noord-Sotho-, Venda- en Tsongataalgroepe.
- (ii) Suid-Transvaal, met hoofsetel in Pretoria hoofsaaklik vir die Tswanataalgroep, maar ook vir ander groepe in die omstreke van Pretoria en die Witwatersrand.
- (iii) Oranje-Vrystaat en Noord-Kaapland, met hoofsetel in Bloemfontein vir die Suid-Sotho- en Tswanataalgroepe.
- (iv) Natal, met hoofsetel in Pietermaritzburg vir die Zoeloetaalgroepe.
- (v) Transkei, met hoofsetel in Umtata vir die Xhosataalgroepe.
- (vi) Ciskei en Wes-Kaapland, met hoofsetel in King William's Town vir die ander deel van die Xhosataalgroepe.

Die Batswana is derhalwe bedien vanuit Pretoria en Bloemfontein, die hoofsetels van die Suid-Transvaal- en Oranje-Vrystaat en Noord-Kaaplandstreke.

In 1958 is 'n afsonderlike en outonome Departement van Bantoe-onderwys (hierna die Departement genoem) in die lewe geroep, en is daar voortgegaan met verdere desentralisasie wat reeds deur die Departement van Naturellesake begin is, naamlik in die plaaslike beheer van en toesig oor die verskillende tipe skole:-

- (i) Gemeenskapskole: Skoolkomitees vir elke Bantoe-gemeenskapskool word ingevoer en die komitees word so saamgestel dat dit die belange van die ouers en die gemeenskap verteenwoordig.<sup>128</sup> Skoolrade word benoem om 'n groep gemeenskapskole van dieselfde gebied te beheer en

127. Kyk *ibid.*, pp.80-81.

128. Vgl. *ibid.*, p.128: In gebiede waar 'n stamorganisasie bestaan, bestaan 'n skoolkomitee onder andere byvoorbeeld uit 3 lede uit die gelede van die ouers en 2 lede wat deur die kaptein benoem word.

te administreer.<sup>129</sup>

- (ii) Staatsbantoeskole: Hoewel die Wet op Bantoe-onderwys die Minister gemagtig het om bestaande staatskole aan Bantoe-elligame oor te dra, het 'n aantal van hierdie skole, byvoorbeeld opleiding- en vakopleiding-skole as staatskole bly voortbestaan.<sup>130</sup> Hierdie skole word deur die Departement beheer maar beheerrade (vroeër adviesrade) word ingestel wat ook so saamgestel word dat die ouers en die beheerliggaam van die gemeenskap, byvoorbeeld die stamowerheid, verteenwoordiging het.<sup>131</sup>
- (iii) Plaas-, myn- en fabriekskole: Hierdie skole staan onder die beheer en bestuur van die eienaars wat as skakel optree tussen die skool en die Departement, en wat ook as werkgewer van die onderwysers in sulke skole beskou word.<sup>132</sup>
- (iv) Private skole: Hierdie skole ontvang geen staatsubsidie nie en is hoofsaaklik die oorblywende sendingskole (Rooms-Katoliek en Sewende-Dag-Adventiste). Hulle staan onder direkte beheer van die eienaars.<sup>133</sup>
- (v) Aandskole en voortsettingsklasse: In blanke gebiede word die skole deur die eenaar as 'n private skool beheer, maar waar die Departement dit nodig ag word 'n adviesraad saamgestel. In swart gebiede staan dit onder die beheer van die skoolkomitee en skoolraad van die dagskool in wie se gebied dit geleë is.<sup>134</sup>
- (vi) Ingelyste skole: 'n Klein aantal skole wat nie onder enige beheer-groep geklassifiseer is nie, word as ingelyste skole geklassifiseer en word bestuur deur goedgekeurde liggame of persone.<sup>135</sup>
- (vii) Spesiale skole: Dié skole vir buitengewone onderwys vir liggaamlik-gestremde swart kinders is op 1 April 1961 aan die Departement

129. Vgl. ibid., pp.94-95.

130. Vgl. ibid., p.120.

131. Vgl. ibid., p.120.

132. Vgl. ibid., p.105.

133. Vgl. ibid., p.133.

134. Vgl. ibid., pp.118-119.

135. Vgl. ibid., pp.132-134.



oorgedra en is almal staatsondersteunde skole wat onder die sorg staan van 'n trustee, wat in al die gevalle kerk- of sendinggenootskappe is. Hierdie skole word beheer deur 'n bestuur wat deur die trustee bepaal word en waarop die Departement gewoonlik ook verteenwoordigers benoem.<sup>136</sup>

(viii) Skole vir seuns van hoofmanne en kapteins: Gedurende 1957 besluit die Departement van Naturellesake om voorsiening te maak vir spesiale opleiding vir die seuns van Bantoe-kapteins en -hoofmanne. Kapteinseunskole wat deur die Departement as staatsbantoeskole geregistreer is, was eintlik Trustskole deurdad die Suid-Afrikaanse Naturelletrust alle koste i.v.m. sulke skole aan die Departement vergoed het.<sup>137</sup> By die administrasie was daar dus 2 departemente verbonde, naamlik die Departement van Bantoe-onderwys as agent (saakgelastigde) van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Vir die doel van hierdie gesamentlike departementele beheer is daar 'n interdepartementele kapteinskoolkomitee ingestel wat bestaan het uit amptenare van albei departemente.<sup>138</sup> Afgesien van hierdie sentrale beheer word daar ook vir die plaaslike beheer daarvan beheerrade en adviserende komitees ingestel sodra so 'n kollege gestig word. Laasgenoemde, dit wil sê die Bantoe Adviserende Komitee, adviseer die beheerraad, en deur laasgenoemde ook die 2 betrokke departemente, oor enige aangeleentheid waarvoor om advies gevra word, en dien ook as skakel tussen die betrokke kollege en die gebiedsowerheid om die wense en aanbevelings van die swart gemeenskappe onder die aandag van die beheerraad te bring.<sup>139</sup>

Behalwe bogenoemde ontwikkelinge wat aan die Tswanavolkseenheid groot seggenskap in die plaaslike beheer en bestuur van sy eie skole gegee het, kan die volgende punte aangestip word as sommige van die belangrikste gebeurtenisse op onderwysgebied vir die Batswana gedurende die periode van sentrale beheer:

---

136. Vgl. ibid., p.116.

137. Vgl. ibid., p.109.

138. vgl. loc.cit.

139. Vgl. ibid., p.114.

- (i) Vanaf 1955 is die moedertaal as medium van onderrig geleidelik in die primêre skool ingevoer sodat alle vakke (behalwe Afrikaans en Engels) teen 1959 deur medium van die moedertaal in primêre skole onderrig is.<sup>140</sup>
- (ii) Gedurende 1959 aanvaar die Sentrale Regering die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding (Wet 45/1959) waarkragtens voorsiening gemaak is vir die instelling van nuwe universiteitskolleges vir die Bantoe.<sup>141</sup> Een van hierdie universiteitskolleges, naamlik die Universiteitskollege van die Noorde te Turfloop, Noord-Transvaal, is vir die Sotho-sprekende volksgroepe waarvan die Batswana een is. Dié universiteitskollege open in 1960 en toe die eerste 3 swart professore in 1961 aangestel word, is 2 van hulle Batswana, naamlik prof. W.M. Kgware en prof. M.O.M. Seboni.<sup>142</sup>
- (iii) Hebron Opleidingskool naby Pretoria open in 1955 en nadat die Kilnerton Inrigting in 1963 gesluit word, word sy opleidingsafdeling ook na Hebron oorgeplaas.<sup>143</sup>
- (iv) Strydom Opleidingskool word in 1958 vanaf Bloemfontein na Thaba'Nchu oorgeplaas en word na 'n aantal jare 'n skool vir slegs Tswanasprekende leerlinge.<sup>144</sup>
- (v) In 1956 neem die Departement beheer oor van die Tierkloof Inrigting en in 1962 word die onderwysers- en ambagsopleiding na die nuutgestigte Batswana Opleidingskool te Mafeking oorgeplaas.<sup>145</sup> In 1963 sluit Tierkloof finaal.
- (vi) In 1965 word die eerste opleidingskursus vir ambaginstrukteurs te Batswana aangebied en in 1966 word die onderwysersopleiding en die ambagsopleiding geskei toe die ambagsopleiding na die nuutgestigte Biotseanape Ambagskool te Mafeking oorgeplaas word.<sup>146</sup>

---

140. Vgl. ibid., p.252.

141. Vgl. Behr, A.L., Macmillan, R.G., op.cit., p.240.

142. Kyk Moloto, E.S. ed., op.cit., p.36.

143. Vgl. ibid., p.36.

144. Vgl. loc.cit.

145. Vgl. ibid., p.41.

146. Vgl. ibid., pp.41-42.

- (vii) In 1965 word die eerste, en tot op hede ook enigste, landboukollege in Bophuthatswana te Taung vir die opleiding van landbouvoorligters geopen. Pinagare Kollege, 'n opleidingskool vir kapteinseuns, word ook te Taung gelyktydig met die landboukollege geopen.
- (viii) Gedurende Maart 1964 word 'n Adviserende Raad vir Bantoe-onderwys deur die Minister van Bantoe-onderwys aangestel. Die Raad bestaan by instelling uit 15 lede, almal swartes, waarvan die eerste 7 elkeen 1 Bantoevolkseenheid verteenwoordig. Die ander 8 lede verteenwoordig onderwysbelange vanaf universitêre- tot primêre skoolvlak. 'n Subkomitee van die Raad word vir elke volkseenheid, dit wil sê ook vir die Tswanavolkseenheid, ingestel en het onder andere as taak om die Minister te adviseer rakende die algemene beleid wat gevolg moet word.<sup>147</sup>

Nieteenstaande al bogenoemde ontwikkeling het die onderwys van die Tswana-volkseenheid ook teen 1969 met groot probleme te kampe gehad. Hiervan was die tekort aan onderwysers en fisiese akkommodasie twee van die ver- naamstes. Die Direkteur stel dit soos volg in die ongepubliseerde jaar- verslag van die Tswana Departement van Onderwys en Kultuur vir 1970: "Curricula are not sufficiently varied owing to shortage of accommodation, furniture, and settled, qualified staff."<sup>148</sup> Ten spyte van hierdie pro- bleme kan die periode van sentrale beheer tog beskou word as een van groei en ontwikkeling sodat daar in 1969 reeds 229 259 leerlinge in 616 skole met 3 878 onderwysers in Bophuthatswana was.<sup>149</sup>

Intussen het daar ook op politieke vlak verwickelinge plaasgevind wat 'n ingrypende invloed op die beheer van onderwys gehad het. Die Sentrale Regering het in 1959 die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur (Wet 46/1959) aangeneem waardeur 8 Bantoe-volkseenhede erken is, naamlik die Xhosa, Zoeloe, Suid-Sotho, Tswana, Noord-Sotho, Venda, Tsonga, Swazi.<sup>150</sup> Die wet het ook voorsiening gemaak dat die nodige staats- masjinerie ingestel word om bogenoemde bevolkingsgroepe tot sinvolle selfregering en onafhanklikheid te lei.<sup>151</sup> Gevolglik is die Tswana-

147. Vgl. ibid., pp.34-35.

148. Tswana Department of Education and Culture, Annual Report 1970, p.7.

149. Kyk van Rensburg, C. ed., Stepping into the Future, p.20.

150. Kyk BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.11.

151. Kyk loc.cit.

gebiedsowerheid op 21 April 1961 ingestel en op 14 Oktober 1968 geaktiveer met die toekenning van meer uitvoerende verantwoordelikheid in die vorm van eie staatsdepartemente.<sup>152</sup> Een van hierdie departemente was die Tswana Departement van Onderwys en Kultuur wat in Januarie 1969 met werksaamhede begin het met mnr. G.J. Rosseau as eerste Direkteur.<sup>153</sup> Hiermee het die periode van beheer deur die Sentrale Regering gedeeltelik tot 'n einde gekom en is die Tswanavolkseenheid ferm op die pad na 'n volwaardige, eie Departement van Onderwys geplaas.

## 2.7 Op pad na eie beheer en bestuur (1969 - 1972)

Op onderwysgebied kan hierdie periode beskou word as een van gedeeltelike selfbestuur vir die Batswana.<sup>154</sup> Ter wille van die handhawing van eenvormigheid van opvoedkundige beleid, onderwysinhoud en standarde word voortgesette sentrale beheer uitgeoefen deur die Departement van Bantoe-onderwys ten opsigte van veral vakkundige dienste soos byvoorbeeld sillabusse, kursusse, eksamens, ensovoorts, asook sekere administratiewe dienste soos byvoorbeeld beheer oor staatsbantoeskole. Aan die ander kant oefen die Tswana Departement van Onderwys en Kultuur beheer uit oor feitlik alle ander onderwys in die Tswanagebied.<sup>155</sup> As hoof van laasgenoemde departement is die blanke Direkteur, bygestaan deur twee blanke senior inspekteurs, die skakel tussen die Departement van Bantoe-Onderwys en die Gebiedsowerheid. In die bestuur en beheer van skole in die gebied speel die Batswana egter self ook 'n groot rol deurdat die oorspronklik ingestelde 10 (nou 14) kringinspeksiekantore uitsluitlik deur Tswanas beman word as kringinspekteurs en assistent-inspekteurs.<sup>156</sup> Op plaaslike vlak word die beheer deur die skoolkomitees uitgeoefen waarvan al die lede ook swart is. Dieselfde geld ten opsigte van skoolrade wat gedurende hierdie periode in die Tswanagebied slegs in adviserende hoedanigheid optree.<sup>157</sup>

152. Kyk BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.14.

153. Kyk Tswana Department of Education and Culture, op.cit., p.9.

154. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.7.

155. Vgl. Tswana Department of Education and Culture, op.cit., p.2.

156. Kyk ibid., p.1.

157. Kyk ibid., p.11.

Hierdie oorgangsperiode waarin die Batswana geleidelik tot eie beheer en bestuur gelei is, is gekenmerk deur baie probleme. Die Direkteur van Onderwys en Kultuur vat dit in sy verslag van 1970 kortliks soos volg saam: "Classes are still generally too big, furniture very scanty, buildings inadequate, the issue of school books unable to keep pace with expansion in roll."<sup>158</sup> Nieteenstaande die probleme het die gemeenskap al meer belangstelling getoon in hul skole en het die skoolkomitees aktief deelgeneem om die toestand te probeer verbeter. In hierdie verband kon die Direkteur soos volg berig: "The school committee is an important body representing the local community. Excellent contributions were made by the committee in connection with buildings, the appointment of teachers and furniture."<sup>159</sup> Gedurende hierdie periode groei die onderwys vinnig soos in tabel 2.7.1 weerspieël word:<sup>160</sup>

TABEL 2.7.1 - GETAL SKOLE, ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN BOPHUTHATSWANA, 1969 - 1972

Besonderhede	Jare			
	1969	1970	1971	1972
Getal skole	616	643	681	709
Getal onderwysers	3 878	4 093	4 534	5 006
Getal leerlinge	229 259	252 207	272 194	292 766

Met die aktivering van die Tswana-gebiedsowerheid op 14 Oktober 1968 bly die wetgewende bevoegdheid nog hoofssaklik by die Suid-Afrikaanse Parlement, maar in 1970 is begin met die staatsregtelike uitbouing van konsepte van burgerskap en selfregering deur die uitvaardiging van die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande (Wet 26/1970) deur die Suid-Afrikaanse Parlement. Onderliggend aan hierdie wet was die toekenning van groter interne soewereiniteit aan afsonderlike tuislande.<sup>161</sup> Dit word opgevolg deur die Grondwet van die Bantoetuislande (Wet 21/1971) wat voorsiening maak vir 'n wetgewende vergadering met wetgewende bevoegdhede vir elke Bantoetuisland met die uitsondering van die Swazi- en Suid-Ndebelevolkseenhede.<sup>162</sup>

158. Kyk ibid., p.4.

159. Ibid., p.11.

160. Saamgestel uit jaarverslae van die Departement van Bantoe-onderwys van die Republiek van Suid-Afrika vir die betrokke jare (1969 - 1972).

161. Kyk BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.11.

162. Kyk loc.cit.

As toepassing van laasgenoemde wet word by wyse van Proklamasie R.87 van 1971 die Tswana Wetgewende Vergadering op 1 Mei 1971 ingestel.<sup>163</sup> Ingevolge die bepalings van hoofstuk I van die Grondwet van die Bantoe-tuislande berus die uitvoerende gesag in die Tswanatusland nou by 'n Uitvoerende Raad en het die Wetgewende Vergadering beperkte wetgewende bevoegdheid deurdat dit sekere wette ten opsigte van eie aangeleenthede kan maak maar dit mag nie 'n Suid-Afrikaanse parlamentswet wysig of herroep nie.<sup>164</sup>

Op 1 Junie 1972 word die Tswanatusland ingevolge Proklamasie R.131 van 1972 onder die naam Bophuthatswana tot 'n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika verklaar.<sup>165</sup> Die gebied kry nou 'n bepaalde naam, naamlik Bophuthatswana met 'n eie vlag en volkslied, die Uitvoerende Raad as uitvoerende liggaam word vervang met 'n Kabinet bestaande uit 'n Hoofminister en 5 ander Ministers,<sup>166</sup> en die wetgewende bevoegdheid van die Wetgewende Vergadering word uitgebrei sodat dit ook 'n parlamentswet van Suid-Afrika mag wysig of herroep in soverre dit betrekking het op sy gebied of 'n burger van sy gebied, maar nie strydig is met die Grondwet van die Bantoe-tuislande (Wet 21/1971) nie.<sup>167</sup> Die vernaamste aangeleenthede waarvoor die Wetgewende Vergadering nie bevoeg is om wette te maak nie, sluit onder andere die volgende in: militêre aangeleenthede, wapen en ammunisiefabriekes, pos- en radiodienste, spoorweë en hawens, nasionale paaie en burgerlike lugvaart, doeane- en aksynsbelasting, valuta, bankwese, en reëlins in verband met die binnegaan van en teenwoordigheid in Bophuthatswana van enige Suid-Afrikaanse polisiemag.<sup>168</sup>

Hiermee het die onderwys in Bophuthatswana gevorder tot 'n eie Departement van Onderwys met 'n eie Sekretaris en Minister, maar nog sonder 'n eie onderwyswet. Dit was een van die eerste sake waaraan die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering aandag gegee het.

163. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Inligting, Bophuthatswana 1972, p.1.

164. Vgl. BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.11.

165. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Staatskoerant nr. 3523 van 26 Mei 1972, p.2.

166. Kyk ibid., p.6.

167. Vgl. BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.11. Ook Departement van Inligting, op.cit., p.2.

168. Kyk BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.11.

## 2.8 'n Eie Onderwyswet.

In 1972 kom die eerste Departement van Onderwys van Bophuthatswana tot stand met mnr. P.W. van Heerden as eerste Sekretaris. Hy word bygestaan deur verskeie blanke en Tswana professionele en administratiewe beamptes met die bedoeling dat die blanke personeel deur Batswana vervang sal word wanneer geskikte Batswana beskikbaar is.<sup>169</sup> Die hele gebied word in 13 inspeksiekringe georganiseer en deur Tswanabeamptes beman, terwyl daar voortgegaan word om skoolkomitees en ouer- advieskomitees by skole te stig om die belangstelling van plaaslike gemeenskappe en ouers in die onderwys te stimuleer.<sup>170</sup>

Om voorsiening te maak vir die beheer oor, administrasie van, en toesig oor onderwys en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, neem die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering in 1973 die Bophuthatswana-wet op Onderwys, 1973 (Wet 9/1973) aan. Hiermee word 'n einde gemaak aan die beheer deur die Departement van Bantoe-onderwys ingevolge die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 en word eie beheer deur die Batswana 'n werklikheid.

### 2.8.1 Die Bophuthatswana-wet op Onderwys, Wet 9/1973 (soos gewysig deur Wet 6/1974) - 'n feitlike samevatting.

Deur hierdie wet word die Bophuthatswana Departement van Onderwys belas met beheer oor, administrasie van, en toesig oor onderwys in Bophuthatswana.<sup>171</sup>

In verband met skole word die volgende bepaal:

- (i) Die Minister word gemagtig om uit staatsfondse reeds bestaande regeringskole oor te neem en in stand te hou en nuwe regeringskole in te stel, op te rig en in stand te hou. Die Minister besit ook die bevoegdheid om so 'n skool te sluit of die instelling daarvan terug te trek.<sup>172</sup>

169. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.7.

170. Kyk loc.cit.

171. Kyk Bophuthatswana-wet op Onderwys, art. 2.

172. Kyk ibid., art. 3.

- (ii) Die Minister word gemagtig om na goeddunke goedkeuring vir die instelling van 'n private skool aan iemand wat daarom aansoek doen te gee, met dien verstande dat sodanige goedkeuring te enige tyd deur die Minister ingetrek of gewysig kan word. Iemand wat onderwys verskaf in 'n skool wat nie ingevolge hierdie Wet ingestel of goedgekeur is nie, is aan 'n misdryf skuldig. 'n Reeds bestaande private skool word geag ingevolge bogenoemde bepalings goedgekeur te wees.<sup>173</sup>
- (iii) Die Minister word gemagtig om hulptoelaes aan die bestuursliggaam van 'n private skool toe te ken, waarna so 'n skool as 'n ondersteunde skool bekend sal staan. Hierdie toelaes kan deur die Minister verminder of beëindig word indien nie voldoen word aan die voorwaardes waarop die hulptoelaes toegeken is nie. Die Minister kan ook lenings aan die bestuursliggaam van 'n ondersteunde skool toestaan vir die oprigting van geboue, die verkryging van vaste uitrusting, die verbetering van die skoolterrein en vir die terugbetaling aan reeds bestaande lenings.<sup>174</sup> Enige skool wat reeds by die inwerkingtreding van die Wet geldelike steun ontvang het, word vanaf die inwerkingtreding van die Wet geag 'n ondersteunde skool te wees.<sup>175</sup>
- (iv) Die Minister word gemagtig om die bestuur en beheer van 'n ondersteunde of private skool oor te neem indien die bestuursliggaam van die skool daartoe instem, of ook in die geval van 'n private skool indien die goedkeuring vir die instelling daarvan ingetrek word. So 'n oorgeneemde skool word dan geag 'n regeringskool te wees.<sup>176</sup>

Die voorwaardes vir toelating van iemand as leerling tot 'n skool word deur die Sekretaris ten opsigte van verskillende skole bepaal. Die Sekretaris kan ook 'n leerling toelating tot 'n regeringskool of 'n ondersteunde skool weier of toelating wat wel verleen is, intrek, welke weiering of intrekking onderworpe is aan appél na die Minister. Daar word verder uitdruklik

---

173. Kyk ibid., art. 4.

174. Kyk ibid., art. 5 en 6.

175. Kyk ibid., art. 7.

176. Kyk ibid., art. 8.



bepaal dat niemand as leerling tot 'n regeringskool of ondersteunde skool toegelaat sal word indien hy aktief aan politieke aangeleenthede deelneem nie, of lid is of die oogmerke bevorder van 'n organisasie wat ongehoorsaamheid aan of verset teen enige wetsbepaling aanmoedig. Toelating wat reeds aan 'n leerling verleen is, word om bogenoemde redes ook ingetrek.<sup>177</sup>

Die bepaling van die diensstaat van, en die aanstelling, bevordering en ontslag van personeel by regeringskole berus by die Minister en voorsiening word gemaak vir die oorplasing van alle personeel van regeringskole na die diensstaat van die Departement van Onderwys.<sup>178</sup>

Die bepalings van die Bophuthatswana-wet op die Regeringsdiens (Wet 4/1972) is van toepassing op alle nie-onderwysposte by regeringskole.<sup>179</sup>

Die Minister verkry magtiging om die diensvoorwaardes, met inbegrip van verlofvoorregte, van onderwysers by regeringskole te bepaal.<sup>180</sup>

Die Minister verkry magtiging om die diensstaat en salarisskale van toepassing op ondersteunde skole te bepaal maar die bepalings sal net van toepassing wees op persone van wie se salarisse 'n hulptoelae betaal word. Die bevoegdheid om iemand by 'n ondersteunde skool aan te stel, te bevorder, oor te plaas, te ontslaan en om afwesigheidsverlof aan hom toe te staan, berus by die betrokke bestuursliggaam maar met voorafgaande goedkeuring van die Minister.<sup>181</sup>

Daar word voorsiening gemaak vir die beskerming van pensioenregte, uitdienstredingsvoordele en verlof van persone wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by 'n regeringskool of ondersteunde skool in diens was.<sup>182</sup>

Ten opsigte van die aanstelling van onderwysers by 'n regeringskool of 'n ondersteunde skool word die volgende sake gereël:

- 
177. Kyk ibid., art. 9, soos gewysig deur Wet 6/1974 art. 1.  
 178. Kyk ibid., art. 10.  
 179. Kyk ibid., art. 11.  
 180. Kyk ibid., art. 12.  
 181. Kyk ibid., art. 13.  
 182. Kyk ibid., art. 14.

- (i) Die aanstellingsvereistes waaraan voldoen moet word voordat iemand in 'n vaste hoedanigheid in 'n pos by 'n regeringskool of ondersteunde skool aangestel kan word.<sup>183</sup>
- (ii) Die aanstelling in 'n tydelike hoedanigheid van 'n geskikte persoon op 'n voltydse of deeltydse grondslag in 'n onderwyspos by 'n regeringskool.<sup>184</sup>
- (iii) Aanstellings wat vir die doeleindes van verlof, verblyftoelae, oorplasingkoste en vervoervoorregte geag 'n oerplasing te wees.<sup>185</sup>

Die verplasing en tydelike afstaan van sekere onderwysers aan die Suid-Afrikaanse Regering of die regering van 'n ander Bantoetuisland word gereël,<sup>186</sup> asook die bevordering<sup>187</sup> en ontslag van onderwysers deur die Minister uit die diens van die Departement.<sup>188</sup>

Een van die redes wat daartoe kan lei dat die Minister 'n onderwyser kan ontslaan, is wangedrag, en daarom word 'n volledige omskrywing gegee van wangedrag van 'n onderwyser,<sup>189</sup> asook die prosedure wat gevolg moet word in geval van wangedrag.<sup>190</sup>

Die optrede in die geval van 'n permanente onderwyser wat ongeskik is vir sy pligte of wat nie in staat is om sy pligte op 'n bekwame wyse uit te voer nie weens oorsake wat buite sy beheer is, word gereël.<sup>191</sup>

'n Beperking word geplaas op die verrigting van ander besoldigde werk deur 'n onderwyser,<sup>192</sup> en die Minister verkry magtiging om toestemming aan 'n onderwyser te gee, of sodanige toestemming in te trek, om lid van 'n statutêre komitee, raad, bestuur of liggaam te wees.<sup>193</sup>

Die Minister verkry magtiging om kursusse vir die onderwys van persone in

183. Kyk ibid., art. 15.

184. Kyk ibid., art. 16.

185. Kyk ibid., art. 17.

186. Kyk ibid., art. 18.

187. Kyk ibid., art. 19.

188. Kyk ibid., art. 20.

189. Kyk ibid., art. 21, soos gewysig deur Wet 6/1974 art. 2.

190. Kyk ibid., art. 22.

191. Kyk ibid., art. 23.

192. Kyk ibid., art. 24.

193. Kyk ibid., art. 25.

skole in te stel of af te skaf. Die Minister bepaal die aard en duur van en die voorwaardes vir toelating tot so 'n kursus, en kan eksamens laat afneem, sertifikate of diplomas uitreik en gelde wat betaalbaar is ten opsigte van so 'n kursus instel.<sup>194</sup>

Die Sekretaris of 'n beampte deur hom daartoe gemagtig verkry magtiging om 'n inspeksie te hou van regeringskole, ondersteunde skole en private skole met betrekking tot enige aangeleentheid wat na sy mening ondersoek behoort te word.<sup>195</sup>

Die Minister verkry magtiging om, indien hy oortuig is dat daar voldoende en geskikte skoolruimte, onderwysers en fondse beskikbaar is, by wyse van kennisgewing in die Amptelike Koerant te verklaar dat gereelde skoolbesoek verpligtend is vir elke persoon wat behoort tot 'n sekere ouderdomsgroep in 'n bepaalde gebied. Indien 'n ouer of voog sonder redelike oorsaak en sonder toestemming van die Minister, versuim om sy kind gereeld 'n gepaste skool te laat besoek, is hy, na 'n skriftelike waarskuwing deur die Departement, skuldig aan 'n misdryf.<sup>196</sup>

Die Minister verkry magtiging om finansiële en/of materiële hulp uit staatsfondse aan 'n leerling van 'n regeringskool te verleen.<sup>197</sup>

Die Minister verkry magtiging om die skoolgelde betaalbaar by 'n regeringsskool en/of die losiesgeld indien die Departement die losies verskaf, vas te stel. By private en ondersteunde skole en private koshuise word hierdie gelde vasgestel deur die bestuursliggaam of eienaar met goedkeuring van die Minister. Die Minister kan vrystelling van gelde betaalbaar by 'n regeringsskool bepaal.<sup>198</sup>

Die Minister kan 'n adviesraad vir onderwys instel en die samestelling, bevoegdhede, pligte, werksaamhede, voorregte en die ampstermyn daarvan is soos voorgeskryf.<sup>199</sup>

---

194. Kyk ibid., art. 26.

195. Kyk ibid., art. 27.

196. Kyk ibid., art. 28.

197. Kyk ibid., art. 29.

198. Kyk ibid., art. 30.

199. Kyk ibid., art. 31.

In verband met die beheer en bestuur van regeringskole en koshuise word voorsiening gemaak vir die instelling van rade, komitees of ander liggame om sodoende ouers in staat te stel om deel te neem aan die bestuur van sodanige skole en koshuise. Die samestelling, bevoegdhede, pligte, werksaamhede en ampstermyn van so 'n liggaam is soos voorgeskryf, maar die Minister bepaal enige toelae wat betaalbaar is aan lede.<sup>200</sup>

Die Minister kan, vir doeleindes van raadpleging, 'n vereniging van onderwysers erken.<sup>201</sup>

Daar word voorsiening gemaak dat die Minister, met sekere uitsonderinge, en die Sekretaris alle bevoegdhede by hierdie Wet aan hulle verleen, kan delegeer aan enige beampte in die Departement.<sup>202</sup>

Geen leerling van 'n regeringskool of 'n ondersteunde skool word in verband met sy bywoning van die skool beskou as 'n werksman kragtens die Ongevalle-wet (Wet 30/1941) wat daarkragtens op betaling geregtig is nie.<sup>203</sup>

Behoudens die bepalings van hierdie Wet en die Grondwet van die Bantoe-tuislande (Wet 21/1971) word 'n hele aantal aangeleenthede gereël in verband waarmee die Minister regulasies kan uitvaardig.<sup>204</sup>

Die volgende wette van die Suid-Afrikaanse Parlement word in hul geheel deur hierdie Wet herroep:

- (i) Wet op Bantoe-onderwys (Wet 47/1953).
- (ii) Wysigingswet op Bantoe-onderwys (Wet 44/1954).
- (iii) Wysigingswet op Bantoe-onderwys (Wet 36/1956).
- (iv) Wysigingswet op Bantoe-onderwys (Wet 33/1959).
- (v) Wysigingswet op Bantoe-onderwys (Wet 55/1961).
- (vi) Wet op Buitengewone onderwys vir die Bantoe (Wet 24/1964).
- (vii) Wysigingswet op Bantoe-onderwys (Wet 44/1970).

---

200. Kyk ibid., art. 32.

201. Kyk ibid., art. 33.

202. Kyk ibid., art. 34.

203. Kyk ibid., art. 35.

204. Kyk ibid., art. 36.

Enigiets wat gedoen is of enige regte verkry of enige verpligting aange- gaan ingevolge die bepalings van bogenoemde wette voor die inwerking- treding van hierdie Wet, word egter beskou as gedoen, verkry of aange- gaan te wees ooreenkomstig die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet. Totdat die Minister regulasies uitvaardig, bly die regulasies ingevolge bogenoemde wette, ondanks hul herroeping, van krag vir sover dit toegepas kan word en nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie.<sup>205</sup>

## 2.9 Samevatting


Met die goedkeuring van die Bophuthatswana-wet op Onderwys deur die Staatspresident het die onderwys van die Batswana in bykans 160 jaar gevorder vanaf enkele sendingskole tot 'n volwaardige eie onderwysstelsel met eie wetgewende gesag en eie beheer deur 'n eie Departement van Onderwys. In die ontwikkelingsproses het verskillende sendinggenootskappe, drie provinsiale administrasies en die Sentrale Regering elkeen alleen of gesamentlik beheer oor die onderwys van die Batswana gehad, en elkeen het 'n invloed op die uiteindelijke eie stelsel uitgeoefen. Die utilistiese doelstellings van sendingonderwys het nie rekening gehou met die eie kultuur van die Batswana nie en het die nasionale bewussyn afgestomp. Na die oornome van alle Bantoe-onderwys deur die Sentrale Regering het die nasionale afstompingsproses oorgegaan in 'n nasionale bewusmakingsproses deur aanpassings aan die onderwysstelsel wat die Batswana meer bewus gemaak het van hul eie taal, kultuur en volksverband. In hierdie proses het die moedertaal as medium van onderrig en die betrekking van die Batswana by die beheer van die onderwys 'n groot rol gespeel. Onder beheer van die Sentrale Regering het die ontwikkeling van 'n eie onderwys- stelsel hand aan hand met die staatkundige ontwikkeling van Bophuthatswana gegaan, en is die Batswana gelei om self die verantwoordelikheid van 'n eie onderwysstelsel te aanvaar. Op 6 Desember 1977 het die staatkundige ontwikkeling van Bophuthatswana 'n logiese hoogtepunt bereik met die ver- kryging van sy onafhanklikheid van die Republiek van Suid-Afrika. Bophuthatswana het as onafhanklike staat 'n republikeinse regeringsvorm aanvaar met 'n President, wat oor uitvoerende magte beskik, as staatshoof.

---

205. Kyk ibid., art. 37.

## HOOFSTUK III

## DIE HUIDIGE ONDERWYSSITUASIE IN BOPHUTHATSWANA

3.1 Organogram van die Tswana-onderwysstelsel soos op 30 September 1977<sup>1</sup>

1. Vgl. Rupert, R.M., Organogram van die Suid- en Suidwes-Afrikaanse Onderwysstelsel (Mei 1973), p.v.

### 3.2 Verduideliking van die organogram.

#### 3.2.1 Wetgewende en uitvoerende gesag.

Nadat die Tswanatusland op 1 Junie 1972 ingevolge Proklamaie R.131 van 1972 onder die naam Bophuthatswana tot 'n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika verklaar is, berus die wetgewende gesag, wat onderwysaangeleentede betref, by die Wetgewende Vergadering. Die Minister van Onderwys, as lid van die Kabinet, het beleidbepalende en uitvoerende gesag, en is gevolglik die hoof-uitvoerende beampte. Aangesien sy aanstelling 'n party-politieke aangeleentheid is, is dit nie permanent van aard nie.<sup>2</sup>

Die Departement van Onderwys, as sentrale, permanente administratiewe orgaan, het as hoof 'n Sekretaris van Onderwys wat ook die permanente uitvoerende onderwysbeampte is.<sup>3</sup> Hy is aan die hoof-uitvoerende beampte (die Minister van Onderwys) verantwoordelik en stel jaarliks, in samewerking met sy senior personeel, 'n verslag op wat deur die Minister van Onderwys in die Wetgewende Vergadering ter tafel gelê word sodat die lede kan kennis neem van die uitvoering en uitwerking van hulle wetgewing. Bophuthatswana se Departement van Onderwys het reeds 5 jaarverslae (1972 tot 1976) uitgegee vir algemene kennisname.

#### 3.2.2 Algemeen raadplegend en adviserend.

Kragtens artikel 33 van die Bophuthatswana-wet op Onderwys van 1973 kan die Minister van Onderwys vir doeleindes van raadpleging 'n vereniging van onderwysers erken.<sup>4</sup>

Artikel 31 van bogenoemde wet verleen ook aan die Minister die bevoegdheid om 'n adviesraad vir onderwys, op die wyse by regulasie voorgeskryf, in te stel.<sup>5</sup> Die Minister het dan ook Regulasie nr. 1 van 16 September 1975 by wyse van Goewermentskennisgewing

2. Vgl. Rupert, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p.53.

3. Vgl. ibid., pp.53-54.

4. Kyk Bophuthatswana-wet op Onderwys, art. 33.

5. Kyk ibid., art. 31.

nr. 34 met betrekking tot die instelling van 'n adviesraad vir onderwys van Bophuthatswana uitgevaardig. Die raad heet die Adviesraad vir Bophuthatswana Onderwys.

### 3.2.3 Onderwysinrigtings wat met die Departement skakel.

In Bophuthatswana bestaan daar die volgende onderwysinrigtings wat met die Departement van Onderwys skakel:

- (i) Regeringskole: (a) 'n Tegnieese kollege, (b) opleidingskole vir primêre- en junior sekondêre onderwysers, (c) vakskole, (d) na-primêre tegnieese en ambagskole, (e) junior en senior sekondêre skole, (f) 'n skool vir seuns van kapteins, hoofmanne en raadslede.
- (ii) Ondersteunde skole: (a) Gemeenskapskole (laer en hoër primêr, junior en senior sekondêr), (b) mynskole (laer en hoër primêr), (c) ingelyste skole, (d) spesiale skole vir liggaamlik gestremdes.
- (iii) Private skole: (a) Laer en hoër primêre skole, (b) junior en senior sekondêre skole, (c) vakskole, (d) aandskole en voortsettingsklasse.

### 3.2.4 Vakkundige en hulpdienste deur Departement onderneem.<sup>6</sup>

Die volgende vakkundige en hulpdienste word deur die 2 afdelings van die Departement, naamlik die vakkundige en administratiewe afdelings, verskaf:

- (i) Beplanning
- (ii) Inspeksie
- (iii) Biblioteekdiens
- (iv) Taaldiens
- (v) Kultuursake
- (vi) Spesiale onderrig
- (vii) Sport en ontspanning
- (viii) Indiensopleiding
- (ix) Verskeie administratiewe hulpdienste

---

6. Inligting verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.



### 3.2.5 Adviserend en koördinerend ten opsigte van spesifieke aspekte van die onderwys.

Aangesien Bophuthatswana se Departement van Onderwys die leerplanne van die Departement van Bantoe-onderwys volg en die Departement van Bantoe-onderwys die eksamenliggaam vir alle eksterne eksamens is, is dit noodsaaklik dat die Departement van Onderwys van Bophuthatswana verteenwoordiging sal hê in sommige rade en komitees. Gevolglik word die Departement regstreeks verteenwoordig in byvoorbeeld die Eksamenraad vir Bantoe-onderwys met sy verskillende vakkomitees en die verteenwoordigende boekekomitee met sy subkomitees, om koördinering ten opsigte van spesifieke aspekte van die onderwys te bewerkstellig.


Om verdere interdepartementele koördinering te bewerkstellig word Bophuthatswana se Departement van Onderwys deur die Departement van Bantoe-onderwys verteenwoordig in sekere komitees en rade wat nie voorsiening maak vir elke tuisland nie. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad is 'n voorbeeld hiervan.<sup>7</sup>

### 3.2.6 Plaaslike bestuursliggame wat met die Departement saamwerk.

Plaaslike bestuursliggame is uitvoerende organe met 'n meer beperkte gesagsgebied met 'n taak wat beperk is tot bestuur. In die Bophuthatswana-wet op Onderwys van 1973, word voorsiening gemaak vir die instelling van rade, komitees of ander liggame vir deelname aan die bestuur van sekere skole.<sup>8</sup> Om ouers van leerlinge in staat te stel om deel te hê aan die bestuur van skole bestaan daar reeds by gemeenskapsskole statutêre skoolkomitees met wye bevoegdhede, pligte en werksaamhede. Hierdie bevoegdhede sal, volgens inligting deur die Departement verskaf, in die nabye toekoms uitgebrei word om ook beheer oor koshuise verbonde aan gemeenskapsskole in te sluit, terwyl statutêre koshuisrade vir koshuise verbonde aan regeringskole ook beoog word. Skoolrade bestaan in Bophuthatswana slegs in adviserende hoedanigheid en het in die praktyk feitlik geheel en al verdwyn, terwyl hulle werksaamhede deur skoolkomitees en kringinspekteurs oorgeneem is.

7. Vgl. Ruperti, R.M., Organogram van die Suid- en Suidwes-Afrikaanse Onderwysstelsel (Mei 1973), p.29.

8. Vgl. Bophuthatswana-wet op Onderwys, art.



233347

Bestuursliggame van private skole werk ook met die Departement saam alhoewel hulle geheel en al onafhanklik van die Departement funksioneer, en onder direkte beheer van die eienaars van die skole of hulle verteenwoordigers staan.

### 3.2,7 Skakeling met die Departement van Bantoe-onderwys.

Die Departement van Bantoe-onderwys oefen beheer uit oor kurrikula en leerplanne, is die eksterne eksamenliggaam en reik verskillende diplomas en sertifikate uit.<sup>9</sup> Benewens hierdie funksies van die Departement van Bantoe-onderwys wat skakeling noodsaaklik maak, is daar 3 blanke onderwysadviseurs asook 'n aantal blanke onderwysers verbonde aan Bophuthatswana se Departement van Onderwys wat op die diensstaat van die Departement van Bantoe-onderwys is. Hierdie blankes wat almal betrokke is by na-primêre onderwys, veral onderwysers- en vakopleiding, word deur die Departement van Bantoe-onderwys aanbeveel vir aanstelling of onttrekking en goedgekeur deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.<sup>10</sup>

### 3.3 Administrasie en aanverwante sake.

#### 3.3.1 Interne organisasie van die Departement soos op 31 Maart 1977.<sup>11</sup>

Aan die hoof van die Departement van Onderwys staan die Sekretaris van Onderwys (tans mnr. J.M. Ntsime) wat direk verantwoordelik is aan die Minister van Onderwys (sedert die ontstaan van die Departement mnr. M. Setlhogelo). Die Minister en Sekretaris word elkeen bygestaan deur 1 persoonlike klerk. Vir doeleindes van beheer word die aktiwiteite van die Departement in die hoofkantoor te Mafeking verdeel onder 2 takke, naamlik 'n vakkundige- en 'n administratiewe tak. Gedesentraliseerde beheer word toegepas vanuit 14 kringkantore wat oor die hele gebied versprei is.

Die vakkundige tak, met 'n assistent-sekretaris (vakkundige) aan die hoof, het ten doel om bepaalde vakkundige dienste te lewer. Die vakkundige tak

9. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.24.

10. Gegewens verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.

11. Gegewens verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met die Assistent-sekretaris (administratief), mnr. C.A. du Preez, op 20 Junie 1977. Vgl. ook Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.42.

is georganiseer in die volgende 7 afdelings:

- (i) Afdeling Beplanning: Hierdie afdeling, met 'n hoofonderwysbeplanner as hoof, het ten doel om onderwys by plaaslike behoeftes aan te pas en verrig die beplanningsfunksie van akademiese- sowel as spesiale- en tegniese onderwys. Dit word dan ook verder onderverdeel in 2 seksies, naamlik 'n seksie elk vir akademies- en vir spesiale en tegniese onderwysbeplanning. Elkeen van hierdie seksies bestaan uit 1 onderwysbeplanner en 1 graad II-klerk.
- (ii) Afdeling Onderwysdienste: Hierdie afdeling, met 'n hoofinspekteur as hoof, oefen beheer uit oor formele onderrig, bevorder onderrig in spesiale vakke en help om onderwys by plaaslike behoeftes aan te pas. Hierdie afdeling is onderverdeel in die volgende 3 onderafdelings:
  - (a) Onderafdeling onderwysstruktuur: Oefen beheer uit oor die onderwysstruktuur, en word beman deur 2 inspekteurs van skole wat gemoeid is met die gladde verloop van die oorskakeling vanaf die dertienjaarstruktuur na die twaalfjaarstruktuur wat in 1976 'n aanvang geneem het en teen 1980 voltooi sal word.
  - (b) Onderafdeling spesiale onderrig: Gee leiding in en oefen beheer uit oor die onderrig van spesiale vakke. Dit word beman deur 8 organiseerders van spesiale vakke.
  - (c) Onderafdeling kringkantore: Oefen beheer uit oor formele onderrig. Dit behels onder andere die gereelde inspeksie van skole en koshuise, moderering van eksamenvraestelle en -punte, leiding aan onderwyspersoneel en 'n aantal toegewese administratiewe dienste. Hierdie funksies word verrig vanuit 14 kringkantore wat oor die hele Bophuthatswana versprei is en wat elkeen beman word deur 1 kringinspekteur, 2 assistent-inspekteurs, 1 graad I-klerk, 1 graad II-klerk en 1 bode. Die 14 inspeksiekringe is die volgende: Ditsobotla, Gá-Rankuwa, Jericho, Kuruman, Mabopane, Mafeking, Makapanstad, Mankwe, Moretele-Moutse, Taung, Temba, Thaba'Nchu, Tlhabane en Welgedacht.

- (iii) Afdeling Taaldienste: Hierdie afdeling het 'n Direkteur van Taaldienste aan die hoof en word onderverdeel in twee seksies, naamlik 'n vertaaldienste en 'n taalontwikkelingsseksie. Die seksie vertaaldienste is belas met die vertaling van alle regeringsdokumente uit Engels en Afrikaans in Setswana en word beman deur 1 assistent-direkteur, 1 eerste/hoof vakkundige beampte, 1 senior/eerste vakkundige beampte en 1 vakkundige beampte/senior. Die seksie taalontwikkeling het as funksie die bevordering van die ontwikkeling van Setswana en die standardisering van Tswana-terminologie. Dit word beman deur 1 assistent-direkteur en 1 eerste/hoof vakkundige beampte.
- (iv) Afdeling Kultuur: Hierdie afdeling word beman deur 2 organiseerders van kultuur en 1 assistent-klerk en bevorder die Tswana-kultuur deur die stigting en aktivering van kultuurburo's, kultuurhistoriese navorsing en die bevordering van die kultuur by die jeug in skole.
- (v) Afdeling Sport en Ontspanning: Hierdie afdeling word beman deur 2 organiseerders van sport om georganiseerde sport en ontspanning te bevorder. Dit word bereik deur onder andere fasiliteite te skep om sport te beoefen, leiding te gee aan instruksies, kompetisies te reël en afrigtingskursusse te organiseer.
- (vi) Afdeling Biblioteek: Hierdie afdeling word beman deur 2 vakkundige beamptes wat 'n biblioteekdiens aan skole lewer. Publikasies word gekeur, aangevra, bestel, geïndekseer en versprei terwyl skoolbiblioteke sover as moontlik geaktiveer word.
- (vii) Afdeling Indiensopleiding: Een inspekteur van onderwys bygestaan deur 5 skoolhoofde is belas met die indiensopleiding van onderwysers. Hierdie afdeling konsentreer veral op die indiensopleiding van onderwysers van spesifieke vakke soos wiskunde, natuur- en skeikunde, biologie, Engels en Afrikaans. Indiensopleidingskursusse word ook in verskillende streke aangebied om ongekwalifiseerde onderwysers te help om die Primêre Onderwysertifikaat deur deeltydse studie te verwerf.
- (viii) Benewens bogenoemde afdelings is daar ook 1 hoofinspekteur, 1 inspekteur van onderwys en 1 klerk graad II wat direk met regeringskole

(veral sekondêre-, vak- en onderwysersopleidingskole) skakel en beheer uitoefen oor 'n groot aantal administratiewe en ander skool- en koshuispersoneel verbonde aan regeringskole.

- (ix) Al die poste in (i) tot (viii) genoem word deur Batswana beklee en hulle word bygestaan deur 3 blanke onderwysadviseurs wat op die diensstaat van die Departement van Bantoe-onderwys is. Twee van hulle, één waarvan spesifiek belas is met ambags- en tegniese onderwys, beklee inspekteurstatus, terwyl die oorblywende pos gelykstaande is aan 'n skoolhoof en spesifiek gemoeid is met die onderrig van natuurwetenskappe en in die besonder die indiensopleiding van wetenskaponderwysers.

Die Tak Administrasie met 'n assistent-sekretaris (administratief) aan die hoof het die lewering van administratiewe hulpdienste ten doel en bestaan uit die volgende 3 afdelings:

- (i) Afdeling Finansies: Hierdie afdeling, met 'n rekenmeester aan die hoof, behartig alle finansiële aangeleenthede en word onderverdeel in die volgende 2 seksies:
- (a) Seksie rekeninge: Oefen finansiële beheer uit oor alle departementele aankope. Dit word gedoen deur kontrolering en sertifisering van gelewerde rekeninge, byhou van verpligtingsregister en beheer oor skolefinansies. Hierdie seksie word beman deur 1 assistent-rekenmeester en 8 graad I-klerke.
- (b) Seksie salarisse: Hierdie seksie bereken en pas salarisse aan, betaal salarisse en besorg salaristjeks aan personeel. Dit word beman deur 1 assistent-rekenmeester, 3 graad I-klerke, 9 graad II-klerke en 1 assistent-klerk.
- (ii) Afdeling Voorrade: Hierdie afdeling met 'n eerste klerk as hoof behartig alle voorrade-aangeleenthede. Dit verkry, ontvang, bewaar en versprei alle voorrade en uitrusting. Dit word onderverdeel in die volgende 2 seksies:
- (a) Seksie verkryging: Verkry voorrade deur kontrakte aan te gaan, voorkeurlyste op te stel en bestellings te plaas. Dit word beman deur 1 senior klerk, 1 graad I-klerk, 2 graad II-klerke en

2 assistent-klerke.

- (b) Seksie magasyndienste: Ontvang, bewaar en versprei voorrade en oefen beheer uit oor distrikmagasyne. Dit word beman deur 1 senior klerk, 2 graad I-klerke, 2 graad II-klerke, 2 assistent-klerke en 3 arbeiders.
- (iii) Afdeling Personeel en Skole: Hierdie afdeling, met 'n hoofklerk as hoof, behartig personeelsake en skole-aangeleenthede. Dit word onderverdeel in die volgende 2 onderafdelings elkeen met 3 seksies:
- (a) Onderafdeling personeel: Hierdie onderafdeling, met 'n eerste klerk as hoof, behartig personeelsake van administratiewe- en onderwyspersoneel en pas die algemene diensvoorwaardes toe. Dit is onderverdeel in die volgende drie seksies:
- (1) Seksie administratiewe personeel, wat die voorsiening, bevordering, oorplasing en bedanking van administratiewe personeel behartig en beman word deur 1 senior- en 2 graad II-klerke.
  - (2) Seksie onderwyspersoneel; wat die voorsiening, bevordering, oorplasing en bedanking van onderwyspersoneel behartig en beman word deur 1 senior klerk, 2 graad I- en 11 graad II-klerke.
  - (3) Seksie diensvoorwaardes, wat personeelsake soos verlof, toelaes, pensioen en personeelrekords behartig en wat beman word deur 1 senior klerk, 2 graad I- en 7 graad II-klerke.
- (b) Onderafdeling skole en algemeen: Hierdie onderafdeling, met 'n eerste klerk as die hoof, oefen administratiewe beheer oor skole uit, lewer algemene administratiewe hulpdienste en versamel statistiek. Om hierdie 3 funksies te kan verrig, is dit onderverdeel in die volgende 3 seksies:
- (1) Seksie skole-administrasie, wat administratiewe beheer oor skole uitoefen en sake soos registrasie van skole,

vergunnings tot okupasie, beursaansoeke en kontroëlering van die verkiesing van skoolkomitees behartig. Dit word beman deur 1 senior klerk, 2 graad I- en 5 graad II-klerke.

- (2) Seksie algemene hulpdienste, wat algemene administratiewe hulpdienste soos tikwerk, dupliseerwerk, amptelike vervoer, pos, ensovoorts, behartig. Dit word beman deur 2 graad I-, 3 graad II-, 7 assistent-klerke, 3 tiksters en 2 bodes.
- (3) Seksie statistiek, wat skole-statistiek versamel en byhou. Dit word beman deur 1 graad I-, 1 graad II- en 1 assistent-klerk.

### 3.3.2 Die bestuur van skole.

Ingevolge die bepalings van artikels 3, 4 en 5 van die Bophuthatswana-wet op Onderwys van 1973 word alle skole in Bophuthatswana ingedeel in 3 groot groepe, naamlik regeringskole, private skole en ondersteunde skole. Die bestuur van hierdie drie groepe skole vind op verskillende maniere plaas afhange van hoofsaaklik van wie die eienaar van die skool is. Tabel 3.3.2 toon die getal skole in Bophuthatswana volgens beheer vanaf 1969 tot 1972.<sup>12</sup>

Uit tabel 3.3.2 blyk dit dat verreweg die meeste skole in Bophuthatswana ondersteunde skole, en by name gemeenskapskole, is. Hierdie skole word deur gemeenskapsowerhede byvoorbeeld stamowerhede of ander plaaslike owerhede opgerig en onderhou. Na oprigting in ooreenstemming met goedgekeurde departementele planne, word die skole deur die Departement geregistreer en kan die betrokke plaaslike owerheid by die Departement aansoek doen om 'n terugbetaling van 'n gedeelte van die oprigtingskoste op 'n Rand-vir-Rand basis.<sup>13</sup> Die bestuur van 'n gemeenskapskool berus by die skoolkomitee van so 'n skool.

12. Saamgestel uit Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslae 1969-1976.

13. Persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime op 29 April 1977.

TABEL 3.3.2 - BOPHUTHATSWANA, GETAL SKOLE VOLGENS BEHEER, 1969 - 1976.

SKOLE	1969	1970	1971	1972	1973	1974	1975	1976
Staat-/gebiedskole	7	7	8	7	15	16	19	21
Ondersteunde skole:								
Gemeenskapskolé	577	609	639	667	686	729	789	874
Mynskole	4	2	1	2	2	2	2	2
Hospitaalskole	2	2	2	1	-	-	-	-
Ingelyste skole	3	3	3	4	4	4	4	4
Spesiale skole	-	-	4	4	4	4	4	3
SUBTOTAAL	593	623	657	685	711	755	818	904
Private skole:								
Rooms-Katolieke Kerk	20	17	18	18	18	17	12	12
Ander kerk en privaat	3	3	4	4	4	4	4	4
Aandskole en voortsettings-klasse	-	-	2	2	2	2	2	1
TOTAAL	616	647	681	709	735	778	836	921

'n Skoolkomitee vir 'n gemeenskapskool bestaan uit 9 lede - 5 ouers op 'n ouervergadering verkies en 4 lede deur die kringinspekteur benoem na raadpleging met plaaslike belanghebbende persone. 'n Voorsitter en vise-voorsitter word deur die kringinspekteur benoem uit die lede van die skoolkomitee.<sup>14</sup> 'n Skoolkomiteelid beklee sy amp vir 3 jaar en gewone vergaderings word minstens een keer per kwartaal gehou, terwyl buitengewone vergaderings te enige tyd deur die voorsitter belê kan word.<sup>15</sup>

Die pligte, bevoegdhede en werksaamhede van 'n skoolkomitee is soos volg:<sup>16</sup>

- (i) Die skoolkomitee bring enige saak wat die welsyn of doeltreffendheid van die gemeenskapskool raak onder die aandag van die inspekteur.

14. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Goewermentskennisgewing nr. R. 1755 in Staatskoerant nr. 2175 van 30 September 1968, p.14.

15. Vgl. ibid.; pp.15 - 17.

16. Kyk ibid., pp.18 - 19.



- (ii) Die skoolkomitee kan 'n leerling van 'n gemeenskapskool uit die skool sit om enige rede wat die komitee as voldoende beskou. Die ouers van sodanige leerling het die reg tot appél by die kringinspekteur.
- (iii) Die skoolkomitee ondersoek enige klag rakende die skool of onderwyspersoneel en verwys dit, indien nodig, na die kringinspekteur.
- (iv) Die skoolkomitee maak 'n aanbeveling by die kringinspekteur dat 'n ondersoek ingestel word indien, na die mening van die komitee, enige onderwyspersoneellid nie die nodige kwalifikasies vir sy betrekking besit nie, onbevoeg is om onderrig deur die voorgeskrewe taalmedium te gee of weens enige gebrek onbekwaam is om onderrig te gee.
- (v) Die skoolkomitee skenk oorweging aan alle inspeksieverslae en doen aanbevelings by die kringinspekteur oor enige saak vermeld in die verslae.
- (vi) Die skoolkomitee dien die kringinspekteur met advies en doen aanbevelings in verband met die aanstelling van onderwysers.
- (vii) Die skoolkomitee stig, beheer en administreer die skoolfondse van die betrokke gemeenskapskool.
- (viii) Die skoolkomitee hou toesig oor die geboue, terrein, skoolmeubels en -uitrusting van die betrokke skool en adviseer die kringinspekteur oor enige tekortkomings betreffende hierdie aangeleenthede.
- (ix) Die voorsitter van die skoolkomitee belê gedurende Maart van elke jaar 'n algemene quervergadering waarop 'n staat van inkomste en uitgawe van die skoolfonds vir die vorige boekjaar sowel as die begroting vir die nuwe boekjaar asook 'n jaarverslag deur die prinsipaal voorgelê moet word.

(In die nuwe beoogde regulasie van Bophuthatswana word die pligte van 'n skoolkomitee uitgebrei om ook die beheer en bestuur van

koshuise verbonde aan ondersteunde skole in te sluit.<sup>17</sup>

Soos uit die werksaamhede van die skoolkomitees blyk, skakel dié komitees met die Departement van Onderwys deur die kringinspekteurs en gevolglik word departementele beheer oor gemeenskapskole uitgeoefen deur gereelde inspeksies deur die kringinspekteurs.

Mynskole is skole wat ingestel, in stand gehou en beheer word deur die eienaar van 'n myn vir die doel van die onderwys van kinders van bona fide werknemers van die myn. Die bestuursliggame van hierdie skole bestaan dus, soos ook in die geval van ongesubsidieerde private skole, uit verteenwoordigers van die eienaars. Departementele beheer word weereens uitgeoefen deur gereelde inspeksies deur kringinspekteurs.<sup>18</sup>

Ingelyste skole is skole wat om een of ander rede nie geklassifiseer kan word as ondersteunde gemeenskapskole of myn- en fabriekskole of aandskole en voortsettingsklasse of spesiale skole nie en wat ingestel, in stand gehou en beheer word deur enige persoon.<sup>19</sup>

Private skole, in Bophuthatswana hoofsaaklik Rooms-Katolieke Kerk skole (kyk tabel 3.3.2), ontvang geen staatshulp nie en die bestuursfunksie is gevolglik geheel en al in die hande van die eienaars. Hierdie skole is ook onderworpe aan departementele inspeksies.<sup>20</sup>

Daar bestaan in Bophuthatswana 3 spesiale skole vir liggaamlik gestremde leerlinge, naamlik (i) Bartimea, 'n skool vir dowe en blinde kinders by Thaba'Nchu, wat 'n regeringsskool is; (ii) Kutlwanong, 'n skool vir dowes naby Rustenburg, wat 'n N.G. Kerk skool is; (iii) Tlamelang, 'n skool vir kreupeles naby Lichtenburg, wat ook 'n N.G. Kerk skool is. Laasgenoemde 2 is ondersteunde skole wat elk 'n bestuursliggaam het wat bestaan uit regeringverteenwoordigers en verteenwoordigers van die borgliggaam dit wil sê die N.G. Kerk. Vir die regeringsskool, Bartimea, bestaan daar geen

---

17. Gegewens verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met die Assistentsekretaris (administratief), mnr. C.A. du Preez, op 20 Junie 1977.

18. Ibid.

19. Ibid.

20. Gegewens verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.

besondere bestuursreëlings nie en die bestuur gaan dus grotendeels saam met die algemene beheer deur die departementele inspekteurs uitgeoefen.<sup>21</sup>

Die bestuur van regeringskole, dit wil se skole wat geheel en al deur die Bophuthatswanaregering opgerig en gefinansier word, is in die hande van die Departement van Onderwys wat gehelp word deur adviserende komitees wat by sodanige skole bestaan. Die adviserende komitees word deur die Departement vir 'n termyn van 3 jaar aangestel en hoef nie noodwendig uit ouers van die leerlinge van 'n spesifieke skool te bestaan nie. Die adviserende komitee van 'n regeringskool vergader ten minste een maal per kwartaal saam met die hoof van die skool en bedien die Departement met advies oor enige aangeleentheid rakende die skool. Daar bestaan by feitlik elke regeringskool so 'n komitee wat bloot in 'n adviserende hoedanigheid optree en gevolglik nie direk met die bestuur van die skool gemoeid is nie.<sup>22</sup>

In die bestuur van skole speel die kringinspekteur 'n baie belangrike rol. Sy professionele pligte sluit onder andere die volgende in:<sup>23</sup>

- (i) Gereelde inspeksie van alle primêre skole,
- (ii) indiening van inspeksieverslae by die Departement,
- (iii) organisering van indiensopleidingskursusse vir onderwysers in sy kring.

Die kringinspekteur se administratiewe pligte is onder andere soos volg:<sup>24</sup>

- (i) Kontrole oor die indiening van kwartaal- en jaarstate by die Departement,
- (ii) die registrasie van nuwe skole,
- (iii) die hantering van rekwisities vir meubels en ander toerusting vir skole,
- (iv) aansoeke om subsidies vir goedgekeurde onderwysposte by skole,
- (v) aanbevelings by die Departement insake die oorpasing en aanstellings van onderwysers,

21. Vgl. Departement van Bantoe-onderwys, Education and Careers for the Bantu peoples in the Republic of South Africa, pp.52-53.

22. Gegewens verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.

23. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.18.

24. Vgl. ibid., p.19.

- (vi) toesig en kontrole oor skoolfondse,
- (vii) die indiening van gereelde verslae aan die Sekretaris van Onderwys oor die toestand van skoolgeboue.

### 3.3.3 Die Adviesraad vir Bophuthatswana Onderwys.

Die Minister van Onderwys van Bophuthatswana het kragtens die bevoegdheid aan hom verleen ingevolge artikel 31 van die Bophuthatswana-wet op Onderwys van 1973, Regulasie nr. 1 van 16 September 1975 uitgevaardig met betrekking tot die instelling van 'n adviesraad vir onderwys vir Bophuthatswana. Die raad is gedurende November 1975 aangestel en het sy eerste vergadering op 9 Desember 1975 gehou met dominee Seane as die eerste voorsitter.

- (i) Samestelling van die raad:<sup>25</sup> Die raad bestaan uit 12 lede wat almal deur die Minister aangestel word. Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die Minister uit die lede van die raad aangewys, en die Departement van Onderwys stel 'n voltydse sekretaris tot beskikking van die raad.
- (ii) Uitvoerende komitee van die raad: Dit bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter en 1 ander lid van die raad wat deur die raad self aangewys moet word. Die uitvoerende komitee vergader een maal per kwartaal maar noodvergaderings kan te enige tyd gehou word met die voorafgaande goedkeuring van die Sekretaris van Onderwys.<sup>26</sup>
- (iii) Ampsduur van raadslede: Die ampstermyn van lede is 5 jaar en 'n lid kan by verstryking van sy ampstermyn weer aangestel word, of sy ampstermyn kan deur die Minister na goeë dunnke verleng word.<sup>27</sup>
- (iv) Onderkomitees van die raad: Die Minister kan onderkomitees van die raad aanstel om werk te verrig wat aan hulle opgedra word. 'n Onderkomitee bestaan uit 6 lede van die raad met 'n voorsitter en

---

25. Kyk Bophuthatswana, Goewermentskennisgewing nr. 34 in Amtelike Koerant nr. 35 van 26 September 1975, p.10.

26. Kyk ibid., p.10.

27. Vgl. ibid., p.11.

ondervoorsitter wat deur die Minister aangewys word uit die lede van die onderkomitee. 'n Onderkomitee kies self uit eie geledere 'n sekretaris en hy, saam met die voorsitter en ondervoorsitter van die onderkomitee, vorm 'n uitvoerende komitee wat een maal per kwartaal moet vergader. Die ampstermyn van lede van 'n onderkomitee is gelyklopend met hul ampstermyn as lede van die raad.<sup>28</sup>

(v) Spesiale komitees van die raad: Die Minister kan, in oorleg met of op versoek van die raad, spesiale komitees aanstel waarop persone met besondere kennis of ondervinding van enige aspek van die onderwys en wat nie lid van die raad is nie, ook mag dien. Die voorsitter van 'n spesiale komitee moet 'n lid van die raad wees. So 'n spesiale komitee verrig werksaamhede wat die Minister in oorleg met die raad bepaal.<sup>29</sup>

(vi) Funksies van die raad:<sup>30</sup>

(a) Die raad moet die Minister in die algemeen van advies dien aangaande enige aangeleentheid wat na die raad vir advies verwys word of waaromtrent die raad dit nodig ag om die Minister van advies te dien.

(b) Die raad moet in samewerking met die Departement van Onderwys die breë beginsels van gesonde onderwys vir Bophuthatswana as geheel help bepaal, en die onderwysbeleid in die algemeen help koördineer met die oog op aanpassings van die onderwysstelsel by die behoeftes van Bophuthatswana.

(c) Die raad moet hom beywer om die aansien van die onderwysberoep en diegene wat daarin staan te handhaaf en te bevorder.

(d) Die raad kan met goedkeuring van die Minister enige persoon koöpteer om hom behulpsaam te wees in sy werksaamhede. So 'n persoon kan ook toegelaat word om vergaderings van die raad

28. Vgl. ibid., pp.11-12.

29. Kyk ibid., p.12.

30. Kyk ibid., pp.12-13.

by te woon maar hy het nie die reg om te stem nie.

- (e) Die funksies van onderkomitees van die raad stem woordeliks ooreen met bogenoemde funksies van die raad, met die verskil dat hulle die raad en nie die Minister nie van advies dien.
- (vii) Vergaderings van die raad: Die raad vergader minstens 1 keer en hoogstens 2 keer per kalenderjaar, maar noodvergaderings kan te enige tyd gehou word met die voorafgaande goedkeuring van die Sekretaris van Onderwys. Die helfte van die totale lede van die raad plus 1 vorm 'n kworum. Beslissings word met 'n meerderheid van stemme geneem en die voorsitter het benewens sy gewone stem ook, in die geval van 'n staking van stemme, 'n beslissende stem. Al hierdie bepalings is ook van toepassing op 'n onderkomitee van die raad.<sup>31</sup>
- (viii) Notules van raadsvergaderinge: Die sekretaris van die raad hou notule van alle verrigtinge en besluite van elke vergadering. Die notule van elke vergadering word na afloop daarvan aan die Sekretaris van Onderwys voorgelê vir insae en vir oorweging deur die Minister.<sup>32</sup>
- (ix) Toelae betaalbaar aan lede: 'n Lid van die raad wat nie voltyds in diens van die Bophuthatswanaregering is nie, is geregtig op 'n toelae wat bestaan uit R6 per dag verblyf-koste, plus R6 per dag vir elke dag wat hy 'n vergadering bywoon of werk verrig in opdrag van die raad, plus reiskoste teen regeringstarief om 'n vergadering by te woon of werk te verrig vir die raad.<sup>33</sup>

### 3.4 Finansiering van die onderwys.

#### 3.4.1 Inkomstefonds van Bophuthatswana.

Inkomste vir staatsbesteding, wat dus ook besteding ten opsigte van onderwys

31. Vgl. ibid., p.14.

32. Vgl. ibid., pp.14-15.

33. Vgl. ibid., pp.15-16.

insluit, word verkry uit die Inkomstefonds van Bophuthatswana. Die inkomstebronne van die Inkomstefonds word bepaal en gereël deur die Grondwet van die Bantoetuislande van 1971, soos gewysig, van die sentrale regering. Dit bring mee dat daar vanaf 1 April 1972 die volgende 3 hoof inkomstebronne is:

- (i) Inkomste uit eie bronne: Hierdie inkomstebron is deur bogenoemde wet aansienlik uitgebrei deurdat sekere inkomste wat voorheen die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die Republiek van Suid-Afrika toegeval het, vanaf 1 April 1972 in die Inkomstefonds van Bophuthatswana gestort word.<sup>34</sup> Dit sluit onder andere direkte belastings op burgers van die gebied in wat tot gevolg gehad het dat inkomste uit algemene belastings gestyg het van R22 411 vir die boekjaar 1971/72 tot R2 144 983 vir die boekjaar 1972/73.<sup>35</sup> Die totaal van inkomste uit eie bronne het gestyg vanaf R2 232 633 vir die boekjaar 1971/72 tot R5 059 570 vir die boekjaar 1972/73.<sup>36</sup> Ander eie bronne van inkomste is onder andere die volgende: Plaaslike belasting, lisensiegelde (motor, drank, algemeen), boetes en verbeurdverklarings, koshuisgeld, huurgeld van regerings-eiendom en rente.<sup>37</sup>
- (ii) Statutêre toekenning uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds: Hierdie toekenning word jaarliks volgens die formule wat in artikel 6 (2) (c) van die Grondwet van die Bantoetuislande van 1971 voorgeskryf word, bereken, en uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die Republiek van Suid-Afrika in die Inkomstefonds van Bophuthatswana inbetaal.<sup>38</sup>
- (iii) Addisionele bedrag uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds: Benewens die Statutêre toekenning kan die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika ook nog jaarliks, ingevolge artikel 6 (2) (d) van

34. Inligting verskaf deur Bophuthatswana se Departement van die Hoofminister en Finansies op 21 Junie 1977.

35. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die appropriasierekenings en die Finansiële state van die Bophuthatswana-regering vir die boekjaar 1972/73, p.45.

36. Kyk loc.cit.

37. Kyk loc.cit.

38. Vgl. loc.cit.

bogenoemde wet, 'n addisionele bedrag uit die Gekonsolideerde Inkomste-fonds bewillig "vir die behoorlike uitvoering van dienste en pligte wat ingevolge die Grondwet aan die regering van die gebied toegewys is."<sup>39</sup>

Die formule vir die berekening van die Statutêre toekenning is met ingang 1 April 1975 verander deur 'n wysiging van artikel 6 (2) (c) van die Grondwet van die Bantoe-tuislande van 1971. Hierdie wysiging het, volgens die Departement van die Hoofminister en Finansies, nie die beskikbaarheidstelling van fondse geaffekteer nie, maar het slegs 'n hersiening van die verdeling van die twee komponente, naamlik die Statutêre toekenning en die Addisionele bedrag, meegebring. Die berekening van die jaarlikse Statutêre toekenning geskied vanaf 1 April 1975 soos volg:

- (i) Die bedrag gedurende die boekjaar geëindig 31 Maart 1974 in Bophuthatswana Inkomstefonds inbetaal ten opsigte van aangeleenthede waarvan die administrasie voor 1 April 1974 aan Bophuthatswana oorgedra is, dit wil sê die Statutêre toekenning vir die 1973/74 boekjaar,<sup>40</sup>
- (ii) plus die bedrag wat gedurende die boekjaar geëindig 31 Maart 1974 ingevolge artikel 6 (2) (d) van die Grondwet van die Bantoe-tuislande van 1971, in die Inkomstefonds van Bophuthatswana inbetaal is, dit wil sê die Addisionele bedrag vir die 1973/74 boekjaar,<sup>41</sup>
- (iii) min 'n bedrag wat van tyd tot tyd deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in oorleg met die Minister van Finansies van die Republiek van Suid-Afrika bepaal word en wat in ooreenstemming is met die bedrag wat gedurende die boekjaar wat die datum van die bepaling voorafgaan, by wyse van belasting gehef is op die inkomste, profyte of winste van maatskappye wat deur so-danige maatskappye verkry is uit transaksies wat hulle in Bophuthatswana bedryf het. Hierdie genoemde maatskappye sluit nie private maatskappye waarin swartes die beherende aandeel het,

39. Republiek van Suid-Afrika, Grondwet van die Bantoe-tuislande, 1971, art. 6 (2) (d).

40. Vgl. ibid., art. 6 (2) (c) soos gewysig deur Wet 9/1975 art. 7.

41. Vgl. loc.cit.



en sake binne die tuisland doen, in nie,<sup>42</sup>

- (iv) min 'n bedrag wat, op presies dieselfde wyse as die bedrag in (iii) hierbo bereken, aan die Gekonsolideerde Inkomstefonds toeval by wyse van doeane-, aksyns- en verkoopregte wat in Bophuthatswana verkry is,<sup>43</sup>
- (v) plus 'n bedrag ten opsigte van enige aangeleentheid waarvan die administrasie aan Bophuthatswana oërgedra is of word en ten opsigte waarvan geen bedrag by die bedrag in (i) hierbo ingesluit is nie. Hierdie bedrag moet in ooreenstemming wees met die uitgawe wat die Regering van die Republiek in verband met die aangeleentheid gehad het in die boekjaar wat die datum van oordrag voorafgaan, min die inkomste uit bestaande bronne van inkomste wat in die bedoelde boekjaar die Gekonsolideerde Inkomstefonds toegeval het en na die oordrag die Inkomstefonds van Bophuthatswana sal toeval.<sup>44</sup>
- (vi) Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kan, in oorleg met die Minister van Finansies van die Republiek van Suid-Afrika enige van die bedrae in (i) tot (v) genoem aanpas met inagneming van ekonomiese en ander faktore wat hulle goedvind.<sup>45</sup>

Besonderhede van die inkomste wat die Inkomstefonds van Bophuthatswana toegeval het uit eie bronne van inkomste sowel as deur Statutêre toekennings en Addisionele bedrae uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds vir die boekjare 1972/73 tot 1977/78 word weergegee in tabel 3.4.1.1.<sup>46</sup> Die syfers ten opsigte van 1976/77 en 1977/78 is begrote syfers<sup>47</sup> aangesien die werklike syfers nog nie beskikbaar is nie.

---

42. Vgl. loc.cit.

43. Vgl. loc.cit.

44. Vgl. loc.cit.

45. Vgl. loc.cit.

46. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Verslae van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die Rekenings van die Bophuthatswana-regering vir die boekjare 1972/73 tot 1975/76.

47. Kyk Bophuthatswana, Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1978 eindig, p.3.

TABEL 3.4.1.1. - BOPHUTHATSWANA INKOMSTEFONDS, INKOMSTE VIR DIE BOEKJARE 1972/73 TOT 1977/78

Inkomstebronne	1972/73	1973/74	Werklike bedrae		Begrote bedrae	
			1974/75	1975/76	1976/77	1977/78
1. Eie inkomstebronne	5 059 570	7 275 533	9 254 162	11 952 440	11 801 000	13 000 000
2. Statutêre toekennings ingevolge artikel 6 (2) (c) van Wet 21 van 1971	8 244 000	8 177 000	7 464 000	23 515 100	25 052 000	26 795 000
3. Addisionele bedrae ingevolge artikel 6 (2) (d) van Wet 21 van 1971	4 126 000	7 301 000	18 800 000	14 904 000	16 105 000	23 874 000
<b>TOTALE</b>	<b>17 429 570</b>	<b>22 753 533</b>	<b>35 518 162</b>	<b>50 371 540</b>	<b>52 958 000</b>	<b>63 669 000</b>

TABEL 3.4.2.1 - BOPHUTHATSWANA, UITGAWES TEN OPSIGTE VAN ONDERWYS, 1972/73 - 1977/78

Besonderhede	Werklike uitgawes			Begrote uitgawes		
	1972/73	1973/74	1974/75	1975/76	1976/77	1977/78
A. Salarisse, lone en toelaes	1 190 679	1 495 282	9 523 951	11 292 948	14 901 000	15 772 800
B. Verblyf- en vervoerkoste	70 110	58 672	80 295	142 875	132 000	120 000
C. Pos-, telegraaf- en telefoondienste	(a)	(a)	(a)	(a)	(a)	(a)
D. Drukwerk, skryfbehoeftes, advertensies en publikasies	13 561	8 855	18 984	19 881	4 000	6 000
E. Diverse uitgawes	437 520	411 478	536 010	968 440	1 181 000	1 347 000
F. Regeringskole en koshuise	280 390	236 836	447 013	527 608	867 000	597 000
G. Ondersteunde skole	4 137 433	5 118 223	321 054	1 056 787	1 015 000	400 000
H. Beurse en lenings	26 103	20 256	32 514	45 408	60 000	60 000
J. Opleiding van nywerheids- werkers	-	-	1 204	4 788	12 000	12 000
K. Woordeboekprojek	-	-	-	-	10 000	10 000
L. Sport en ontspanning	-	-	830	1 462	10 000	10 000
M. Uitvoerende kunste	-	-	-	-	3 000	2 000
<b>TOTAAL</b>	<b>6 155 797</b>	<b>7 349 602</b>	<b>10 961 855</b>	<b>14 060 197</b>	<b>18 195 000</b>	<b>18 336 800</b>

(a) Voorsiening gemaak onder Begrotingspos-Hoofminister en Finansies.

### 3.4.2 Regeringsbesteding ten opsigte van onderwys.

Besteding ten opsigte van onderwys uit die Inkomstefonds word onder die Begrotingspos "Onderwys" deur die Wetgewende Vergadering voorsien. Besonderhede van uitgawes ten opsigte van onderwys vir die boekjare 1972/73 tot 1977/78 word in tabel 3.4.2.1 weergegee.<sup>48</sup>

Die gegewens ten opsigte van die boekjare 1976/77 en 1977/78 is begrote syfers<sup>49</sup> aangesien die werklike syfers nóg nie beskikbaar is nie.

Genoemde uitgawes in tabel 3.4.2.1 ten opsigte van Onderwys sluit nie oprigtingskoste van geboue in nie. Hiervoor word voorsiening gemaak onder die begrotingspos "Werke". Die totale bedrae waarvoor in die hoofbegrotings voorsiening gemaak is ten opsigte van skool- en koshuisgeboue vir die boekjare 1972/73 tot 1977/78 word in tabel 3.4.2.2 aangetoon.<sup>50</sup>

TABEL 3.4.2.2 - BOPHUTHATSWANA, BEGROTE UITGAWES VIR OPRIGTING VAN SKOLE EN KOSHUISE, 1972/73 TOT 1977/78.

Boekjaar	1972/73	1973/74	1974/75	1975/76	1976/77	1977/78
Bedrag	244 700	98 000	70 000	390 000	390 000	276 000

### 3.4.3 Plaaslike finansiering.

Gemeenskapskole in stamgebiede word opgerig en/of vergroot deur stamowerhede uit eie fondse in ooreenstemming met goedgekeurde departementele bouplanne. Nadat die gebou deur die Departement goedgekeur is, kan die stamowerheid aansoek doen om 'n subsidie op 'n rand-vir-rand basis. By bestaande skole word aanbouings dikwels ook deur die skoolkomitee aangepak en gefinansier. Die Departement van Onderwys beraam die boubeste per klaskamer op R1 400 en gevolglik is die subsidie wat per

48. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Verslae van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die Rekenings van die Bophuthatswana-regering vir die boekjare 1972/73 tot 1975/76.

49. Kyk Bophuthatswana, Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1978 eindig, p.11.  
Die gegewens t.o.v. 1976/77 sluit ook die bedrae van die addisionele begroting in soos verstrekk deur die Departement van die Hoofminister en Finansies.

50. Kyk Bophuthatswana, Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die boekjare 1972/73 tot 1977/78 - Begrotingsposse Werke.

klaskamer toegestaan word, R700.<sup>51</sup> Tabel 3.4.3.1 toon die aantal klaskamers waarvoor om subsidies aansoek gedoen is deur stamowerhede en skoolkomitees, asook die aantal klaskamers wat deur die Departement gesubsidieer is en die totale bedrag aan bousubsidies uitbetaal gedurende die 1976/77 boekjaar.<sup>52</sup>

TABEL 3.4.3.1 - BOPHUTHATSWANA, DEPARTEMENT VAN ONDERWYS R-VIR-R  
BOUSUBSIDIE, 1976/77 BOEKJAAR.

Inspeksiekring	Aantal klaskamers opgerig	Aantal klaskamers gesubsidieer	Subsidie bedrag
Ditsobotla	66	38	R 26 600
Ga-Rankuwa	7	7	4 900
Jericho	45	28	19 600
Kuruman	7	7	4 900
Mabopane	27	24	16 800
Mafeking	31	27	18 900
Makapanstad	118	54	37 800
Mankwe	54	31	21 700
Taung	36	28	19 600
Temba	28	22	15 400
Thaba Nchu	16	15	10 500
Tlhabane	59	31	21 700
Welgedacht	40	29	20 300
TOTAAL	534	341	R238 700

Van die 534 klaskamers waarom aansoek gedoen is, is 460 deur skoolkomitees opgerig en 74 deur stamowerhede.<sup>53</sup>

Op primêre vlak is skoolbywoning gratis, maar in die praktyk word ouers feitlik verplig om by te dra tot 'n skoolfonds wat deur die skoolkomitee beheer word. Die skoolgeld wat ouers van leerlinge van alle sekondêre-, tegniese en onderwysersopleidingskole jaarliks moet betaal, is soos volg deur die Kabinet van Bophuthatswana met ingang 1 Januarie 1977 vasgestel:<sup>54</sup>

51. Gegewens verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

52. Loc.cit.

53. Loc.cit.

54. Vgl. Bophuthatswana, Departement van Onderwys, Departementele Omsendbrief Nr. 7 van 1977, gedateer 9 Maart 1977.

Sport en ontspanning	R 4,00
Mediesedienste	2,00
Skoolgeld	<u>8,00</u>
	<u>R14,00</u>

Hierbenewens is losiesgeld in die departementele koshuise vasgestel op R166 per jaar.<sup>55</sup> Geen losiesgeld word gehef in die koshuis van Pinagare Kollege nie. By hierdie kollege vir kapteinseuns ontvang die 100 leerlinge gratis losies in 'n departementele koshuis. By staats- ondersteunde en private koshuise word die losiesgeld deur die betrokke bestuursliggaam vasgestel. Studie- en koshuisbeurse word deur die Departement vir onderwys binne sowel as buite Bophuthatswana verskaf. Tabel 3.4.3.2 toon die aantal beurse en totale bedrae wat gedurende die boekjaar 1976/77 deur die Departement vir verskillende studierigtings betaal is.<sup>56</sup>

TABEL 3.4.3.2. - BOPHUTHATSWANA, DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, BEURSE  
UITBETAAL, 1976/77

STUDIERICHTING	AANTAL BEURSE	TOTALE BEDRAE
Junior Sertifikaat	323	R19 160
Senior Sertifikaat	122	12 000
Primêre Onderwys Sertifikaat	33	2 940
Junior Sekondêre Onderwys- sertifikaat	105	10 500
Onderwysdiploma in Huisvlyt	1	120
Onderwysdiploma in Kunsvlyt	8	1 200
U.O.D.	3	1 050
B.A.	35	11 470
B. Ed.	4	1 250
B.Sc.	4	1 400
Tegniese kursusse	3	200
B.Com.	1	350
Pre-Vorm IV	2	200
M.A.	1	350
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>645</b>	<b>R62 190</b>

55. Vgl. loc.cit.

56. Gegewens verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

Ouers van leerlinge is ook verantwoordelik vir die voorsiening van alle skryfbehoeftes en die grootste gedeelte van alle handboeke wat in alle skole gebruik word. Die Departement van Onderwys voorsien tans slegs die volgende vakhandboeke gratis: 4 boeke vir standerd 4, 6 vir standerd 5, 7 vir vorm I en 8 vir vorm II.<sup>57</sup>

### 3.5 Die huidige skolestelsel.

#### 3.5.1 Die twaalfjaarstruktuur.

Soos by die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika is die primêre-sekundêre skoolkursus in Bophuthatswana ook 'n twaalfjaarkursus. Die 12 jaar word onderverdeel in 'n vierjarige laer primêre skoolkursus (substanderd A tot standerd 2); 'n tweejarige hoër primêre skoolkursus (standerd 3 en standerd 4); 'n driejarige junior sekundêre skoolkursus (standerd 5 tot vorm II) en 'n driejarige senior sekundêre skoolkursus (vorm III tot vorm V).

Die hoof doel van die laer primêre kursus is om die hoogs moontlike getal leerlinge te leer om hul moedertaal te lees en te skryf en om 'n elementêre kennis van wiskunde en Afrikaans en Engels te verkry.<sup>58</sup> In die hoër primêre kursus is die mikpunt om die leerlinge 'n meer gevorderde begrip van hierdie vakke te gee tesame met handvaardigheidsopleiding.<sup>59</sup> Hoewel die hoër primêre kursus by standerd 4 afsluit en standerd 5 eintlik die eerste jaar van die junior sekundêre fase is, word standerd 5 nog by die hoër primêre skool ingedeel.<sup>60</sup> Dit vorm 'n oorgangsjaar vanaf die primêre na die junior sekundêre kursus en daarom is die doel van die aanvangsonderrig in die sekundêre kursus om die werk wat in die primêre kursus verrig is, vas te lê sodat die leerlinge die junior sekundêre kursus op die vereiste peil kan begin.<sup>61</sup> 'n Eksterne eksamen word aan die einde van standerd 5 afgelê wat as toelatingseksamen tot na-primêre kursusse dien.

57. Persoonlike onderhoud met mnr. J.M. Ntsime op 29 April 1977.

58. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die Hoër Primêre Skoolkursus (st. 3 en 4), p.1.

59. Vgl. loc.cit.

60. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Handleiding en Sillabusse vir die Hoër Primêre Eksamen (st. 5), p.(i).

61. Vgl. ibid., p.1.

Die junior sekondêre kusus lei tot die eksterne Vorm III-eksamen wat vir sommige leerlinge die eerste jaar van die driejarige senior sekondêre kursus afsluit, vir andere 'n skoolleindsertifikaat beteken en vir sommige toelating verleen tot beroepsgerigte kursusse na Vorm III. Aan die einde van Vorm V word ook 'n eksterne eksamen afgelê wat 'n matrikulasië- of seniorsertifikaat met of sonder universiteitsvrystelling ten doel het.<sup>62</sup> Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad sorg vir die handhawing van 'n uniforme standaard.

### 3.5.2 Primêre onderwys.

Die doel van primêre onderwys word deur die Departement van Bantoe-onderwys gestel as die fisiese, maatskaplike, verstandelike en geestelike opvoeding van die kind.<sup>63</sup> Om hierdie doel te kan bereik, moet die kind nie slegs 'n grondige kennis van sy moedertaal hê nie, maar moet hy ook in staat wees om Afrikaans en Engels te praat en verstaan, om te reken, om gesondheidsreëls te ken en toe te pas, en om hom ooreenkomstig die fundamentele beginsels van die Christelike leer te gedra.<sup>64</sup> Gevolglik word die volgende vakke in die laer primêre kusus aangebied: godsdiens, Afrikaans, Engels, Tswana, wiskunde, omgewingsleer, gesondheidsleer, skrif, musiek, kuns en kunsvlyt en tuinbou.<sup>65</sup> Die hoër primêre kursus bestaan uit die volgende vakke: godsdiens, Afrikaans, Engels, Tswana, wiskunde, sosiale studie, gesondheidsleer, algemene wetenskap, musiek en 2 keusevakke uit die volgende 3, naamlik kuns en kunsvlyt, tuinbou en naaldwerk.<sup>66</sup>

Alhoewel standerd 5 eintlik die eerste jaar van die junior sekondêre fase is, word dit nog by die hoër primêre skool ingedeel en word die volgende vakke aangebied: godsdiens, Tswana, Afrikaans, Engels, wiskunde, algemene wetenskap, sosiale studie en een keusevak uit die volgende groep, naamlik huisvlyt (meisies), naaldwerk (meisies), hout- en metaalwerk (seuns), kuns en kunsvlyt (seuns en meisies), landboukunde (seuns en meisies) en

62. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Algemene beginsels vir die Vorm III-eksamen, p.2.

63. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die Hoër primêre Skoolkursus (st. 3 en 4), p.1.

64. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die Laer Primêre Skoolkursus, p.iii.

65. Kyk loc.cit.

66. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die Hoër Primêre Skoolkursus, p.1.



musiekteorie (seuns en meisies).<sup>67</sup> Benewens hierdie vakke wat ekstern ge-eksamineer word deur die Departement van Bantoe-onderwys, word sang en liggaamsopvoeding as nie-eksamenvakke aangebied.<sup>68</sup> Die minimum slaagvereiste in hierdie eksterne eksamen is soos volg:<sup>69</sup>

- (i) 'n Minimum van 40 persent in die totaal.
- (ii) 'n Minimum van 40 persent in Tswana.
- (iii) 'n Minimum van 40 persent in Afrikaans of Engels.
- (iv) 'n Minimum van  $33\frac{1}{3}$  persent in nog vier vakke.

'n Slaagpunt in die hoër primêre eksamen dien as toelatingsvereiste tot die sekondêre- en verskeie beroepsopleidingskursusse.

Die minimum toelatingsouderdom tot 'n skool in Bophuthatswana is 7 jaar en 'n leerling mag tot substanderd A toegelaat word, slegs as sy ouderdom onder 13 jaar is op 31 Maart van die jaar van toelating.<sup>70</sup> Aangesien skoolplig nie in Bophuthatswana bestaan nie, is daar geen bepaling ten opsigte van die minimum aantal jare wat 'n leerling op skool moet bly nie.

Die medium van onderrig tot en met standerd 4 is Tswana, hoewel die leerlinge gedurende die hoër primêre kursus geleidelik voorberei word, veral in die taalklasse, vir die oorskakeling in standerd 5 na Engels as taalmedium vir alle na-primêre onderwys. Slegs in enkele skole met 'n konsentrasie van nie-Tswana leerlinge is die onderrigmedium in die primêre fase 'n ander Bantoe-taal. Tabel 3.5.2.1 toon die aantal primêre skole in Bophuthatswana volgens medium van onderrig in 1976.<sup>71</sup>

67. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Handleiding en Sillabusse vir die Hoër Primêre Eksamen, p.(i).

68. Vgl. loc.cit.

69. Kyk ibid., p.(iii).

70. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die Laer Primêre Skoolkursus, p.iii.

71. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.174-175.

TABEL 3.5.2.1 - BOPHUTHATSWANA, PRIMÊRE SKOLE VOLGENS MEDIUM VAN ONDER-  
RIG, 1976.

Onderrigmedium	Getal skole
Zoeloe	1
Noord-Sotho	3
Tswana	293
Engels	3
Engels en Tswana	425
Zoeloe en Noord-Sotho	1
Noord-Sotho en Tswana	1
Tsonga en Engels	2
Noord-Sotho en Engels	1
Zoeloe en Engels	3
Zoeloe, Noord-Sotho en Engels	1
Xhosa, Tswana en Engels	1
Zoeloe, Tswana en Engels	2
<b>TOTAAL</b>	<b>737</b>

Slegs 8 van die 737 primêre skole in Bophuthatswana in 1976 was private kerkskole terwyl 729 ondersteunde gemeenskap, myn en ingelyste (nag nie geklassifiseerde) skole was.<sup>72</sup> Van hierdie 729 ondersteunde skole, was gemeenskapskole verreweg in die meerderheid, soos blyk uit tabel 3.5.2.2 wat die inskrywing in primêre klasse volgens beheer in 1976 aandui.<sup>73</sup>

Van die totale primêre leerlingtal van 326 826 in 1976 was 233 295 of 71,38 persent Batswana, terwyl Noord-Sotho's, Tsongas, Suid-Sotho's en Zoeloes ook in betekenisvolle getalle teenwoordig was. Tabel 3.5.2.3 toon die primêre inskrywing volgens volksgroep gedurende 1976.<sup>74</sup>

72. Vgl. ibid., p.170.

73. Kyk ibid., p.211.

74. Vgl. ibid., p.228.

TABEL 3.5.2.2 - BOPHUTHATSWANA, PRIMERE INSKRYWING PER KLAS VOLGENS BEHEER VAN SKOOL, 1976.

Beheerliggaam	Sub.A	Sub.B	St.1	St.2	Totaal Laer Primêr	St.3	St.4	(a) St.5	Totaal Hoër Primêr	Totaal Primêr
Ondersteunde skole:										
Gemeenskap	66 249	58 122	53 154	42 843	220 368	38 676	31 808	32 190	102 674	323 042
Myn	33	29	34	27	123	14	9	9	32	155
Ingelys	63	112	132	86	393	61	52	54	167	560
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>66 345</b>	<b>58 263</b>	<b>53 320</b>	<b>42 956</b>	<b>220 884</b>	<b>38 751</b>	<b>31 869</b>	<b>32 253</b>	<b>102 873</b>	<b>323 757</b>
Private skole:										
Rooms-Katoliek	450	449	460	410	1 769	376	407	324	1 107	2 876
Ander Kerke	36	27	31	22	116	27	24	26	77	193
<b>TOTAAL</b>	<b>66 831</b>	<b>58 739</b>	<b>53 811</b>	<b>43 388</b>	<b>222 769</b>	<b>39 154</b>	<b>32 300</b>	<b>32 603</b>	<b>104 057</b>	<b>326 826</b>

(a) Hoewel eerste jaar junior sekondêre kursus, word standaard 5 by primêre skole gehuisves.

TABEL 3.5.2,3 - BOPHUTHATSWANA, PRIMÈRE INSKRYWING VOLGENS VOLKSGROEP, 1976.

Volksgroep	Inskrywing	Persentasie van totale inskrywing
Xhosa	10 888	3,33
Zoeloe	13 807	4,22
Noord-Sotho	23 448	7,18
Suid-Sotho	14 392	4,40
Tswana	233 295	71,38
Tsonga	15 226	4,66
Venda	1 650	0,51
Swazi	1 790	0,55
Suid-Ndebele	11 763	3,60
Kleurling	228	0,07
Ander	339	0,10
TOTAAL	326 826	100,00

Primêre onderwys is ook in 1976 gegee aan 32 leerlinge in een private aandskool.

### 3.5.3 Sekondêre onderwys.

Die junior sekondêre skoolkursus, wat 'n aanvang neem met standerd 5, word voortgesit in vorms I en II. Gedurende hierdie 2 jaar bestaan die kursus uit 5 verpligte eksamenvakke, naamlik Tswana, Afrikaans, Engels, wiskunde, en algemene wetenskap, asook enige 2 keusevakke uit die volgende groep: sosiale studie, 'n vierde taal, houtwerk, huishoudkunde, kuns, landbouwetenskap, naaldwerk en kleding, rekeningkunde, bybelkunde, musiek-teorie en tik (slegs in vorm II).<sup>75</sup> In die praktyk is die keuse van leerlinge beperk tot die vakke wat in elke betrokke skool aangebied word. Benewens die 7 eksamenvakke word godsdiensoonderrig, musiek en liggaams-opvoeding as nie-eksamenvakke aangebied.

Jaarlikse bevordering in vorm I en II word bepaal deur interne eksamens. Die minimum slaagvereistes in beide eksamens is soos volg:<sup>76</sup>

75. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Sillabusse vir Vorm I, 1975, pp.ii en iii.

Ook Departement van Bantoe-onderwys, Sillabusse vir Vorm II, 1975, pp.ii en iii.

76. Vgl. ibid., p.iii.

- (i) 'n Minimum van 40 persent in die eksamentotaal,
- (ii) 'n minimum van 40 persent in Tswana,
- (iii) 'n minimum van 40 persent in Afrikaans of Engels,
- (iv) 'n minimum van 35 persent in nog 3 ander vakke.

'n Slaagpunt in die interne vorm II-eksamen dien as toelatingsvereiste tot vorm III. Die vorm III-kursus strek oor 'n tydperk van 1 jaar omdat met vorm II die junior sekondêre fase afgesluit word en vorm III die eerste studiejaar van die senior sekondêre kursus is. Aan die einde van vorm III word 'n eksterne eksamen deur die Departement van Bantoe-onderwys afgeneem wat 'n vierledige doel dien:<sup>77</sup>

- (i) Om kandidate in staat te stel om uiteindelik 'n matrikulasie/seniorcertifikaat met universiteitsvrystelling te verwerf,
- (ii) om kandidate in staat te stel om uiteindelik 'n senior-certifikaat sonder universiteitsvrystelling te verwerf,
- (iii) om kandidate in staat te stel om na die verwerwing van 'n vorm III sertifikaat hulle te bekwaam as onderwysers aan opleidingskole,
- (iv) om kandidate in staat te stel om die vorm III-eksamen-certifikaat te behaal as 'n skoolleindsertifikaat ten einde toegang te vind tot werkseleenthede, en toegang te verkry tot sekere ambags- en tegniese kursusse.

Die vorm III-eksamen differensieer dus ten opsigte van bogenoemde en gevolglik sal kandidate vakke moet aanbied om aan die vereistes van hierdie differensiasie te beantwoord. Die vorm III-kurrikulum bestaan uit 7 eksamenvakke waarvan 3, naamlik 'n Bantoeetaal, Afrikaans en Engels verpligtend is, en 4 keusevakke afhangende van die studierigting wat gevolg word. Alhoewel die vakkeuse van kandidate in die praktyk beperk is tot die vakke wat by elke betrokke skool aangebied word, word die keuse van 4 vakke gemaak uit onderstaande lys met inagneming van die toepaslike

---

77. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Algemene beginsels vir die Vorm III-eksamen, Pamflet I, p.2.

bepalings wat teenoor elke vak aangedui word.<sup>78</sup>

Funksionele wiskunde: (Mag nie saam met wiskunde aangebied word nie).

Wiskunde: (Mag nie saam met funksionele wiskunde aangebied word nie).

Natuur- en skeikunde: (Kan slegs aangebied word indien wiskunde ook aangebied word).

Biologie: (Mag nie saam met fisiologie aangebied word nie).

Fisiologie: (Mag nie saam met biologie aangebied word nie).

Geskiedenis.

Aardrykskunde

Bybelkunde: (Mits reeds in vorm II gevolg).

Latyn: (Mits reeds in vorm II gevolg).

Duits: (Mits reeds in vorm II gevolg en nie as eerste taal aangebied nie).

Landboukunde: (Verkieslik reeds tot vorm II gevolg, maar nie noodsaaklik nie).

Houtwerk: (Mits reeds tot vorm II gevolg).

Kuns: (Mits reeds tot vorm II gevolg).

Ekonomie: (Indien saam met rekeningkunde vir matrikulasievrystelling geneem, is wiskunde verpligtend).

Rekeningkunde: (Mits reeds tot vorm II gevolg).

Bedryfseconomie: (Volg uit rekeningkunde in vorm II).

Tik: (Mits reeds tot vorm II gevolg).

Snelskrif/shorthand: (Mits reeds tot vorm II gevolg).

Huishoudkunde: (Verkieslik reeds tot vorm II gevolg, maar nie noodsaaklik nie).

Naaldwerk en kleding: (Verkieslik reeds tot vorm II gevolg, maar nie noodsaaklik nie).

Benewens bogenoemde 7 verpligte eksamenvakke is godsdiensonderwys en musiek en sang verpligte nie-eksamenvakke. Die minimum slaagvereistes in die eksterne vorm III-eksamen is soos volg:<sup>79</sup>

(i) 'n Gemiddeld van 40 persent in die eksamen as geheel,

(ii) 'n minimum van 40 persent in 'n Bantoetaal,

78. Kyk ibid., pp.8 en 9.

79. Vgl. ibid., p.16.

- (iii) 'n minimum van  $33\frac{1}{3}$  persent in Afrikaans of Engels,  
 (iv) 'n minimum van  $33\frac{1}{3}$  persent in nog drie ander vakke.

'n Slaagpunt in die vorm III-eksamen met minstens 5 vakke wat in vorm IV en V voortgesit kan word, dien as toelatingsvereiste tot vorm IV. Aan die einde van vorm V word leerlinge vir óf die Matrikulasië- of Skooleindeksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad óf die Nasionale Senior Sertifikaateksamen, met of sonder universiteitsvrystelling, van die Departement van Nasionale Opvoeding ingeskryf. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad speel 'n belangrike rol in die senior sertifikaateksamen deur te sorg dat die standaard wat gehandhaaf word ooreenstem met dié van alle ander bevolkingsgroepe in die Republiek. Die kandidate kan dus 'n Matrikulasië/Seniorertifikaat met universiteitsvrystelling, of 'n Seniorertifikaat sonder universiteitsvrystelling verwerf.<sup>80</sup>

Om hierdie doel te kan bereik word vir gedifferensieerde onderwys in vorms IV en V voorsiening gemaak en word die vakkeuse gedoen uit die volgende lys van vakke:<sup>81</sup>

#### Groep A

'n Bantoetaal (eerste taal) hoër graad  
 Afrikaans eerste taal hoër graad  
 Afrikaans tweede taal hoër graad  
 Engels eerste taal hoër graad  
 Engels tweede taal hoër graad

#### Groep B

Wiskunde hoër graad of standaardgraad

#### Groep C

Biologie hoër graad of standaardgraad  
 Natuur- en skeikunde hoër graad of standaard graad

#### Groep D

'n Bantoetaal standaardgraad gekies uit Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, en Zoeloe  
 Duits hoër graad (moedertaal)

80. Vgl. ibid., p.2.

81. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Die Senior Sertifikaat - Algemene inligting en voorwaardes vir voltydse kandidate, BO 318, p.3.

Duits hoër graad (derde taal)

Latyn hoër graad

Groep E.

Aardrykskunde hoër graad of standaardgraad

Bybelkunde hoër graad of standaardgraad

Ekonomie hoër graad of standaardgraad

Geskiedenis hoër graad of standaardgraad

Kuns hoër graad of standaardgraad

Musiek hoër graad of standaardgraad

Groep F.

Bedryfseconomie standaardgraad

Elektronika standaardgraad

Handelsreg standaardgraad

Huishoudkunde hoër graad of standaardgraad

Huisvlyt standaardgraad

Landboukunde hoër graad of standaardgraad

Naaldwerk en kleding standaardgraad

Rekeningkunde hoër graad of standaardgraad

Snelskrif standaardgraad

Tegniese tekene hoër graad of standaardgraad

Tik standaardgraad

Bantoe-administrasie standaardgraad

Bantoe-reg standaardgraad

Laasgenoemde 2 vakke is alleenlik vir Pinagare Kollege vir Kaptéinseuns.

Die slaagpunte in bogenoemde vakke is soos volg:<sup>82</sup>

(i) Die maksimum getal punte vir alle vakke op die hoër graad is 400 behalwe in die geval van Afrikaans tweede taal hoër graad en Engels tweede taal hoër graad waar die maksimum punt vir elk 300 is.

(ii) Die maksimum getal punte vir alle vakke op die standaard graad is 300.

---

82. Kyk ibid., pp.7-8.



(iii) Die minimum punt wat vereis word om 'n vak op die hoër graad te slaag is 160 (40 persent). (Afrikaans/Engels tweede taal hoër graad word uitgesluit).

(iv) Die minimum punt wat vereis word om 'n vak op die standaardgraad te slaag is 100 ( $33\frac{1}{3}$  persent). (Afrikaans/Engels tweede taal hoër graad ingesluit).

(v) Die minimum groototaal wat kandidate vir die Matrikulasië-eksamen (universiteitsvrystelling) moet behaal is 950. (By die berekening van die minimum groototaal word slegs 6 vakke in aanmerking geneem, naamlik die eerste taal hoër graad en 5 ander vakke waarin die beste presteer is).

(vi) Die minimum groototaal wat kandidate vir die Senior Sertifikaat eksamen (nie universiteitsvrystelling) moet behaal is 720. (Berekening van minimum groototaal dieselfde as in (iv) hierbo).

(vii) Druipsyfers op die hoër graad kan omskep word in slaagsyfers op die standaard graad en wel op die volgende basis:

Wanneer 'n kandidaat  $33\frac{1}{3}$  persent tot 39 persent behaal het in Afrikaans of Engels eerste taal hoër graad, word daar geag dat hy met 40 persent in Afrikaans of Engels tweede taal hoër graad geslaag het, en wanneer 25 persent tot  $33\frac{1}{3}$  persent behaal is in Engels of Afrikaans eerste taal hoër graad, word daar geag dat met  $33\frac{1}{3}$  persent in Engels of Afrikaans tweede taal hoër graad, geslaag is. Druipsyfers in alle ander vakke op die hoër graad, word op dieselfde basis omskep in slaagsyfers op die standaardgraad.

Die voorwaardes waaraan voldoen moet word by een en dieselfde sitting vir die Matrikulasië-eksamen ten einde 'n Matrikulasië-sertifikaat (met universiteitsvrystelling) te kan verwerf, is die volgende:

- (i) Minstens 6 en hoogstens 7 vakke gekies uit groepe A tot F moet vir die eksamen aangebied word.
- (ii) In minstens 5 vakke moet 'n slaagpunt behaal word.
- (iii) Die minimum groototaal van 950 punte moet behaal word.

- (iv) 'n Slaagpunt in 'n eerste taal hoër graad en in Afrikaans of Engels eerste of tweede taal hoër graad moet behaal word.
- (v) Die 5 geslaagde vakke moet minstens 1 vak uit elk van 4 verskillende groepe ingesluit het.
- (vi) 'n Slaagpunt moet behaal word in minstens 3 vakke op die hoër graad waarvan, behoudens sekere voorbehoudsbepalings, 1 'n eerste taal hoër graad moet wees, en die ander 2, behoudens sekere voorbehoudsbepalings, uit 2 van Groepe B, C, D en E gekies is. Met dien verstande dat slegs 'n kandidaat wie se huistaal 'n Bantoetaal is, 'n Bantoetaal (eerste taal) hoër graad as 'n groep A-vak kan aanbied, mits hy ook slaag in Afrikaans of Engels eerste of tweede taal hoër graad, met dien verstande voorts dat hy albei tale (Afrikaans en Engels) moet aanbied en indien hy 'n slaagpunt in beide behaal kan een van hulle as 'n vak onder Groep D aangebied word.

Die minimum voorwaardes waaraan voldoen moet word vir die verwerwing van 'n Senior Sertifikaat sonder universiteitsvrystelling is die volgende:<sup>84</sup>

- (i) Minstens 6 en hoogstens 7 vakke moet vir die eksamen aangebied word.
- (ii) In minstens 5 vakke moet 'n slaagpunt behaal word.
- (iii) Die minimum groototaal van 720 punte moet behaal word.
- (iv) 'n Slaagpunt in 'n eerste taal hoër graad en in Afrikaans of Engels tweede taal hoër graad of Afrikaans of Engels tweede taal standaardgraad moet behaal word.
- (v) Onderworpe aan die bepalings van (iv) hierbo mag vakke uit enige groep of groepe aangebied word.

Sekondêre onderwys is in 1976 in Bophuthatswana in 171 skole aangebied, in

---

84. Kyk ibid., p.8.

sommige gevalle in aparte skole en in ander saam met primêre onderwys of met onderwysers- of vakopleiding. Tabel 3.5.3.1 toon die aantal skole en afdelings van skole waar sekondêre onderwys in Bophuthatswana in 1976 aangebied is:<sup>85</sup>

TABEL 3.5.3.1 - BOPHUTHATSWANA, SEKONDÊRE SKOLE EN AFDELINGS VAN SKOLE, 1976.

Tipe skool	Aantal
Junior sekondêr: Vorms I tot III	133
Sekondêr: Vorms I tot V	32
Hoër primêr en Junior sekondêr	3
Sekondêr en onderwysersopleiding	2
Sekondêr en ambagsopleiding	1
<b>TOTAAL</b>	<b>171</b>

Van bogenoemde 171 skole is verreweg die meeste ondersteunde gemeenskap-skole soos blyk uit tabel 3.5.3.2, wat die sekondêre inskrywing volgens beheer van skole in Bophuthatswana vir 1976 aantoon.<sup>86</sup>

TABEL 3.5.3.2 - BOPHUTHATSWANA, SEKONDÊRE INSKRYWING VOLGENS BEHEER VAN SKOOL, 1976.

	Vorm I	Vorm II	Vorm III	Vorm IV	Vorm V	Totaal Sekondêr
Staat: Gebied	1 440	1 690	1 424	1 387	719	6 660
Ondersteunde:						
Gemeenskap	27 852	12 343	6 255	1 263	469	48 182
Ingelys	16	-	-	-	-	16
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>29 308</b>	<b>14 033</b>	<b>7 679</b>	<b>2 650</b>	<b>1 188</b>	<b>54 858</b>
Private skole:						
Rooms-Katoliek	381	249	176	105	87	998
Ander kerk en Privaat	39	-	-	-	-	39
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>29 728</b>	<b>14 282</b>	<b>7 855</b>	<b>2 755</b>	<b>1 275</b>	<b>55 895</b>

85. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.170.

86. Vgl. ibid., p.215.

Van die totale sekondêre leerlingtal van 55 895 in 1976 was 41 651 of 74,52 persent Batswana, terwyl Suid-Sotho's en Noord-Sotho's ook in betekenisvolle getalle teenwoordig was. Tabel 3.5.3.3 toon die sekondêre inskrywing in Bophuthatswana volgens volksgroepe in 1976.<sup>87</sup>

TABEL 3.5.3.3 - BOPHUTHATSWANA, SEKONDÊRE INSKRYWING VOLGENS VOLKSGROEP, 1976.

Volksgroep	Inskrywing	Persentasie van totale inskrywing
Xhosa	637	1,14
Zoeloe	1 934	3,46
Noord-Sotho	4 537	8,12
Suid-Sotho	3 561	6,37
Tswana	41 651	74,52
Tsonga	1 518	2,72
Venda	163	0,29
Swazi	1 557	2,78
Suid-Ndebele	63	0,11
Kleurling	245	0,44
Ander	29	0,05
TOTAAL	55 895	100,00

#### 3.5.4 Onderwysersopleiding in Bophuthatswana.

In Bophuthatswana word die volgende onderwysersopleidingskursusse aangebied.<sup>88</sup>

- (i) Die primêre onderwyserskursus: 'n tweejarige kursus vir toekomstige primêre onderwysers met vorm III as toelatingsvereiste.
- (ii) Die junior sekondêre onderwyserskursus: 'n tweejarige kursus vir toekomstige junior sekondêre onderwysers met die Senior Sertifikaat as toelatingsvereiste.
- (iii) 'n Ambagsonderwyserskursus: 'n tweejarige kursus vir toekomstige ambagsonderwysers met vorm III en 'n Ambagskoolsertifikaat as toelatingsvereiste.

87. Vgl. ibid., p.228.

88. Vgl. ibid., p.60.

- (iv) 'n Spesialiskursus vir huisvlytonderwyseresse: 'n eenjarige kursus wat volg op die verwerwing van die Primêre Onderwysersertifikaat.

Vir al die bogenoemde kursusse word die leerplanne opgestel, eksamen afgeneem en sertifikate uitgereik deur die Departement van Bantoe-  
onderwys.

Die primêre onderwyserskursus word in Bophuthatswana by 6 onderwysers-  
opleidingskole aangebied, naamlik Hebron by Pretoria, Batswana by Mafeking,  
Tlhabane naby Rustenburg, Taung by Pampierstad, Strydom naby Thaba'Nchu  
en Moretele by Makapanstad. Hebron Opleidingskollege is die enigste  
inrigting wat die junior sekondêre onderwyserskursus aanbied, terwyl die  
spesialiskursus vir huisvlytonderwyseresse by Strydom Opleidingskollege  
aangebied word. Die ambagsonderwyserskursus word by Beitseanape Ambag-  
skool by Mafeking aangebied.<sup>89</sup>

Die primêre onderwyserskursus bestaan uit professionele en algemene vakke  
asook die inhoud en onderwysmetodiek van alle primêre skoolvakke. Met  
die oog op die vakonderwys in die sekondêre skool, maak die junior  
sekondêre onderwyserskursus voorsiening vir 'n keuse tussen 5 verskillende  
studierigtings, naamlik A: tale en sosiale studie (of Bybelkunde),  
B: wiskunde en wetenskap, C: handelsvakke, D: huisvlyt en E: landbou.<sup>90</sup>  
By Hebron Opleidingskollege is die keuse egter beperk tot A of B.

Tabel 3.5.4.1 toon die totale inskrywing volgens verskillende kursusse,  
geslag en studiejaar by alle onderwysersopleidingskole in Bophuthatswana  
vir 1976.<sup>91</sup>

89. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1975, p.16.

90. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.64.

91. Kyk ibid., p.242.

TABEL 3.5.4.1 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYERSOPLEIDING: INSKRYWING VOLGENS KURSUS,  
GESLAG EN STUDIEJAAR, 1976.

Studiejaar Kursus	1ste jaar			2de jaar			TOTAAL		
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal
Primêre onderwyserskursus	513	968	1 481	523	765	1 288	1 036	1 733	2 769
Junior sekondêre onderwyserskursus	85	24	109	82	29	111	167	53	220
Huisvlyt Spesialis- kursus	-	17	17	-	-	-	-	17	17
Ambaginstrukteurs- kursus	21	-	21	8	-	8	29	-	29
TOTAAL	619	1 009	1 628	613	794	1 407	1 232	1 803	3 035

Van die totale studentetal van 3 035 in opleidingskole in 1976 was 2 461 (81,09 persent) Batswana terwyl die ander volksgroepe in onbeduidende getalle teenwoordig was. Tabel 3.5.4.2 toon die totale inskrywing in opleidingskole in Bophuthatswana volgens volksgroep in 1976.<sup>92</sup>

TABEL 3.5.4.2 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYSERSOPLEIDING: INSKRYWING VOLGENS VOLKSGROEP, 1976.

Volksgroep	Inskrywing	Persentasie van totale inskrywing
Xhosa	80	2,64
Zoeloe	59	1,94
Noord-Sotho	170	5,60
Suid-Sotho	179	5,90
Tswana	2 461	81,09
Tsonga	20	0,66
Venda	4	0,13
Swazi	42	1,38
Suid-Ndebele	1	0,03
Kleurling	12	0,40
Ander	7	0,23
TOTAAL	3 035	100,00

### 3.5.5 Ambagsopleiding.

Ambagsopleiding vir seuns word in Bophuthatswana by 4 staatskole aangebied. Twee, naamlik Boitseanape by Mafeking en Temba noord van Pretoria, is suiwer ambagskole, terwyl Moreka Hoërskool by Thaba Nchu 'n ambagsafdeling het, en Ga-Rankuwa Tegniese en Ambagsentrum naby Pretoria, benewens ambagsopleiding, ook tegniese opleiding aanbied.

Die volgende ambagskursusse word by elk van hierdie skole aangebied:<sup>93</sup>

92. Vgl. ibid., p.228.

93. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor Ambagsopleiding, Tegniese Opleiding, Gevorderde Tegniese Opleiding en Niywerheidsopleiding, p.3.

- (i) Boitseanape: Beton-, messel- en pleisterwerk  
 Elektrisiëns  
 Kleremakery  
 Loodgietery, riëloring en plaatmetaalwerk  
 Motorbakherstelwerk  
 Motorwerktuigkunde  
 Stoffeerwerk en motorbekleding  
 Sweis- en metaalwerk  
 Timmerwerk, skrynwerk en meubelmakery  
 Verf en glaswerk
- (ii) Ga-Rankuwa  
 Ambagsentrum: Beton-, messel- en pleisterwerk  
 Timmerwerk, skrynwerk en meubelmakery
- (iii) Moroka Ambags-  
 afdeling: Beton-, messel- en pleisterwerk  
 Loodgietery, riëloring en plaatmetaalwerk  
 Timmerwerk, skrynwerk en meubelmakery
- (iv) Temba: Beton-, messel- en pleisterwerk  
 Loodgietery, riëloring en plaatmetaalwerk  
 Motorwerktuigkunde  
 Sweis- en metaalwerk  
 Timmerwerk, skrynwerk en meubelmakery

Vir die kursusse in motorwerktuigkunde en elektrisiënswerk is die toelatingsvereistes vorm III, terwyl vorm I die toelatingsvereiste vir al die ander kursusse is. Elektrisiëns, kleremakers en motorwerktuigkundiges volg driejarige kursusse, terwyl al die ander tweejarige kursusse is. Al die kursusse behels die volgende: die teorie (waaronder ook beroepsveiligheid) en praktyk van die spesifieke vakrigting, tekene, toegepaste rekenkunde en besigheidsmetodes.<sup>94</sup> Leerplanne word opgestel, eksaminering gereël en sertifikate uitgereik deur die Departement van Bantoe-onderrig. Die medium van onderrig is Engels.

94. Vgl. ibid., pp.1 en 2.



Na voltooiing van 'n ambagskursus moet leerlinge nog verdere indiensopleiding ontvang voordat hulle deur die aflê van standaard toetse vir volle ambagsmanstatus in aanmerking kan kom. 'n Vaktøetsafdeling is in 1972 by die Departement van Bantøe-onderwys ingestel om swartes in terme van die Bantøe-bouwerkerswet van 1951 (B.B.W.) te toets vir die B.B.W.-sertifikaat en om vaktøetse af te neem. Sedertdien is Boitseanape en Moroka in Bøphuthatswana sodanig uitgebou en verder toegerus om ook as vaktøetssentrums te dien. Die sertifikate vir hierdie toetse word uitgereik deur die betrokke departement in Bøphuthatswana.<sup>95</sup>

Tabel 3.5.5.1 toon die totale inskrywing vir ambagsopleiding in Bøphuthatswana volgens kursus en studiejaar vir 1976.<sup>96</sup>

TABEL 3.5.5.1 - BOPHUTHATSWANA, AMBAGSOPLEIDING (SEUNS): INSKRYWING VOLGENS KURSUS EN STUDIEJAAR, 1976.

Kursus	Studiejaar			Totaal
	1ste	2de	3de	
Beton-, messel- en pleisterwerk	112	38	-	150
Elektrisiëns	-	23	-	23
Kleremakery	9	4	7	20
Løodgiëtery, riølering en plaatmetaalwerk	20	18	-	38
Motorbakherstelwerk	22	12	-	34
Motorwerktuigkunde	16	18	21	55
Stoffeerwerk en motorbekleding	16	17	-	33
Sweis- en metaalwerk	17	15	-	32
Timmerwerk, skrynwerk en meubelmakery	99	29	-	128
Verf en glaswerk	12	7	-	19
<b>TOTAAL</b>	<b>323</b>	<b>181</b>	<b>28</b>	<b>532</b>

Bogenoemde leerlingtal sluit geen leerlinge van Tembø Ambagskool in nie aangesien hierdie jongste ambagskool van Bøphuthatswana eers in 1977 geopen

95. Vgl. ibid., p.9.

96. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantøe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.245-246.

het met 'n leerlingtal van 79 in Maart 1977.<sup>97</sup>

### 3.5.6 Vakopleiding (meisies) en handelsonderwys.

Vakopleiding vir meisies word in Bophuthatswana by 1 ondersteunde gemeenskapskool en 3 private skole verskaf. By die staatsondersteunde Direpotsane Vakopleidingskool naby Rustenburg word die volgende 3 kursusse aangebied: kleremakery (kort kursus), huisbestuur en assistente in voorskoolse inrigtings. Die privaatbeheerde Ithuteng naby Pretoria, Phaphama by Hammanskraal en Speedy Opleidingsentrum by Ga-Rankuwa bied al 3 kort kursusse in kleremakery aan.<sup>98</sup>

Die verskillende kursusse behels die volgende:<sup>99</sup>

- (i) Kort kursusse in kleremakery: die volgende 4 kursusse wat elk 10 weke duur, word aangebied, naamlik kursusse in die maak van kinderklere, in die maak van rompe en bloese, in die maak van eenvoudige rokke en in die maak van modieuse rokke. Die toelatingsvereiste is 'n Standaard 5-Sertifikaat. Dogters word deur middel van hierdie kursus in staat gestel om nie alleen hul eie klere te maak nie, maar kan ook bestellings vir kleremaak van individue en handelsfirmas uitvoer en moontlik in diens geneem word by 'n handelsfirma.
- (ii) Huisbestuur: die eenjarige kursus in huisbestuur verskaf aan dogters met 'n Standaard 5-Sertifikaat die basiese bekwaamhede benodig vir die versorging van die huis en familie en die toepassing van die beginsels van higiëne, asook die basiese teoretiese en praktiese kennis waarop heelwat verskillende huispligte berus.
- (iii) Assistentie by voorskoolse inrigtings: hierdie eenjarige kursus met die Huisbestuur Sertifikaat as toelatingsvereiste, verskaf aan dogters die nodige kennis en bekwaamhede om met kinders op voorskoolse vlak te kan werk aangesien verskillende aspekte van kindersorg beklemtoon word.

97. Inligting verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

98. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor Ambagsopleiding, Tegnieese Opleiding, Gevorderde Tegnieese Opleiding en Nywerheidsopleiding, p.15.

99. Vgl. ibid., pp.12-14.

Soos by alle na-primêre onderwys in Bophuthatswana die geval is, geskied die onderrig deur medium van Engels en word die leerplanne opgestel, eksaminering gereël en sertifikate uitgereik deur die Departement van Bantoe-onderwys.

Tabel 3.5.6.1 toon die totale inskrywing vir vakopleiding (meisies) in Bophuthatswana volgens kursusse vir 1976.<sup>100</sup>

TABEL 3.5.6.1 - BOPHUTHATSWANA, VAKOPLEIDING (MEISIES): INSKRYWING VOLGENS KURSUS, 1976.

Kursus	Inskrywing
Huisbestuur	15
Assistente in voorskoolse inrigtings	25
Kleremakery	155
TOTAAL	195

Handelsonderwys word in Bophuthatswana aangebied by die staatsbeheerde Batswana Hoërskool naby Mafeking wat met ingang 1 Januarie 1977 afgeskei het van Batswana Opleidingskool. Op 31 Maart 1977 was Batswana se inskrywing soos volg: vorm II: 56, vorm III: 19, vorm IV: 24 en vorm V: 11, totaal: 110.<sup>101</sup> Behalwe Batswana bied die Handelsafdeling van die staatsbeheerde Thlabane Hoër Tegriese en Handelskool naby Rustenburg ook 'n handelskursus vir seuns en meisies aan. Benewens die gewone handelskursusse vir die Vorm III- en Senior Sertifikaat, bied Thlabane ook 'n voorvorm IV kursus aan wat aan leerlinge wat reeds oor 'n Junior Sertifikaat sonder handelsvakke beskik, die geleentheid bied om met 'n intensiewe handelskursus die vorm III-peil binne 1 jaar te bereik.<sup>102</sup> Handelsvakke word ook aangebied deur gewone akademiese sekondêre skole, byvoorbeeld Maroka by Thaba'Nchu, en behalwe die verpligte 3 tale kan 1 of meer handelsvakke saam met die gewone ander skoolvakke aangebied word.

100. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.247.

101. Gegewens verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met mnr. O.A.M. Setlhogelo, Beplanner, Bophuthatswana Departement van Onderwys, op 21 Junie 1977.

102. Ibid.

Die reeds genoemde 3 private vakopleidingskole vir meisies, naamlik Speedy, Ithuteng en Phaphama, bied benewens vakopleiding ook handelskursusse op vorm III- en vorm V-peil vir meisies aan. Op 31 Maart 1977 was die totale inskrywing ten opsigte van handelsrigtings by elk van die 3 soos volg:<sup>103</sup>

Ithuteng:	247
Phaphama:	169
Speedy:	240
Totaal	<u>656</u>

Tabel 3.5.6.2 toon die inskrywing ten opsigte van handelsvakke per standerd en die aantal skole wat die betrokke vakke in Bophuthatswana aanbied vir 1975.<sup>104</sup>

TABEL 3.5.6.2 - BOPHUTHATSWANA, HANDELSVAKKE: TOTALE INSKRYWING PER STANDERD EN AANTAL SKOLE, 1975.

Vakke	Aantal skole	Vorm I	Vorm II	Vorm III	Vorm IV	Vorm V	Totaal
Rekeningkunde	15	930	1 055	194	77	49	2 305
Handel	4	-	-	-	-	78	78
Handelwiskunde	1	-	-	-	38	11	49
Ekonomie	2	-	-	78	38	-	116
Handelsreg	1	-	-	-	-	28	28
Tikskrif	4	-	238	124	38	14	414
Bedryfsekonomie	5	-	-	346	149	-	495

### 3.5.7 Tegniese opleiding.

Sekondêre tegniese onderwys waardeur leerlinge die nodige kennis en ervaring opdoen met die oog op die uiteindelijke keuse van studierigtings soos ingenieurswese en gevorderde tegniese- en ambagsrigtings, word in Bophuthatswana by die staatsbeheerde Thlabane Hoër Tegniese en Handelskool naby Rustenburg aangebied.

103. Ibid.

104. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1975, p.13.

Die tegniese vorm III-kursus strek oor 3 jaar en die senior sertifikaat-kursus duur 'n verdere 2 jaar. Die volgende vakke word aangebied: Afrikaans, Engels, Tswana, wiskunde, natuur- en skeikunde, tegniese tekene en die teorie en praktyk van 1 van die volgende vakke, naamlik boukonstruksie, houtwerk, motorwerktuigkunde, sweis- en metaalwerk en elektrisiënswerk.<sup>105</sup>

Thlabane, die enigste tegniese sekondêre skool in Bophuthatswana, is in Januarie 1976 geopen en het gedurende daardie jaar 'n inskrywing van 26 vir die tegniese kursus gehad, almal elektrisiënswerk.<sup>106</sup> Gedurende 1977 het die inskrywing vir die tegniese kursus gegroei na 61 en is benewens elektrisiënswerk ook sweis- en metaalwerk aangebied.<sup>107</sup>

'n Begin met gevorderde tegniese opleiding is in 1976 in Bophuthatswana gemaak met die aanbieding van die Nasionale Diploma in Analitiese Chemie by die Ga-Rankuwa Tegniese en Ambagsentrum naby Pretoria. In 1976 was daar 31 studente ingeskryf vir hierdie kursus.<sup>108</sup>

Vir ander gevorderde tegniese onderwys is studente van Bophuthatswana aangewese op opleidingsfasiliteite buite Bophuthatswana, naamlik die inter-etniese Mmadikoti Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys naby Pietersburg en 'n afdeling van Mmadikoti wat gekoppel is aan die Ga-Rankuwa hospitaal naby Pretoria. Die volgende kursusse word aangebied:<sup>109</sup>

- (i) Ingenieurstegnici: 'n vierjarige kursus met 'n Senior Sertifikaat met wiskunde en 'n natuurwetenskap as toelatingsvereiste, word te Mmadikoti Kollege aangebied vir die opleiding van siviele- en landbou-ingenieurstegnici.
- (ii) Opmetingstegnici: 'n vierjarige kursus met dieselfde toelatingsvereistes as dié vir ingenieurstegnici word te Mmadikoti Kollege

105. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor Ambagsopleiding, Tegniese Opleiding, Gevorderde Tegniese Opleiding en Nywerheidsopleiding, p.17.

106. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.240.

107. Inligting verstrekk deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

108. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.70 en 244.

109. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor Ambagsopleiding, Tegniese Opleiding, Gevorderde Tegniese Opleiding en Nywerheidsopleiding, pp.19-37.

aangebied.

- (iii) Geologie-tegnici: 'n driejarige kursus met dieselfde toelatingsvereistes as dié vir ingenieurstegnici word te Mmadikoti Kollege aangebied.
- (iv) Telekommunikasie-tegnici: 'n driejarige kursus met 'n Senior Sertifikaat en wiskunde en natuur- en skeikunde op vorm III vlak as toelatingsvereiste word te Mmadikoti Kollege aangebied.
- (v) Tandterapie: 'n driejarige kursus met 'n Senior Sertifikaat met wiskunde en biologie en/of natuur- en skeikunde as toelatingsvereiste word aangebied. Die eerste jaar van die kursus word by die Mmadikoti Kollege aangebied, terwyl die tweede en derde jare by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied word.
- (vi) Arbeidsterapie: 'n driejarige kursus met 'n Senior Sertifikaat met wiskunde op die standaardgraad as toelatingsvereiste word by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied.
- (vii) Dieetkunde: 'n driejarige kursus met 'n Senior Sertifikaat met biologie of natuur- en skeikunde as toelatingsvereiste word by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied.
- (viii) Radiografie: 'n driejarige kursus met 'n Senior Sertifikaat met wiskunde as toelatingsvereiste word vanaf 1977 by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied.
- (ix) Fisioterapie: 'n driejarige kursus met dieselfde toelatingsvereistes as dié vir radiografie word by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied.
- (x) Geneeskundige laboratoriumtegnologie: die eerste jaar van hierdie vierjarige kursus na die Senior Sertifikaat word by Mmadikoti Kollege aangebied. Verdere opleiding geskied aan goedgekeurde geregistreerde laboratoria.

- (xi) Nasionale Diploma in Publieke Gesondheid: 'n driejarige kursus met 'n Senior Sertifikaat en wiskunde op vorm III vlak as toelatingsvereiste word by Mmadikoti Kollege aangebied.
- (xii) Gesondheidsassistente: 'n eenjarige kursus met vorm III as toelatingsvereiste word by Mmadikoti Kollege aangebied.
- (xiii) Gemeenskapsgesondheidsverpleging: 'n eenjarige kursus vir persone wat reeds in diens is van die Departement van Gesondheid of 'n plaaslike owerheid en in besit is van 'n Senior Sertifikaat en ook geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad as 'n algemene verpleegster en vroedvrou, of 'n diploma in Psigiatrisiese Verpleging besit, word by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied.
- (xiv) Nywerheidsoudiometrie: kursusse van 35 uur praktiese- en teoretiese opleiding word gedurende Julie en Desember vir kandidate met minstens vorm III en toepaslike ondervinding by die Ga-Rankuwa-afdeling van Mmadikoti Kollege aangebied.
- (xv) Watersuiweringsinstandhoudingswerkers: 'n 8 weke teoretiese kursus vir kandidate met standerd 5 en 6 maande praktiese ondervinding word by Mmadikoti Kollege aangebied. Daarna volg praktiese opleiding van 3 maande.
- (xvi) Watersuiweringsoperateurs: teoretiese opleiding van 1 semester gevolg deur 3 maande praktiese opleiding vir kandidate met minstens vorm III word by Mmadikoti Kollege verskaf.
- (xvii) Ykers: 'n gedeelte van die opleiding vir ykers word oor 3 semesters by Mmadikoti Kollege ten behoeve van die Departement van Handel aangebied. Die res van die opleiding sowel as die uitreiking van sertifikate berus by die Ykraad en die toelatingsvereistes vir die kursus is 'n Senior Sertifikaat met wiskunde en natuur- en skeikunde.

### 3.5.8 Nywerheidsopleiding.

Bophuthatswana het 'n ad hoc - staatsnywerheidskool wat een van 5 soortgelyke skole in die Republiek is en wat in gebiede aangrensend aan tuislande geleë is. By hierdie skool te Babelegi noord van Pretoria word kitskursusse, wat oor 13 weke loop, aangebied in basiese hand- en nywerheidsvaardighede wat 'n verskeidenheid nywerheidskategorieë dek, byvoorbeeld steenmesselwerk, pleisterwerk, plaatmetaalwerk, loodgieterswerk en sweiswerk. By voltooiing van so 'n kursus word 'n praktiese toets gestel deur die vaktoetsafdeling van die Departement van Bantoe-onderwys en toepaslike sertifikate word aan suksesvolle kandidate uitgereik.<sup>110</sup>

Babelegi Staatsnywerheidskool voorsien spesifiek aan die behoeftes van plaaslike nywerhede en kursusse word beplan om aan sodanige behoeftes te voldoen. Die skool verskaf ook nywerheidsopleidingsfasiliteite aan persone wat weens onvoldoende opvoedkundige kwalifikasies nie toegang tot ambagskole kan verkry nie. 'n Tweede ad hoc - nywerheidskool by Thlabane naby Rustenburg is in die beplanningstadium.<sup>111</sup>

### 3.5.9 Buitengewone onderwys.

Buitengewone onderwys (waarmee bedoel word: onderwys aan liggaamlik gestremdes) word in Bophuthatswana by 3 spesiale skole verskaf, naamlik Bartimeastaatskool naby Thaba'Nchu, die N.G. Kerk se staatsondersteunde Kutlwanongskool naby Rustenburg wat al twee skole vir dowes en blindes is, en die N.G. Kerk se staatsondersteunde Tlamelangskool vir kreupeles, onder wie ook serebraalverlamdes, naby Lichtenburg.

Die drie spesiale skole verskaf, benewens primêre onderwys, ook veral beroepsopleiding. Tabel 3.5.9.1 toon die aantal onderwysers en die aantal leerlinge per spesiale skool in Bophuthatswana gedurende 1976.<sup>112</sup>

110. Vgl. ibid., p.42.

111. Vgl. ibid., p.43.

112. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.253.



TABEL 3.5.9.1 - BOPHUTHATSWANA, SPESIALE SKOLE: ONDERWYSERS EN LEERLINGE 1976

Skool	Aantal Onderwysers		Blindes		Dowes		Dowes en Blindes		Serebraal-verlamdes en kreupeles		Totaal		
	Blankes	Bantoes	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Totaal
Bartimea	3	15	8	3	63	34	-	-	-	-	71	37	108
Kutlwanong	2	17	-	-	90	71	2	2	-	-	92	73	165
lamelang	2	11	-	-	-	-	-	-	61	43	61	43	104
TOTAAL	7	43	8	3	153	105	2	2	61	43	224	153	377

### 3.5.10 Spesiale onderwys vir kapteinseuns.

Spesiale onderwys om toekomstige kapteins, hoofmanne en raadslede beter toe te rus vir die administrasie van hul stamme, word sedert 1965 aan die seuns van kapteins, hoofmanne en raadslede by die staatsbeheerde Pinagare Kollege te Taung verskaf. Hierdie goed toegeruste skool is ontwerp en gebou om 100 leerlinge te huisves en almal ontvang gratis losies in 'n staatsbeheerde koshuis. Sekondêre onderwys vanaf vorm I tot vorm V word gegee en die kurrikulum, wat vanaf vorm II uitgebrei word om spesiale vakke in te sluit, is soos volg:<sup>113</sup>

Vorm I	Vorm II
1. Tswana A	1. Tswana A
2. Afrikaans B	2. Afrikaans B
3. Engels B	3. Engels B
4. Wiskunde	4. Wiskunde of Sosiale studie
5. Algemene wetenskap	5. Algemene wetenskap
6. Sosiale studie	6. Landbou
7. Landbou	7. Bantoe-administrasie en -reg
	8. Gekombineerde handelsvak bestaande uit ekonomiese begrippe en kantoorroetine, rekeningkunde, handelswis- kunde en tik.

In vorm III word sosiale studie as keusevak teenoor wiskunde vervang met geskiedenis, biologie vervang algemene wetenskap en landbou verval. Aan die einde van vorm III word die eksterne eksamen van die Departement van Bantoe-onderwys in die gewone vakke geskryf terwyl bantoe-administrasie en -reg en die handelsvakke intern geëksamineer word.

---

113. Vgl. Pinagare Kollege, Prospektus 1977, p.1.

Die vorm IV en V kurrikulum is soos volg:<sup>114</sup>

1. Tswana eerste taal hoër graad
2. Afrikaans tweede taal hoër graad
3. Engels tweede taal hoër graad
4. Biologie hoër graad
5. Wiskunde of geskiedenis hoër graad
6. Bantoereg standaardgraad
7. Bantoe-administrasie standaardgraad
8. Landbou spesiaal
9. Wêreldgebeure
10. Openbare optrede

Die landbou-, wêreldgebeure- en openbare optrede-kursusse duur 3 semesters en word gedurende Juniemaand van die vorm V-jaar intern geëksamineer. Die ander 7 vakke word aan die einde van vorm V ekstern geëksamineer en lei tot die Nasionale Senior Sertifikaat met of sonder universiteitsvrystelling. Benewens die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf kandidate ook 'n Diploma in Bantoe-administrasie indien 'n slaagpunt in die volgende vakke behaal word: Tswana eerste taal hoër graad, Afrikaans of Engels tweede taal hoër graad, bantoereg standaardgraad, bantoe-administrasie standaardgraad, landbou spesiaal, wêreldgebeure en openbare optrede. Laasgenoemde diploma word deur die staatsdiens vir salarisdoeleindes erken as 'n volwaardige senior sertifikaat.

Op 30 Junie 1977 was daar by Pinagare Kollege 5 blanke en 6 Tswana onderwysers met 'n totale leerlingtal van 101 wat soos volg oor die verskillende standerds versprei was: vorm I: 28, vorm II: 26, vorm III: 20, vorm IV: 18, en vorm V: 9.<sup>115</sup>

### 3.6 Landbouopleiding in Bophuthatswana.<sup>116</sup>

In Bophuthatswana bestaan daar geen landbouskool nie maar landbouwetenskap

114. Vgl. ibid., p.2.

115. Kyk Pinagare Kollege, Kwartaalstaat 30 Junie 1977.

116. Tensy anders vermeld is alle gegewens oor landbouopleiding in Bophuthatswana verkry tydens 'n persoonlike onderhoud met mnr. P.G.F. Coetzee, prinsipaal, Landboukollege, Taung, op 30 Junie 1977.

as keusevak by na-primêre skole is baie gewild, soos blyk uit die feit dat 107 uit 'n totaal van 113 na-primêre skole in 1975 dit aangebied het aan 21 424 leerlinge uit 'n totaal van 37 341 sekondêre leerlinge.<sup>117</sup>

Onder beheer van Bophuthatswana se Departement van Landbou bestaan daar sedert 1965 'n landboukollege te Taung. Hierdie uitstekende toegeruste kollege, wat op dieselfde terrein as Pinagare Kollege vir kapteinseuns is, is ook ontwerp en gebou vir 100 studente en bied 'n diplomakursus in twee studierigtings aan, naamlik landbou en veegesondheid.

Die toelatingsvereiste tot albei studierigtings is vorm III. Die tydsduur van die landboustudierigting is 5 semesters en aan die einde van elke semester word 'n interne semestereksamen in elke vak of onderdeel van 'n vak afgeleë. 'n Slaagpersentasie van 50 persent per vak of onderdeel word vereis. Die tydsduur van die veegesondheidstudierigting is 4 semesters met semestereksamens soos vir die landbourigting, gevolg deur 1 semester indiensopleiding waarna kandidate formeel deur 'n veearts geëksamineer word onder beskerming van die kollege. Die slaagvereistes is dieselfde as vir die landboustudierigting. Diplomas word uitgereik deur Bophuthatswana se Departement van Landbou.

Gedurende die eerste 3 semesters volg studente van die landbou- sowel as die veegesondheidstudierigtings dieselfde kurrikulum wat uit die teorie en praktyk van die volgende vakke bestaan:

Eerste semester: Akkerbou.  
Anatomie en fisiologie  
Veekunde

Tweede semester: Grond- en veldbewing.  
Akkerbou  
Veekunde  
Grondkunde  
Tuinbou  
Pluimveeboerdery  
Landbou-ekonomie

117. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1975, p.13.

Derde semester: Akkerbou  
 Veekunde  
 Weidingsbestuur  
 Landbou-ekonomie  
 Tuinbou  
 Bosbou  
 Bykomende voedselbronne

Vanaf die vierde semester word gespesialiseer in landbou of veegesondheid en word die volgende kurrikulum gevolg:

Vierde semester:	<u>Landbou</u>	<u>Veegesondheid</u>
	Veekunde (1 kursus)	Veekunde (3 kursusse)
	Weidingsbestuur	Weidingsbestuur
	Landbouvoorligting	Landbouvoorligting
	Grondkunde	Toegepaste veegesondheid
	Akkerbou	

Vyfde semester:	<u>Landbou</u>	<u>Veegesondheid</u>
	Akkerbou	Indiensopleiding
	Veekunde	
	Weidingsbestuur	
	Landbouvoorligting	
	Beplanning	
	Administrasie	

Studente wat 'n natuurbewaringskursus te Cwaka Landboukollege in Kwazulu wil volg, voltooi die eerste semesterkursus te Taung, ontvang daarna 1 semester indiensopleiding en word dan op 'n keuringsbasis toegelaat tot die natuurbewaringskursus te Cwaka.

Al die studente van die Landboukollege woon in 'n koshuis onder beheer van Bophuthatswana se Departement van Landbou en betaal losiesgeld van R20 per semester asook 'n sportfooi van R5 per semester. Omdat die totale tydsduur van die studierigtings 5 semesters is, beteken dit dat 'n groot persentasie van die studente elke Juniemaand afstudeer met die gevolg dat die inskrywing vir die tweede semester van elke jaar heelwat laer is as die inskrywing gedurende die eerste semester. Tabel 3.6.1 toon die inskrywing per

studiese semester vir die jare 1973 tot 1977.

TABEL 3.6.1 - LANDBOUKOLLEGE, INSKRYWING PER SEMESTER VOLGENS  
STUDIESEMESTERS VIR DIE JARE 1973 TOT 1977

Jaartal	Semester	Studiese semester					Totale inskrywing per semester
		I	II	III	IV	V	
1973	1	29	-	23	-	16	68
	2	-	25	-	16	-	41
1974	1	50	-	25	-	16	91
	2	-	44	-	18	-	62
1975	1	35	-	42	-	18	95
	2	-	34	-	33	-	67
1976	1	25	-	34	-	33	72
	2	-	24	-	26	-	50
1977	1	34	-	21	-	26	81
	2	-	28	-	21	-	49

Hoewel verreweg die meerderheid studente Batswana is, word studente uit ander etniese groepe ook by die kollege opgelei. Die 49 studente wat by die kollege gedurende die tweede semester van 1977 ingeskryf was, het bestaan uit 43 Batswana, 1 Noord-Sotho, 1 Suid-Sotho en 4 Namas. Daar bestaan 12 dosentposte (die hoof en vise-hoof uitgesluit) aan die kollege waarvan 11 Tswana en 1 blank is. Die hoof is blank terwyl die vise-hoof, 'n Tswana, een van slegs 3 Tswana landbougegradueerdes in die Departement van Landbou van Bophuthatswana is.

Sedert die ontstaan van die kollege is reeds 192 diplomas toegeken sodat die kollege tot 'n groot mate voorsien in die behoefte aan landbouvoorligters en veeinspekteurs in Bophuthatswana.

### 3.7 Universitêre opleiding.

Vir Bophuthatswana het 'n belangrike uitbreiding op die gebied van die universiteitswese in 1976 plaasgevind met die stigting van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika te Ga-Rankuwa in Bophuthatswana. Die

inwerkingtreding van die wet op hierdie universiteit met 3 fakulteite - medisyne, tandheelkunde en veeartsenykunde - vanaf 1 Augustus 1976 is in die Staatskoerant geproklameer en 'n raad vir die universiteit is reeds saamgestel en het met werksaamhede begin. Die departemente Anatomie en Fisiologie is in 1977 ingestel en die eerste tweedejaar studente sal na verwagting in 1978 inskryf.<sup>118</sup>

Vir ander voltydse universitêre opleiding, is Tswana studente hoofsaaklik aangewese op die 3 universiteite vir swart studente, naamlik Fort Hare, Zoeloeland en veral die Universiteit van die Noorde wat ingestel is op die behoeftes van die Tswana. Hierdie 3 universiteite het in 1970 kragtens wetgewing selfstandige universiteite geword wat outonoom is wat hul interne reëlings betref, en beheer en bestuur word deur rade waarop die volksgroepe wat elke universiteit bedien sedert 1974 direkte eie verteenwoordiging het.<sup>119</sup> In die geval van die Universiteit van die Noorde is die Batswana een van die volke wat verteenwoordiging op die raad het. Elke universiteitsraad word ook bygestaan deur 'n adviserende raad.<sup>120</sup>

Toelatingskwalifikasies tot graad- en voorgraadse studie is dieselfde as die van ander Suid-Afrikaanse universiteite. Grade, voor- en nagraadse diplomas en voorgraadse sertifikate word ook volgens dieselfde patroon as in ander Suid-Afrikaanse universiteite toegeken. Universiteite vir swartes word geheel deur die staat gefinansier en die Departement van Bantoe-onderwys sorg vir die versameling en publikasie van samevattende en vergelykbare statistiek. Op grond van studentetal en aantal departemente was die Universiteit van die Noorde die grootste van die 3 universiteite vir swartes in 1976, terwyl Fort Hare die meeste fakulteite en die grootste personeel gehad het. Tabelle 3.7.1 en 3.7.2 en 3.7.3 toon die personeelvoorsiening, fakulteite en inskrywing by elk van die universiteite vir swartes gedurende 1976.<sup>121</sup>

118. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.84.

Ook BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.142.

119. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1974, p.85.

120. Kyk Ruperti, R.M., Opvoeding en Opleiding, in Moolman, J.H. en Leistner, G.M.E., Bophuthatswana: Hulpbronne en Ontwikkeling, deel 2, p.84.

121. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.88.

TABEL 3.7.1 - PERSONEELVOORSIENING, UNIVERSITEITE VIR SWARTES, 1976

Universiteit	Poste	Blank	Bantoe	Totaal
Fort Hare	Akademies	141	41	182
	Administratief	50	43	93
	TOTAAL	191	84	275
Die Noorde	Akademies	99	66	165
	Administratief	41	34	75
	TOTAAL	140	100	240
Zoeloeland	Akademies	94	27	121
	Administratief	45	37	82
	TOTAAL	139	64	203

TABEL 3.7.2 - FAKULTEITE EN DEPARTEMENTE, UNIVERSITEITE VIR SWARTES, 1976

Universiteit	Fakulteit	Departemente
Fort Hare	7	49
Die Noorde	6	51
Zoeloeland	6	39

TABEL 3.7.3 - UNIVERSITEITE VIR SWARTES, GETAL STUDENTE, 1976

Universiteit	Mans	Vroue	Totaal
Fort Hare	1 110	541	1 651
Die Noorde	1 315	587	1 902
Zoeloeland	1 169	482	1 651
TOTAAL	3 594	1 610	5 204

Van bogenoemde totale studentetal van 5 204 was 552 Batswana wat soos volg onder die 3 universiteite verdeel was:<sup>122</sup>

<sup>122</sup>. Vgl. *ibid.*, p.163.



Universiteit	Mans	Vroue	Totaal
Fort Hare	19	4	23
Die Noorde	322	196	518
Zoeloeland	5	6	11
TOTAAL	346	206	552

Voor die stigting van die nuwe universiteit te Ga-Rankuwa is die opleiding van swart geneeshere hoofsaaklik aangebied aan die Nie-blanke mediese skool van die Universiteit van Natal. Gedurende 1976 het 249 swart studente by die fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Natal ingeskryf.<sup>123</sup>

Tswana studente studeer ook aan al die fakulteite van die Universiteit van Suid-Afrika en, by hoë uitsondering, ook aan ander blanke Suid-Afrikaanse universiteite. Gedurende 1976 was daar 5 417 swart studente aan die Universiteit van Suid-Afrika ingeskryf en 105 aan ander universiteite.<sup>124</sup>

### 3.8 Enkele spesifieke aspekte van die skoolstelsel van Bophuthatswana.

#### 3.8.1 Algemene groei.

Tabel 3.8.1.1 toon die totale getal leerlinge, onderwysers, skole en klaskamers in Bophuthatswana vanaf 1969 tot 1976.<sup>125</sup>

Die volgehoue jaarlikse toename in leerlinge, onderwysers, skole en klaskamers val dadelik op. Dat die jaarlikse toename in leerlingtal feitlik reëlmatig is, word aangetoon in tabel 3.8.1.2 waar die jaarlikse toename in leerlingtal telkens as 'n persentasie van die vorige jaar se leerlingtal gegee word.

123. Kyk ibid., p.88.

124. Kyk loc.cit.

125. Tensy anders vermeld, kom alle basiese statistiek in subhoof 3.8 uit jaarverslae van die Departement van Bantoe-onderwys vir die betrokke Jaar (1969 - 1976) of is eie verwerkings van basiese statistiek.

TABEL 3.8.1.1 - BOPHUTHATSWANA: GETAL LEERLINGE, ONDERWYSERS, KLASKAMERS EN SKOLE, 1969 - 1976

	1969	1970	1971	1972	1973	1974	1975	1976
Leerlinge	229 259	252 207	272 194	292 766	314 601	333 834	360 055	387 470
Onderwysers	3 878	4 093	4 534	5 006	5 415	5 813	6 406	7 018
Skole	616	643	681	709	735	778	836	921
Klaskamers	3 687	4 054	4 375	4 719	5 040	5 418	5 785	6 289

TABEL 3.8.1.2 - BOPHUTHATSWANA, JAARLIKSE TOENAME IN LEERLING-  
TAL, 1969 - 1976

Jare	Toename	Persentasie Toename
1969 - 1970	22 948	10,0
1970 - 1971	19 987	7,9
1971 - 1972	20 572	7,6
1972 - 1973	21 835	7,5
1973 - 1974	19 233	6,1
1974 - 1975	26 221	7,9
1975 - 1976	27 415	7,6

Om die beeld van algemene groei meer betekenisvol te maak is verdere ontledings nodig.

### 3.8.2 Leerlinge.

Met die bevolkingsensus van 1970 was die de facto swart bevolking van Bophuthatswana 877 140 (die gedeelte van die swart bevolking wat werklik binne die gebiedsgrense van Bophuthatswana woon.)<sup>126</sup> Met 'n totale leerlingtal van 252 207 in 1970 (kyk tabel 3.8.1.1), gee dit 'n persentasie van 28,75 van die totale swart bevolking van Bophuthatswana wat op skool was. Dit is aansienlik hoër as die 17,27 persent van alle Suid-Afrikaanse swartes wat in 1970 op skool was.<sup>127</sup> Die beraamde de facto swart bevolking van Bophuthatswana vir 1973 is 1,023 miljoen.<sup>128</sup> Met 'n werklike totale leerlingtal van 314 601 in 1973 (kyk tabel 3.8.1.1), gee dit 'n beraamde persentasie van 30,75 van die totale swart bevolking van Bophuthatswana wat in 1973 op skool was. Dit is ook aansienlik hoër as die beraamde 19,15 persent van alle Suid-Afrikaanse swartes wat in 1973 op skool was.<sup>129</sup>

Die volgende faktore oefen 'n invloed uit op die persentasie van die totale swart bevolking van Bophuthatswana wat op skool is:

126. Kyk BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.18.  
 127. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.152.  
 128. Kyk BENBO, Swart ontwikkeling in Suid-Afrika, p.30.  
 129. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.152.

- (i) Die uitwerking wat die verskil tussen die de jure-Tswanabevolking (die Batswana binne Bophuthatswana plus die Batswana wat tydelik en deurlopend in ander gebiede woonagtig is) en die de facto-Tswanabevolking (Batswana in Bophuthatswana woonagtig) op die leerlingtal van Bophuthatswana het. In 1970 was 1,08 miljoen of 64,5 persent Batswana buite Bophuthatswana woonagtig.<sup>130</sup> Volgens die Sekretaris van Onderwys van Bophuthatswana stuur Batswana buite Bophuthatswana in toenemende getalle hul kinders na skole binne Bophuthatswana.<sup>131</sup> Hierdie stelling word onderskryf deur die feit dat onderwysopleiding hoofsaaklik binne die tuislande aangebied word. In 1976 was daar 28 onderwysersopleidingskole met 12 791 studente binne die tuislande teenoor slegs 7 onderwysersopleidingskole met 2 209 studente in Blankegebied.<sup>132</sup>
- (ii) Die afwesigheid van verpligte skoolbywoning gekoppel met 'n stygende algemene ontwikkelingspeil lei tot 'n groter vraag na onderwys en die gevolglike moontlikheid van 'n aansienlik jaarliks toenemende persentasie-inskrywing van kinders van skoolgaande leeftyd.<sup>133</sup>
- (iii) Die de facto swart bevolking van Bophuthatswana het vanaf 1960 tot 1970 gegroei met 127,08 persent (vanaf 386 264 in 1960 tot 877 140 in 1970), wat met die uitsondering van Qwaqwa, hoër is as in enige ander tuisland.<sup>134</sup> In die mate waarin hierdie groeitempe gehandhaaf word en ook vir die bevolking van skoolgaande leeftyd geld, moet by volgehoue ontwikkeling op onderwysgebied 'n jaarliks groter persentasie van die stygende bevolking in die skool kom.<sup>135</sup>

Tabel 3.8.2.1 toon die totale leerlinginskrywing van Bophuthatswana volgens verskillende ouderdomsgroepe vir die jare 1972 tot 1976 asook die persentasie wat elke ouderdomsgroep van die totale leerlingtal verteenwoordig.

130. Vgl. BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.18.

131. Persoonlike onderhoud met mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.

132. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.62 en 242 tot 243.

133. Vgl. Rupert, R.M., Opvoeding en Opleiding....., p.75.

134. Kyk loc.cit.

Ook BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.18.

135. Kyk Rupert, R.M., Opvoeding en Opleiding....., p.75.

TABEL 3.8.2.1 - BOPHUTHATSWANA, LEERLINGINSKRYWING VOLGENS  
 OUDERDOMSGROEPE, 1972 - 1976

Ouderdomsgroepe	Jaar				
	1972	1973	1974	1975	1976
Onder 7 jaar	1 290	1 686	2 079	2 899	5 350
Persentasie van totaal	0,44	0,53	0,62	0,81	1,38
7 - 15 jaar	246 439	261 775	274 427	292 309	311 518
Persentasie van totaal	84,18	83,21	82,21	81,18	80,40
16 - 20 jaar	42 811	48 572	54 245	60 861	65 953
Persentasie van totaal	14,62	15,44	16,25	16,90	17,02
21 en ouer	2 226	2 568	3 083	3 986	4 649
Persentasie van totaal	0,76	0,82	0,92	1,11	1,20
TOTAAL	292 766	314 601	333 834	360 055	387 470
PERSENTASIE	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

Uit tabel 3.8.2.1 blyk dit dat die ouderdomgroep 7 tot 15 jaar wat deur die Departement van Bantoe-onderwys as "leerlinge van skoolgaande leeftyd" beskou word,<sup>136</sup> oor die gegewe 5 jaar 'n afname toon vanaf 84,18 persent tot 80,40 persent van die totale skoolbevolking.

Die verspreiding van leerlinge oor die verskillende kursusse gedurende 1972 tot 1976 asook die verspreiding as persentasies van die totale leerling-tal, word in tabel 3.8.2.2 weergegee.

Die groot daling in die primêre inskrywing en die gepaardgaande groot styging in die sekondêre inskrywing in 1976 is die gevolg van die inwerkingtreëding van die nuwe twaalfjaarstruktuur en die gevolglike uitskakeling van standerd 6 en die toevoeging van standerd 5 tot die sekondêre kursus. Die hoë persentasie leerlinge in die primêre onderwys is kenmerkend van ontwikkelende onderwysstelsels en dui ook daarop dat die

136. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1971, p.1.

TABEL 3.8.2.2 - BOPHUTHATSWANA, VERSPREIDING VAN TOTALE LEERLINGTAL VOLGENS KURSUS, 1972 - 1976

Kursus	1972	1973	1974	1975	1976
Primêr	270 798	288 827	303 527	318 305	294 223
Persentasie van totaal	92,50	91,81	90,92	88,40	75,93
Sekondêr	19 056	22 346	26 560	37 341	88 498
Persentasie van totaal	6,51	7,10	7,96	10,37	22,84
Onderwysersopleiding	1 773	2 140	2 304	2 706	3 035
Persentasie van totaal	0,60	0,68	0,69	0,75	0,78
Tegnies-, ambags- en vakopleiding	460	471	543	634	758
Persentasie van totaal	0,16	0,15	0,16	0,18	0,20
Ander (a)	679	817	900	1 069	956
Persentasie van totaal	0,23	0,26	0,27	0,30	0,25
TOTAAL	292 766	314 601	333 834	360 055	387 470
PERSENTASIE	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

(a) Ander: Spesiale skole, aandklasse en ongeklassifiseerdes

einde van die primêre kursus met 'n sterk afname van leerlingtal gepaard gaan.<sup>137</sup> Die afname in leerlingtal aan die einde van 'n kursus word duidelik geïllustreer deur tabel 3.8.2.3 wat die verspreiding van leerlinge oor die laer primêre kursus, hoër primêre kursus, junior sekondêre kursus en die senior sekondêre kursus in Bophuthatswana vir die jare 1972 tot 1976 toon.

TABEL 3.8.2.3 - BOPHUTHATSWANA, VERSPREIDING VAN LEERLINGE OOR PRIMERE EN SEKONDÊRE SKOOLKURSUSSE, 1972 - 1976

Kursus	Jaar				
	1972	1973	1974	1975	1976
Laer primêr	177 086	186 117	194 400	206 709	222 769
Persentasie van totaal	61,10	59,81	58,90	58,12	58,21
Hoër primêr	93 712	102 710	109 127	111 596	71 454
Persentasie van totaal	32,33	33,01	33,06	31,38	18,67
Junior sekondêr	17 459	20 410	24 137	34 390	76 613
Persentasie van totaal	6,02	6,56	7,31	9,67	20,02
Senior sekondêr	1 597	1 936	2 423	2 951	11 885
Persentasie van totaal	0,55	0,62	0,73	0,83	3,10
TOTAAL	289 854	311 173	330 087	355 646	382 721
PERSENTASIE	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

Die toename gedurende 1976 in die leerlingtal van die junior- en senior sekondêre kursusse en die afname in die hoër primêre kursus is die gevolg van die inwerkingtreding van die twaalfjaarstruktuur waarvolgens standerd 6 wegval en standerd 5 by die junior sekondêre kursus gevoeg word en vorm III die eerste jaar van die senior sekondêre kursus is in plaas van die laaste jaar van die junior sekondêre kursus.

137. Vgl. Ruperti, R.M., Opvoeding en Opleiding....., pp.76-77.

Die departementele Primêre Skooleindsertifikaat en die Vorm III-Sertifikaat beteken vir baie leerlinge die einde van hul skoolloopbaan. Hierdie feit word benadruk deur tabel 3.8.2.4 wat die leerlinginskrywing per standerd in Bophuthatswana vir die jare 1972 tot 1976 toon.

TABEL 3.8.2.4 - BOPHUTHATSWANA, LEERLINGINSKRYWING VOLGENS STANDERD, 1972 - 1976

Standerd	Jaar				
	1972	1973	1974	1975	1976
Sub. A	52 123	53 675	56 075	62 155	66 831
Sub. B	46 448	49 043	50 766	52 861	58 739
Standerd 1	44 289	46 974	48 942	51 385	53 811
Standerd 2	34 226	36 425	38 617	40 308	43 388
Standerd 3	31 224	32 824	34 347	36 681	39 154
Standerd 4	24 139	26 678	27 825	30 155	32 300
Standerd 5	19 506	21 871	23 882	24 740	32 603
Standerd 6	18 843	21 337	23 073	20 020	-
Vorm I	7 437	8 778	10 694	18 007	(a) 29 728
Vorm II	5 910	6 787	7 914	9 782	14 282
Vorm III	4 112	4 845	5 529	6 601	7 855
Vorm IV	1 117	1 283	1 632	1 925	2 755
Vorm V	480	653	791	1 026	1 275
TOTAAL	289 854	311 173	330 087	355 646	382 721

(a) standerd 5 en 6 in 1975 toegelaat tot vorm I in 1976.

In tabel 3.8.2.4 is die merkbare afname in leerlingtal aan die einde van die derde skooljaar (standerd 1) opvallend, en kan aan verskeie faktore toegeskryf word.<sup>138</sup> Dit is 'n algemene verskynsel by die Suid-Afrikaanse swartes soos blyk uit tabel 3.8.2.5 wat die afname in leerlingtal vanaf die derde na die vierde skooljaar in verskeie tuislande en vir swartes in Blanke gebied in 1976 toon.

138. Kyk hoofstuk IV, onderafdeling 4.4.



TABEL 3.8.2.5 - AFNAME IN SWART LEERLINGTAL AAN DIE EINDE VAN  
STANDERD 1 IN TUISLANDE EN BLANKE GEBIED, 1976

Gebied	Inskrywing	Inskrywing	Afname	% Afname
	St. 1	St. 2		
Ciskei	20 289	17 908	2 381	11,74
Bophuthatswana	53 811	43 388	10 423	19,37
Qwaqwa	4 908	4 180	728	14,83
Lebowa	67 143	52 631	14 512	21,61
Gazankulu	17 227	13 417	3 810	22,12
Venda	15 851	12 741	3 110	19,62
Kwazulu	94 717	71 208	23 509	24,82
Totaal Tuislande	273 946	215 473	58 473	21,35
Blankegebied	206 316	157 221	49 095	23,80
TOTAAL	480 262	372 694	107 568	22,40

Die onderlinge verhoudinge van leerlingtal in die opeenvolgende klasse word ook gedeeltelik bepaal deur die druipling van leerlinge terwyl 'n hoë druipsyfer weer, onder andere, 'n teken is van swak aanpassing van die onderwysinhoud en -metode by die volkstaad.<sup>139</sup> Die slaagpersentasies in die eksterne eksamens van November 1975 (tabel 3.8.2.6) moet dus saam met die leerlingtalle van 1976 in tabel 3.8.2.4 gelees word.

TABEL 3.8.2.6 - BOPHUTHATSWANA, SLAAGPERSENTASIES EKSTERNE EKSAMENS,  
NOVEMBER 1975

Eksamen	Bophuthatswana <sup>140</sup>	Alle S.A. Swartes
Primêre Skooleindsertifikaat:		
St. 5	69,3	65,1
St. 6	83,1	77,5
Vorm III Sertifikaat	69,9	73,2
Senior Sertifikaat en Matrikulasie	63,1	63,9

139. Kyk Rupert, R.M., Opvoeding en Opleiding....., p.78

140. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1975, pp.14-16.

n Verspreiding van die totale leerlingtal in 1976 volgens beheer van skole word in tabel 3.8.2.7 getoon.

TABEL 3.8.2.7 - BOPHUTHATSWANA, VERSPREIDING VAN LEERLINGTAL VOLGENS BEHEER EN KURSUS, 1976

Kursus	Staat	Ondersteunde		Private	Totaal
		Gemeenskap	Ander		
Laer Primêr	-	220 368	516	1 885	222 769
Hoër Primêr	-	70 484	136	834	71 454
Sekondêr	6 660	80 372	79	1 387	88 498
Onderwysers- opleiding	3 035	-	-	-	3 035
Tegnies-, Ambags-, en Vakopleiding	563	68	-	127	758
Na-Primêr onge- klassifiseerd		33		514	547
Aandskole				32	32
Spesiale skole	108	-	269	-	377
TOTAAL	10 366	371 325	1 000	(a) 4 779	387 470

(a) Sluit in 3 847 leerlinge in Rooms-Katolieke skole.

Uit tabel 3.8.2.7 blyk dit dat ondersteunde gemeenskapskole verreweg die meeste leerlinge huisves, terwyl alle onderwysersopleiding en die grootste gedeelte van ambags-, tegniese- en vakopleiding onder staatsbeheer is.

Die swart bevolking, de facto, van Bophuthatswana was in 1970 soos volg:<sup>141</sup>

Vroulik	466 080	53,14 persent
Manlik	411 060	46,86 persent
TOTAAL	877 140	100,0 persent

Soos uit tabel 3.8.2.8 blyk, stem die groter getal meisies as seuns in skole in Bophuthatswana ooreen met bogenoemde soortgelyke verhouding in die bevolking as geheel.

141. Kyk BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.18.

TABEL 3.8.2.8 - BOPHUTHATSWANA, TOTALE LEERLINGTAL VOLGENS  
GESLAG, 1969 - 1976

Jaar	Seuns		Meisies		Totaal
	Aantal	Persentasie	Aantal	Persentasie	
1969	111 088	48,5	118 171	51,5	229 259
1970	122 442	48,5	129 765	51,5	252 207
1971	131 823	48,4	140 371	51,6	272 194
1972	142 367	48,6	150 399	51,4	292 766
1973	152 801	48,6	161 800	51,4	314 601
1974	161 999	48,5	171 835	51,5	333 834
1975	174 228	48,4	185 827	51,6	360 055
1976	187 545	48,4	199 925	51,6	387 470

Tabel 3.8.2.9 toon die verhouding tussen seuns en meisies in elke standaard of kursus vir die jare 1974 tot 1976.

Ontleding van tabel 3.8.2.9 toon die volgende patroon:

- (i) Daar was meer seuns as meisies in elkeen van die eerste 3 jaar van die primêre kursus (substanderd A tot standerd 1) en die laaste 2 jaar van die sekondêre kursus (vorms IV en V), terwyl die meisies in elkeen van die tussenjare (standerd 2 tot vorm III) oorheers het.
- (ii) Meer seuns as meisies is besig met tegniese-, ambags- en vakopleiding en is in spesiale skole, terwyl meisies in die onderwysersopleidingskursusse oorheers.

Dieselfde patroon word ook in Bophuthatswana gevind ten opsigte van die jare 1969 tot 1973. Dit toon onder andere ook dat die opvallende afname in die leerlingtal aan die einde van die derde skooljaar waarna vroeër verwys is (kyk tabel 3.8.2.4), deels toegeskryf kan word aan die groter aantal seuns as meisies wat die skool na standerd 1 verlaat.

TABEL 3.8.2.9 - BOPHUTHATSWANA - INSKRYWING PER STANDERD OF KURSUS VOLGENS GESLAG, 1974 - 1976

Kursus	1974		1975		1976	
	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies
Sub A	28 699	27 376	31 892	30 263	34 271	32 560
Sub B	26 299	24 467	26 989	25 872	29 913	28 826
St. 1	24 745	24 197	26 137	25 248	27 306	26 505
St. 2	18 577	20 040	19 485	20 823	21 067	22 321
St. 3	16 109	18 238	17 264	19 417	18 635	20 519
St. 4	12 741	15 084	13 636	16 519	14 823	17 477
St. 5	10 658	13 224	11 026	13 714	14 373	18 230
St. 6	9 984	13 089	8 812	11 208	-	-
Vorm I	4 804	5 890	7 777	10 230	12 729	16 999
Vorm II	3 458	4 456	4 341	5 441	6 356	7 926
Vorm III	2 534	2 995	2 970	3 631	3 508	4 347
Vorm IV	1 006	626	1 167	758	1 546	1 209
Vorm V	521	270	625	401	787	488
Onderwysersopleiding	1 023	1 281	1 169	1 537	1 232	1 803
Tegnies-, Ambags- en Vakopleiding	377	166	454	180	563	195
Spesiale skole	333	203	310	222	224	153
Aandklasse	20	14	21	15	10	22
Ongeklassifiseerd	111	219	153	348	202	345
<b>TOTAAL</b>	<b>161 999</b>	<b>171 835</b>	<b>174 228</b>	<b>185 827</b>	<b>187 545</b>	<b>199 925</b>

3.8.3 Onderwysers

Tabel 3.8.3.1 toon dat die aantal onderwysers by gebied- / staat-,  
 ondersteunde- en private skole jaarliks sedert die ontstaan van 'n eie  
 Departement van Onderwys in 1969 toegeneem het.

TABEL 3.8.3.1 - BOPHUTHATSWANA, AANTAL ONDERWYSERS IN GEBIED- /  
 STAAT-, ONDERSTEUNDE- EN PRIVATE SKOLE, 1969-1976

Tipe skool	Jaar							
	1969	1970	1971	1972	1973	1974	1975	1976
Gebied- of staatskole	130	139	150	168	308	343	388	415
Ondersteunde skole	3 639	3 850	4 256	4 704	4 963	5 331	5 884	6 474
Privaatskole	109	104	128	134	144	139	134	129
TOTAAL	3 878	4 093	4 534	5 006	5 415	5 813	6 406	7 018

Wanneer die aantal onderwysers met die leerlingtotale vir die onderskeie  
 jare in verband gebring word, word die aantal leerlinge per onderwyser  
 vir elke jaar in tabel 3.8.3.2 getoon.

TABEL 3.8.3.2 - BOPHUTHATSWANA, AANTAL LEERLINGE PER ONDERWYSER,  
 1969 - 1976

Jaar	Onderwysers	Leerlinge	Aantal leerlinge per onderwyser
1969	3 878	229 259	59
1970	4 093	252 207	62
1971	4 534	272 194	60
1972	5 006	292 766	59
1973	5 415	314 601	58
1974	5 813	333 834	57
1975	6 406	360 055	56
1976	7 018	387 470	55

TABEL 3.8.3.3 - BOPHUTHATSWANA, AANTAL LEERLINGE PER ONDERWYSER  
IN VERSKILLENDE KURSUSSE, 1974 - 1976

Kursus	1974			1975			1976		
	Onder- wysers	Leerlinge	Aantal leerlinge per onderwyser	Onder- wysers	Leerlinge	Aantal leerlinge per onderwyser	Onder- wysers	Leerlinge	Aantal leerlinge per onderwyser
Laer Primêr	2 590	194 400	75	2 719	206 709	76	2 929	222 769	76
Hoër Primêr	2 229	109 127	50	2 435	111 596	46	2 400	104 057	43
Sekondêr en Onderwysopleiding	881	28 864	33	1 118	40 047	36	1 568	58 930	38
Ander (a)	113	1 443	13	134	1 703	13	121	1 714	14
TOTAAL	5 813	333 834	57	6 406	360 055	56	7 018	387 470	55

(a) Ander: Sluit onder andere spesiale skole in waar die onderwyser-leerlingverhouding in 1976 1:8 was.

Die aantal leerlinge per onderwyser het vanaf 1971 met 1 per jaar afge- neem tot 55 in 1976. Onderwysersvoorsiening het dus tred gehou met die leerlingtoename en die algehele toestand het teen 'n baie lae koers effens verbeter.

Tabel 3.8.3.3 toon die aantal leerlinge per onderwyser in verskillende kursusse vir die jare 1974 tot 1976.

Die grootste tekort aan onderwysers is in die laer primêre klasse en as 'n poging om dit te omseil word in die substanderds gebruik gemaak van dubbelsessies, waarby een onderwyser daaglik eers één en later in die dag vir 'n tweede groep leerlinge verantwoordelik is. In 1969 was daar 713 onderwysers en 68 812 leerlinge in 402 skole hierby betrokke en in 1976 het die onderwysers tot 1 169 en die leerlinge tot 116 038 in 592 skole aangegroei.

Die gebruik in ondersteunde gemeenskapskole van privaat aangestelde en besoldigde onderwysers word deur die Departement van Onderwys ontmoedig maar tog toegelaat weens die tekort aan onderwysers.<sup>142</sup> Tabel 3.8.3.4 toon die getal privaat besoldigde onderwysers in gemeenskapskole as 'n persentasie van die totale onderwyserstal vir die jare 1972 tot 1976.

TABEL 3.8.3.4 - BOPHUTHATSWANA, PRIVAAT BESOLDIGDE ONDERWYSERS  
IN GEMEENSKAPSKOLE, 1972 - 1976

Jaar	Totale getal onderwysers	Privaat besoldigde onderwysers	
		Getal	% van totaal
1972	5 006	249	4,97
1973	5 415	318	5,87
1974	5 813	501	8,62
1975	6 406	593	9,26
1976	7 018	525	7,48

Dat verreweg die meeste onderwysers in Bophuthatswana Batswana is, blyk uit tabel 3.8.3.5 wat die aantal onderwysers volgens volksgroep vir 1976, toon.

142. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.23.

TABEL 3.8.3.5 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYSERS VOLGENS VOLKSGROEP EN TIPE SKOOL, 1976

Volksgroep	Primêr	Sekondêr en		Totaal
		Onderwysers- opleiding	Ander skole	
Xhosa	110	45	5	160
Zoeloe	56	28	3	87
Noerd-Sotho	221	102	5	328
Suid-Sotho	78	38	36	152
Tswana	4 740	1 189	36	5 965
Tsonga	43	20	-	63
Venda	4	1	-	5
Swazi	11	4	1	16
Suid-Ndebele	63	17	1	81
SUBTOTAAL	5 326	1 444	87	6 857
Blank	2	124	34	160
Kleurling	1	-	-	1
TOTAAL	5 329	1 568	121	7 018

Uit tabel 3.8.3.5 blyk dit dat die primêre onderwys hoofsaaklik in die hande van Tswana-onderwysers is, terwyl die Blankes hoofsaaklik gemoeid is met sekondêre onderwys en onderwysersopleiding. Hierdie steun op vreemde volke vir beter opgeleide onderwysers vir die hoër klasse tesame met die betreklik lae algemene opvoedingspeil en die wydverspreide gebrek aan professionele kwalifikasies is tipiese verskynsels in ontwikkelende onderwysstelsels.<sup>143</sup> Tabel 3.8.3.6, wat die kwalifikasies van onderwysers in Bophuthatswana in 1976 toon, illustreer hierdie verskynsel.

143. Kyk Rupert, R.M., Opvoeding en Opleiding....., p.82.



TABEL 3.8.3.6 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYSERS VOLGENS  
KWALIFIKASIES, 1976

Hoogste opvoedkundige kwalifikasies	Bantoe	Blank	Totaal
Professioneel gekwalifiseerdes:			
St. 6	1 115	-	1 115
Junior Sertifikaat	3 581	1	3 582
Tegniese Sertifikaat	-	3	3
Matriek/Senior Sertifikaat	865	46	911
Universiteitsgraad onvoltooid	149	9	158
Universiteitsgraad	83	64	147
Spesiale Onderwysersertifikaat	46	5	51
<b>TOTAAL</b>	<b>5 839</b>	<b>128</b>	<b>5 967</b>
Professioneel ongekwalifiseerdes:			
Junior Sertifikaat of laer	861	5	866
Tegniese Sertifikaat	8	12	20
Matriek/Senior Sertifikaat	134	3	137
Universiteitsgraad onvoltooid	9	0	9
Universiteitsgraad	7	12	19
<b>TOTAAL</b>	<b>1 019</b>	<b>32</b>	<b>1 051</b>
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>6 858</b>	<b>160</b>	<b>7 018</b>

Vanaf 1969 tot 1976 was daar elke jaar meer vrouens as mans in die onderwyserskorps en het die verhouding van vrouens tot mans ook elke jaar feitlik dieselfde gebly. Daar was slegs 'n geringe toename in die persentasie mans ten gunste van vrouens gedurende 1975 en 1976. Tabel 3.8.3.7 toon die aantal mans en vrouens as persentasie van die totale getal onderwysers vir die jare 1969 tot 1976.

TABEL 3.8.3.7 - BOPHUTHATSWANA, AANTAL ONDERWYSERS VOLGENS GESLAG,  
1969 - 1976

JAAR	MANS		VROUENS		TOTAAL
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	
1969	1 493	38,50	2 385	61,50	3 878
1970	1 563	38,19	2 530	61,81	4 093
1971	1 694	37,36	2 840	62,64	4 534
1972	1 924	38,43	3 082	61,57	5 006
1973	2 080	38,41	3 335	61,59	5 415
1974	2 225	38,28	3 588	61,72	5 813
1975	2 522	39,37	3 884	60,63	6 406
1976	2 831	40,34	4 187	59,66	7 018

in Verdere ontleding van tabel 3.8.3.7 toon dat mans sedert 1969 in die na-primêre onderwys van staatskole oorheers, terwyl vroue oorheers in ondersteunde- (veral gemeenskapskole) en private skole waar alle primêre onderwys verskaf word.

Tabel 3.8.3.8 toon die verspreiding van onderwysers in Bophuthatswana oor verskillende ouderdomsgroepe vir die jare 1970 tot 1976.

TABEL 3.8.3.8 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYSERS VOLGENS OUDERDOM,  
1970 - 1976

JAAR	OUDERDOM					TOTAAL
	Tot 29	30-39	40-49	50-59	60+	
1970	1 829	1 178	757	286	43	4 093
1971	1 998	1 302	866	323	45	4 534
1972	2 265	1 376	950	346	69	5 006
1973	2 456	1 496	998	383	82	5 415
1974	2 666	1 577	1 045	416	109	5 813
1975	3 041	1 695	1 082	463	125	6 406
1976	3 449	1 827	1 105	513	124	7 018

Opvallend is die feit dat verreweg die grootste getal onderwysers jaarliks jonger as 30 jaar oud is. Hierdie verskynsel is tipies in ontwikkelende onderwysstelsels en kom in die Republiek van Suid-Afrika by alle swart volksgroepe voor. Dit word geïllustreer deur tabel 3.8.3.9 waar die ouderdomsgroep tot 29 jaar telkens uitgedruk word as 'n persentasie van die totale getal onderwysers in verskillende gebiede in 1976.

TABEL 3.8.3.9 - PERSENTASIE ONDERWYSERS JONGER AS 30 JAAR  
IN VERSKILLENDE GEBIEDE, 1976

Gebied	Totale getal onderwysers	Ouderdomsgroep tot 29 jaar	
		Getal	Persentasie
Ciskei	3 409	1 816	53,27
Bophuthatswana	7 018	3 449	49,15
Qwaqwa	1 232	852	69,16
Lebowa	7 371	3 920	53,18
Gazankulu	2 064	1 302	63,08
Venda	2 127	1 295	60,88
Kwazulu	11 847	5 559	46,92
Blankegebied	28 800	13 570	47,12
TOTAAL	63 868	31 763	49,73

#### 3.8.4 Akkommodasie en toerusting

Wanneer die getal skole in Bophuthatswana jaarliks in verband gebring word met die leerlingtotaal vir die betrokke jaar, word gevind dat die getal leerlinge per skool vanaf 372 in 1969 toegeneem het tot 431 in 1975, en in 1976 gedaal het to 421. Kyk tabel 3.8.4.1.

TABEL 3.8.4.1 - BOPHUTHATSWANA, GETAL LEERLINGE PER SKOOL,  
1969 - 1976

Jaar	Leerlingtotaal	Getal skole	Leerlinge per skool
1969	229 259	616	372
1970	252 207	643	392
1971	272 194	681	400
1972	292 766	709	413
1973	314 601	735	428
1974	333 834	778	429
1975	360 055	836	431
1976	387 470	921	421

Die groeiende tendens in die getal leerlinge per skool word egter nie weerspieël wanneer die leerlingtotaal met die aantal klaskamers in verband gebring word nie. 'n Meer realistiese beeld van die skoolakkommodasie word dan verkry. Tabel 3.8.4.2 toon dat die getal leerlinge per klaskamer konstant op 62 gebly het vir elke betrokke jaar.

TABEL 3.8.4.2 - BOPHUTHATSWANA, GETAL LEERLINGE PER KLASKAMER,  
1969 - 1976

Jaar	Leerlingtotaal	Getal klaskamers	Leerlinge per klaskamer
1969	229 259	3 687	62
1970	252 207	4 054	62
1971	272 194	4 375	62
1972	292 766	4 719	62
1973	314 601	5 040	62
1974	333 834	5 418	62
1975	360 055	5 785	62
1976	387 470	6 289	62

Die uitbreiding van akkommodasie het dus tred gehou met die groei in leerlingtal, maar die toestand het nie verbeter nie en is nog ver van die

ideaal van 40 leerlinge per klaskamer wat die Sekretaris van Onderwys in 1972 gestel het.<sup>144</sup> Die buitengewone groot leerlinginskrywing in vorm I in 1976 as gevolg van die uitskakeling van standerd 6, het 'n groter behoefte aan klaskamers in sekondêre- en junior sekondêre skole tot gevolg gehad. As tydelike maatreël is vorm I-leerlinge in 1976 by 29 primêre skole gehuisves. Met die groot golf leerlinge wat in 1977 vorm II bereik het, stel die Sekretaris van Onderwys die tekort aan klaskamers vir vorms I, II en III vir 1977 op 550.<sup>145</sup>

Die pelotonstelsel, waarby twee skole dieselfde skoolgeboue gebruik ter verligting van die klaskamertekort, word slegs op beperkte skaal in Bophuthatswana toegepas. In 1976 was 7 skole met 3 035 leerlinge en 46 onderwysers hierby betrokke.

Die tekort aan toerusting by skole word weerspieël deur die volgende basiese skoolmeubels wat deur die 14 kringinspekteurs gedurende Maart 1977 aangevra is:<sup>146</sup>

Skoolbanke: Dubbelsitplek	35 055
Ander	4 953
Onderwysertafels	2 141
Onderwyserstoele	2 380
Boekkaste	91

Van hierdie aangevraagde meubels kon die Departement, weens ontoereikende fondse, slegs die volgende verskaf:<sup>147</sup>

144. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.21.

145. Vgl. Bophuthatswana, Departement van Onderwys, Omsendbrief 7/16/3/5 van 25 Oktober 1976.

146. Inligting verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

147. Ibid.

Skoolbanke: Dubbelsitplek	7 985
Enkelsitplek	100
Onderwysertafels	330
Onderwyserstoele	392
Boekkaste	10

Die tekorte aan basiese toerusting is hoofsaaklik by primêre skole aangesien die Departement gedurende 1975 en 1976 spesiale aandag aan die voorsiening van meubels aan na-primêre skole gegee het. Volgens die Sekretaris het byna elke na-primêre leerling sy eie sitplek.<sup>148</sup>

### 3.8.5 Besteding per leerling

Onderwys het nog altyd hoë prioriteit by die regering van Bophuthatswana geniet, soos blyk uit tabel 3.8.5.1 waar die totale onderwysbegroting (sluit nie kapitaalbesteding in nie) telkens as persentasie van die totale begrote uitgawes van die hoofbegrotings vir die afgelope 5 jaar, getoon word.<sup>149</sup>

TABEL 3.8.5.1 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYSBEGROTING AS PERSENTASIE VAN TOTALE BEGROTING, 1973/74 - 1977/78

Boekjaar	Totale begroting	Onderwysbegroting	
		Bedrag	Persentasie van totaal
	R	R	
1973/74	18 151 400	5 881 400	32,4
1974/75	29 913 050	9 155 000	31,7
1975/76	49 500 000	12 700 200	25,7
1976/77	58 380 000	15 225 200	26,1
1977/78	71 926 440	18 347 000	25,5

Die besteding per leerling in Bophuthatswana vir die 3 jaar tot 1976 vergelyk goed met dié van onderwys vir swartes as geheel binne die Republiek

148. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1976, p.11.

149. Verwerking van gegewens verkry uit Bophuthatswana Begrotings van Inkomste en Uitgawes vir die betrokke boekjare (1973/74 tot 1977/78).

van Suid-Afrika. Kyk tabel 3.8.5.2.<sup>150</sup>

TABEL 3.8.5.2 - BESTEDING PER LEERLING IN BOPHUTHATSWANA EN VAN ONDERWYS VIR SWARTES BINNE DIE REPUBLIEK, 1971/72 - 1976/77

Boekjaar	BOPHUTHATSWANA			REPUBLIEK
	Onderwys begroting (a)	Leerlingtal 1971-1976	Besteding per leerling	Besteding per leerling
1971/72	4 720 801	272 194	R 17,34	Nie beskikbaar
1972/73	5 968 400	292 766	20,39	Nie beskikbaar
1973/74	8 098 700	314 601	25,74	Nie beskikbaar
1974/75	10 817 000	333 834	32,40	R 37,41
1975/76	14 590 000	360 055	40,52	40,48
1976/77	18 195 000	387 470	46,96	42,51 (b)

(a) Hoof- plus addisionele begrotings.

(b) Transkei uitgesluit.

Die besteding per leerling in Bophuthatswana het toegeneem vanaf R17,34 in 1971 tot R46,96 in 1976. Dit verteenwoordig 'n gemiddelde jaarlikse toename van 22 persent in die besteding per leerling.

### 3.8.6 Aanvullende opvoeding

Aanvullende opvoeding, waaronder verstaan word "opvoeding wat geen reg-streekse verband met die klaskameronderwys het nie,"<sup>151</sup> sluit onder andere

150. (i) Besteding per leerling t.o.v. Bophuthatswana verkry uit verwerking van begrote bedrae volgens Verslae van die Ouditeur-generaal oor die rekenings van die Bophuthatswana-regering vir die boekjare 1971/72 tot 1975/76 en onderwysbegroting vir 1976/77 soos verskaf deur die Departement van Finansies van Bophuthatswana.

(ii) Besteding per leerling t.o.v. onderwys vir swartes binne die Republiek verkry uit verwerking van begrote uitgawes vir Bantoe-onderwys in die Republiek vir die betrokke jare (1974/75 tot 1976/77) en leerlingtalle vir die jare 1974 tot 1976. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.151 en 155.

151. Ruperti, R.M., Opvoeding en Opleiding....., p.91.

in koshuise, jeugorganisasies, sport en ander buitemuurse bedrywighede.

In 1976 was daar 8 761 leerlinge in 38 koshuise in Bophuthatswana. Van die 38 koshuise was 16 onder staatsbeheer, 13 onder beheer van gemeenskapsowerhede, 7 was kerkkoshuise en 2 privaatkoshuise. Tabel 3.8.6.1 toon die getal koshuise en kosgangers in 1976 volgens beheer.

TABEL 3.8.6.1 - BOPHUTHATSWANA, GETAL KOSHUISE EN KOSGANGERS VOLGENS BEHEER, 1976

Beheerliggaam	Getal koshuise	Getal kosgangers
Departement van Onderwys	16	4 009
Gemeenskap	13	2 795
Kerk	7	1 607
Privaat	2	350
TOTAAL	38	8 761

'n Verdere ontleding van die getal kosgangers toon die volgende:

Primêre leerlinge	948
Sekondêre leerlinge	5 279
Onderwysersopleiding	1 815
Ambags- en vakopleiding	719
TOTAAL	8 761

Tabel 3.8.5.2 toon die getal kosgangers in elke tipe skool as 'n persentasie van die totale leerlingtal in dieselfde tipe skool in 1976.

TABEL 3.8.6.2 - BOPHUTHATSWANA, GETAL KOSGANGERS AS PERSENTASIE VAN LEERLINGINSKRYWINGS IN VERSKILLENDE TIPE SKOLE, 1976

Tipe skool	Leerlinginskrywing	Kosgangers	
		Getal	% van totaal
Primêr	326 826	948	0,29
Sekondêr	55 895	5 279	9,44
Onderwysersopleiding	3 035	1 815	59,80
Ambags- en vakopleiding	727	719	98,99
TOTAAL	386 483	8 761	2,27



Uit tabel 3.8.6.2 blyk dit dat feitlik alle ambags- en vakopleiding-leerlinge in koshuise woon, terwyl slegs 'n geringe persentasie primêre leerlinge in koshuise woon.

'n Wye verskeidenheid sportsoorte word beoefen waarvan atletiek, sokker, korfbal en sagtebal die grootste aftrek geniet. Tussenskoolse en tussenstreekse kompetisies vind gereeld plaas. Elke skool of streek finansier en reël sy eie sportbedrywighede en ontvang hulp vanaf die departementele afdeling belas met sport en ontspanning wat ook leiding gee aan instruksors, help met reëlings van kompetisies en organisering van afrigtingskursusse. Van alle liggaamlik geskikte leerlinge word verwag om aan minstens een sportsoort deel te neem.

Musiek en sang as buitemuurse bedrywighede geniet groot aandag. Gereelde koor- en musiekkompetisies word gereël deur onder andere die Organiseerder van Musiek van Bophuthatswana se Departement van Onderwys.<sup>152</sup>

Ander buitemuurse bedrywighede sluit in debatsverenigings met redenaarskompetisies vir sekondêre leerlinge, noodhulp en tuisverpleging en jeugorganisasies soos die Student's Christian Movement, Young Men's Guild, Boy Scouts en Girl Guides.<sup>153</sup>

### 3.9 Hulpdienste

Behalwe die vakkundige dienste wat die Departement van Onderwys self onderneem (kyk subhoof 3.3), is daar verskeie ander hulpdienste wat deur die Departement van Bantoe-onderwys of ander instansies aangebied word waarvan Bophuthatswana se Departement van Onderwys gebruik maak.

#### 3.9.1 Sielkundige dienste

Alhoewel Bophuthatswana se Departement van Onderwys reeds met 'n eie afdeling vir sielkundige dienste begin het, word daar grootliks gebruik gemaak van

152. Vgl. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.18.

153. Vgl. loc.cit.

die afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het reeds namens en met die samewerking van die Departement van Bantoe-onderwys verskeie wetenskaplike toetse vir Bantoeleerlinge opgestel en gestandaardiseer. Die Sekretaris van Bantoe-onderwys stel dit dat sy Departement hoop om teen die einde van 1977 oor volledige gestandaardiseerde toetsbatterye oor die hele intellektuele, aanleg- en persoonlikheidspektrum vanaf substanderd A tot vorm V te beskik.<sup>154</sup> Al hierdie toetse is tot beskikking van Bophuthatswana en die Departement van Bantoe-onderwys is ook behulpsaam met die toepassing van die toetsresultate in die onderwyssituasie.

Benewens toetsprogramme is die Departement van Bantoe-onderwys ook aktief besig met voorligting. Skoolvoërligters het 431 na-primêre skole besoek om beroepsvoorligting op 'n groëpsbasis te gee, en 'n weeklange opleidingskursus vir skoolvoërligters is gedurende November 1976 aangebied.<sup>155</sup> Daar word beoog om voorligting as skoolvak vanaf standerd 5 in te stel en die vakkomitee vir voorligting het reeds 'n konsepsillabus vir standerd 5 tot vorm V opgestel.<sup>156</sup>

### 3.9.2 Oudiovisuele hulpdienste

Die Departement van Bantoe-onderwys, deur skakeling met Radio Bantu, die Nasionale Raad vir Oudiovisuele Onderwys, die Nasionale Filmraad en die Nasionale Filmoteek, onderneem 'n oudiovisuele hulpdiens waarvan Bophuthatswana ook gebruik maak.<sup>157</sup>

Een van die belangrikste dienste is die skoolprogramme van Radio Bantu wat elke oggend van 10h00 tot 10h30 uitgesaai word. Die lesse vir hierdie programme word opgestel in oorleg met die onderskeie vakkomitees en onderwysersgidse met besonderhede van programme word kwartaalliks aan onderwysers beskikbaar gestel. Hierdie diens geniet goë ondersteuning in Bophuthatswana en in 1974 was daar 170 skole met spesiale radioperiodes.<sup>158</sup>

154. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.84.

155. Kyk ibid., p.82.

156. Kyk ibid., p.84.

157. Kyk ibid., p.100.

Ook Ruperti, R.M., Opvoeding en Opleiding....., p.89.

158. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1974, p.10.

Deur die samewerking van die Departement van Bantoe-onderwys met die Nasionale Raad vir Oudiovisuele Onderwys, die Nasionale Filmraad en die Nasionale Filmoteek word opvoedkundige films vir gebruik in Bophuthatswana beskikbaar gestel. Weens die afwesigheid van elektrisiteit in baie gebiede en die tekort aan projektors maak slegs enkele skole van dié diens gebruik. In 1974 was daar slegs 11 skole in Bophuthatswana met klankfilmprojektors.<sup>159</sup>

Bandopnemers word algemeen in Bophuthatswana gebruik. In 1972 was daar reeds 489 bandopnemers by skole in Bophuthatswana in gebruik.<sup>160</sup> Die Departement van Bantoe-onderwys bied 'n bandediens aan waardeur duplikate van lesse wat by die Indiensopleidingsentrum opgeneem is, verskaf word.

Nieteenstaande tekorte aan opvoedkundige hulpmiddels, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan fondse, berig die Sekretaris van Onderwys in 1975 dat die gebruik daarvan in primêre skole baie goed, en in sekondêre skole bevredigend is.<sup>161</sup>

### 3.9.3 Indiensopleiding van onderwysers

Benewens kursusse deur Bophuthatswana se eie indiensopleidingafdeling, wou onderwysers ook gereeld kursusse by wat by die Indiensopleidingsentrum van die Departement van Bantoe-onderwys te Mamelodi aangebied word. In 1976 is 54 kursusse by hierdie sentrum aangebied wat deur ongeveer 1 414 onderwysers en inspekteurs bygewoon is.<sup>162</sup> Dié kursusse het omtrent alle skoolvakke gedek met die klem hoofsaaklik op die klaskamerpraktyk en die betrokkenheid van die onderwyser en die leerlinge.

Behalwe aanbieding van kursusse lewer die Indiensopleidingsentrum ook 'n professionele-didaktiese diens aan onderwysers deur gereelde artikels in die Bantoe-onderwysblad van die Departement van Bantoe-onderwys wat 10 maal per jaar uitgegee word en gratis aan alle skole verskaf word.<sup>163</sup>

159. Kyk loc.cit.

160. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.17.

161. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1975, p.8.

162. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.66.

163. Vgl. loc.cit.

### 3.10 Samevatting

'n Poging is aangewend om die onderwysituasie in Bophuthatswana te beskryf. Aandag is gegee aan administrasie, finansiering en verskillende soorte onderwys. Uit die beskrywing blyk dit dat die onderwysstelsel nie sonder leentes is nie. Die hoë onderwyser-leerlingverhouding, die groot aantal ongekwalifiseerde onderwysers, die gebrek aan akkommodasie en toerusting, die afwesigheid van landbouskole, die tekort aan opleidingsinrigtings vir tegnisi en die hoë skoolverlaterspersentasie in die primêre skool is enkele voorbeelde van probleme wat na vore tree. Hierdie probleme is egter nie uniek nie, maar is tipiese probleme van 'n ontwikkelende onderwysstelsel. Soos in die geval van ander ontwikkelende volkere is die probleme 'n integrale deel van ontwikkeling.

## HOOFSTUK IV

## ONDERWYS IN BOPHUTHATSWANA: PROBLEME, BEHOEFTE EN AANBEVELINGS

4.1 Inleiding

Uit die beskrywing in die vorige hoofstuk van die huidige onderwyssituasie in Bophuthatswana, het sekere knelpunte en probleme na vore getreë. By implikasie beteken dit dat daar reeds behoeftes aan sekere soorte onderwys, dienste, fasiliteite, geriewe, ensovoorts, bestaan. Die reeds bestaande behoeftes word verder beklemtoon deur volgehoue groei en ontwikkeling. Vervolgens sal enkele behoeftes wat reeds bestaan uitgewys word, die kummulatiewe effek van groei op die behoeftes aangetoon word en prioriteite ter bevrediging van die behoeftes uitgewys word.

4.2 Vooruitskating van die leerlinggetalle van Bophuthatswana tot 1980

Vooruitskattings, gegrond op die historiese tendense van leerlinginskrywings vanaf 1969 tot 1977 en onder die aanname dat die styging in leerlinginskrywings tot in 1980 sal voortgaan soos die afgelope 9 jaar, is gedoen vir elke standerd, elke skoolfase en vir die totale primêre-sekondêre skoolbevolking vir die jare 1978 tot 1980.<sup>1</sup>

Die vooruitskattings van elke standerd in die primêre en sekondêre skoolfasies en vir elke fase in sy geheel tot 1980 word in onderstaande 5 tabelle, in vergelyking met dieselfde gegewens ten opsigte van 1977, aangetoon.<sup>2</sup>

- 
1. Vooruitskattings gedoen deur die Navorsingseenheid vir Onderwysstelselbeplanning van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Vir 'n beskrywing van die metode wat gevolg is, kyk Bylaag A.
  2. Tensy anders vermeld, is alle statistiek in Hoofstuk IV ten opsigte van 1977 verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

TABEL 4.2.1 - BOPHUTHATSWANA, VOORUITSKATTINGS VAN LAER PRIMERE  
LEERLINGGETALLE TOT 1980

Jaar	Sub.A	Sub.B	Standard		Totaal
			St.1	St.2	
1977	67 672	60 848	57 232	44 553	230 305
1978	71 000	64 000	58 700	46 300	240 000
1979	74 000	66 000	61 300	48 700	250 000
1980	77 000	69 000	63 000	50 500	259 500

TABEL 4.2.2 - BOPHUTHATSWANA, VOORUITSKATTINGS VAN HOER PRIMERE  
LEERLINGGETALLE TOT 1980

Jaar	St.3	St.4	St.5	Standard	Totaal
1977	41 371	33 609	30 294		105 274
1978	42 700	35 800	33 000		111 500
1979	44 000	37 000	34 000		115 000
1980	46 000	38 000	35 000		119 000

TABEL 4.2.3 - BOPHUTHATSWANA, VOORUITSKATTINGS VAN JUNIOR  
SEKONDERE LEERLINGGETALLE TOT 1980

Jaar	Vorm I	Vorm II	Vorm III	Standard	Totaal
1977	25 935	22 954	11 075		59 964
1978	28 000	25 000	12 900		65 900
1979	31 000	27 000	14 000		72 000
1980	32 500	30 000	16 300		78 800

TABEL 4.2.4 - BOPHUTHATSWANA, VOORUITSKATTINGS VAN SENIOR  
SEKONDÊRE LEERLINGGETALLE TOT 1980

Jaar	Standerd		Totaal
	Vorm IV	Vorm V	
1977	3 129	1 557	4 686
1978	3 750	1 850	5 600
1979	5 000	2 100	7 100
1980	5 200	3 000	8 200

TABEL 4.2.5 - BOPHUTHATSWANA, VOORUITSKATTINGS VAN LEERLING-  
GETALLE IN VERSKILLENDE SKOOLFASES TOT 1980

Jaar	Fase				Totaal
	Laer	Hoër	Junior	Senior	
	Primêr	Primêr	Sekondêr	Sekondêr	
1977	230 305	105 274	59 964	4 686	400 229
1978	240 000	111 500	65 900	5 600	423 000
1979	250 000	115 000	72 000	7 100	444 100
1980	259 500	119 000	78 800	8 200	465 500

#### 4.3 Enkele implikasies van die groei in leerlinggetalle

##### 4.3.1 Onderwyser-leerlingverhouding

Die onderwyser-leerlingverhouding van Bophuthatswana vir die verskillende skoolfasies in 1977 word in tabel 4.3.1.1 aangetoon.

TABEL 4.3.1.1 - BOPHUTHATSWANA, ONDERWYSER-LEERLINGVERHOUDING  
IN VERSKILLENDSE SKOOLFASES, 1977

Skoolfase	Leerlingtal	Onderwysertal	Leerlinge per onderwyser
Laer primêr	230 305	3 086	75
Hoër primêr	105 274	2 520	42
Totaal primêr	335 579	5 606	60
Sekondêr en Onderwysersopleiding	67 741	1 892	36
Subtotaal	403 320	7 498	54
Ander <sup>(a)</sup>	1 643	109	15
Totaal	404 963	7 607	53

(a) Ander: Sluit in ambags- en vakopleiding, spesiale skole, tegniese opleiding en ongeklassifiseerdes.

Om bostaande onderwyser-leerlingverhouding in die primêre en sekondêre skoolfasas te handhaaf indien die leerlinggetalle groei soos in die vooruitskattings onder subhoof 4.2 aangetoon, sal die getal onderwysers in elke skoolfase tot 1980 moet vermeerder soos in tabel 4.3.1.2 aangetoon.

Die aantal nuwe onderwysers wat jaarliks tot die onderwysberoep moet toetree om in bogenoemde behoeftes aan onderwysers te voorsien, word verhoog deur die jaarlikse normale verlies aan onderwysers deur byvoorbeeld aftrede, aanvaarding van betrekkinge buite Bophuthatswana en bedankings. In 1972 het die Sekretaris van Onderwys hierdie jaarlikse normale verlies aan onderwysers op 10 persent gestel.<sup>3</sup> Hierdie persentasie stem ooreen met dié vir 1976/77 toe 1343 studente in Bophuthatswana aan die einde van 1976 die primêre en junior sekondêre onderwyskursusse suksesvol voltooi het,<sup>4</sup> terwyl die getal onderwysers in die primêre en sekondêre skoolfase

3. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.11.

4. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1976, pp.15-16.



TABEL 4.3.1.2 - BOPHUTHATSWANA, GETAL ONDERWYSERS BENODIG IN  
PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLFASES, 1978-1980

Skoolfase	Leerlingtal	Onderwyser-Leerling verhouding	Getal onderwysers benodig
1978			
Laer Primêr	240 000	75	3 200
Hoër Primêr	111 500	42	2 655
Totaal Primêr	351 500	60	5 855
Sekondêr	71 500	36	1 986
Totaal	423 000	54	7 841
1979			
Laer Primêr	250 000	75	3 333
Hoër Primêr	115 000	42	2 738
Totaal Primêr	365 000	60	6 071
Sekondêr	79 100	36	2 197
Totaal	444 100	54	8 268
1980			
Laer Primêr	259 500	75	3 460
Hoër Primêr	119 000	42	2 833
Totaal Primêr	378 500	60	6 293
Sekondêr	87 000	36	2 416
Totaal	465 500	54	8 709

slegs toegeneem het met 601 (vanaf 6 897 in 1976<sup>5</sup> tot 7 498 in 1977), dit wil sê 'n normale verlies aan onderwysers van 742 (1 343 min 601) of 10,76 persent. Indien aanvaar word dat slegs 90 persent van die vorige jaar se onderwysers vir die volgende jaar beskikbaar is, word die getal nuwe onderwysers wat jaarliks tot 1980 tot die onderwyserskorps toegevoeg moet word om die onderwyser-leerlingverhouding van 1977 te

5. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.200 - 202.

handhaaf in tabel 4.3.1.3 aangetoon.

TABEL 4.3.1.3 - BOPHUTHATSWANA, GETAL ADDISIONELE ONDERWYSERS  
JAARLIKS BENODIG IN VERSKILLENDE SKOOLFASES  
TOT 1980

Skoolfase	GETAL ONDERWYSERS		
	Benodig	Beskikbaar: 90% van vorige jaar	Addisioneel benodig
1978			
Laer Primêr	3 200	90% van 3 086 = 2 777	423
Hoër Primêr	2 655	90% van 2 520 = 2 268	387
Totaal Primêr	5 855	90% van 5 606 = 5 045	810
Sekondêr	1 986	90% van 1 892 = 1 703	283
Totaal	7 841	90% van 7 498 = 6 748	1 093
1979			
Laer Primêr	3 333	90% van 3 200 = 2 880	453
Hoër Primêr	2 738	90% van 2 655 = 2 390	348
Totaal Primêr	6 071	90% van 5 855 = 5 270	801
Sekondêr	2 197	90% van 1 986 = 1 787	410
Totaal	8 268	90% van 7 841 = 7 057	1 211
1980			
Laer Primêr	3 460	90% van 3 333 = 3 000	460
Hoër Primêr	2 833	90% van 2 738 = 2 464	369
Totaal Primêr	6 293	90% van 6 071 = 5 464	829
Sekondêr	2 416	90% van 2 197 = 1 977	439
Totaal	8 709	90% van 8 268 = 7 441	1 268

Verdere verwerking van die gegewens in tabel 4.3.1.3 toon dat die gemiddelde getal nuwe onderwysers wat jaarliks tot 1980 tot die onderwyserskorps moet toetree indien die onderwyser-leerlingverhouding van 1977 gehandhaaf word, soos volg is:

Primêre onderwysers	813
Sekondêre onderwysers	<u>377</u>
Totaal	<u>1 190</u>

Hierdie gemiddelde jaarlikse behoefte aan nuwe onderwysers vergelyk soos volg met die getal suksesvolle studente wat in Desember 1976 hul studie aan onderwysersopleidingskole in Bophuthatswana voltooi het:

	Primêr	Sekondêr	Totaal
Voorsiening van nuwe onderwysers deur opleidingskole, Desember 1976 <sup>6</sup>	1 237	106	1 343
Gemiddelde jaarlikse behoefte aan nuwe onderwysers tot 1980	813	377	1 190

By die vertolking van bostaande vergelyking moet in ag geneem word dat slegs die junior sekondêre onderwyskursus in Bophuthatswana aangebied word en gevolglik sluit die 106 suksesvolle sekondêre onderwysstudente geen toevoeging tot die getal senior sekondêre onderwysers in nie.<sup>7</sup>

Na inagneming van hierdie feite kan die volgende afleidings gemaak word:

- (i) Indien die getal primêre onderwysers wat na voltooiing van hul opleiding betrekkings buite Bophuthatswana aanvaar, beperk kan word, kan die huidige onderwysersopleidingskole in Bophuthatswana in die onmiddellike toekomst genoeg onderwysers vir die primêre skoolfase lewer om die onderwyser-leerlingverhouding in dié fase aansienlik te verbeter.
- (ii) Die huidige kwantiteit sowel as kwaliteit van onderwysersopleiding vir die sekondêre skoolfase is heeltemal ontoereikend vir die onmiddellike toekomst. Slegs junior sekondêre onderwysers word tans in Bophuthatswana opgelei. Volgens die Sekretaris is die bydrae wat swart universiteite tans tot die voorsiening van senior sekondêre onderwysers vir Bophuthatswana lewer, onbeduidend.<sup>8</sup> Dit word

6. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1976, pp. 15 - 16.

7. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1976, p.16.

8. Persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.

bevestig deur die feit dat die Universiteit van die Noorde gedurende die 11 jaar vanaf 1963 tot 1973 in totaal slegs 88 onderwysdiplomas aan Tswanastudente toegeken het - 'n gemiddeld van 8 per jaar.<sup>9</sup>

Die behoefte aan beter opgeleide onderwysers word verder beklemtoon deur die feit dat 1 051 van die totale onderwysertal van 7 018 in 1976 professioneel ongekwalifiseerd was, dit wil sê 14,98 persent ongekwalifiseerdes.<sup>10</sup> Van die 1 051 ongekwalifiseerdes het 866 of 12,3 persent van die totale getal onderwysers, oor slegs 'n Junior Sertifikaat of laer kwalifikasie beskik.<sup>11</sup> Om hierdie probleem te bekamp, bied Bophuthatswana se Departement van Onderwys sedert 1974 'n spesiale eenjarige primêre onderwysersopleidingskursus vir ongekwalifiseerde onderwysers op 'n deeltydse basis aan. Tot einde 1976 het 125 onderwysers as gevolg hiervan die Primêre Onderwysersertifikaat verwerf.<sup>12</sup>

Na kennisname van die voorafgaande bespreking behoort die volgende aangeleenthede in die toekomstige beplanning van onderwysersopleiding prioriteit geniet:

- (i) Opleiding van onderwysers vir die sekondêre skoolfase: Die instelling van 'n driejarige kursus na vorm V vir die opleiding van senior sekondêre onderwysers is dringend noodsaaklik om die getal sowel as die kwaliteit van senior sekondêre onderwysers te verhoog. So 'n senior sekondêre opleidingskursus behoort in samewerking met 'n universiteit aangebied te word om te verseker dat akademiese opleiding van universiteitstandaard aangebied word. Dit behoort ook 'n wye keuse van vakrigtings te bevat om te voorsien in onderwysers vir die sogenaamde "skaars" vakke, byvoorbeeld

9. Vgl. Ruperti, R.M., Opvoeding en Opleiding, in Moolman; J.H. en Leistner, G.M.E., Bophuthatswana: Hulpbronne en Ontwikkeling, deel 2, pp.85 - 86.

10. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, pp.200 - 202.

11. Kyk loc.cit.

12. Kyk Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1976, p.8.

wiskunde en natuur- en skeikunde. As 'n onmiddellike begin kan die instelling van die nuwe senior sekondêre onderwyserskursus van die Departement van Bantoe-onderwys in samewerking met een van die bestaande universiteite oorweeg word.

- (ii) Om in die onmiddellike toekomst te voorsien in die vraag na meer en beter opgeleide onderwysers in die sekondêre skoolfase behoort die huidige indiensopleidingskursusse uitgebrei te word tot sekondêre onderwysers om, benewens professionele kwalifikasies, ook akademiese kwalifikasies te verbeter. Primêre onderwysers behoort ook betrek te word sodat hulle na verbetering van kwalifikasies in sekondêre skole gebruik kan word.
- (iii) Die grootste behoefte aan onderwysers op primêre vlak is in die laer primêre skoolfase waar die onderwyser-leerlingverhouding in 1977 1 : 75 was in vergelyking met 'n verhouding van 1 : 42 in die hoër primêre fase (kyk tabel 4.3.1.1). Daarom behoort toekomstige primêre onderwysersopleiding op die laer primêre vlak gekonsentreer te wees en behoort die instelling van 'n gespesialiseerde kindertuinkursus oorweeg te word.
- (iv) Alle beplanning van onderwysersopleiding behoort ingestel te wees op gespesialiseerde opleiding ten einde die onderwyser so goed as moontlik toe te rus vir die hoë eise wat die onderwysberoep aan hom gaan stel.
- (v) Die huidige tekort aan onderwysers en die finansiële implikasies van uitbreiding in opleidingsgeriewe maak die optimale benutting van reeds bestaande opleidingsgeriewe noodsaaklik.
- (vi) As langtermyn doelwit behoort die opleiding van onderwysers uitgebou te word totdat alle sekondêre onderwysersopleiding aan 'n universiteit en alle primêre onderwysersopleiding aan 'n opleidingskollege verskaf word. Uiteindelik behoort opleidingskolleges vir onderwysers met Fakulteite van Opvoedkunde van universiteite te skakel. Gepaardgaande hiermee behoort die toelatingsvereistes vir alle onderwysersopleiding geleidelik verhoog te word tot die senior sertifikaat.

#### 4.3.2 Akkommodasie en toerusting

Vanaf 1969 tot 1976 was die getal leerlinge per klaskamer elke jaar 62. (Kyk tabel 3.8.4.2). Om hierdie posisie te handhaaf tot 1980 indien die leerlinggetalle toeneem soos in die vooruitskattings aangedui, sal die getal klaskamers wat jaarliks nodig is om primêre en sekondêre leerlinge te huisves soos volg wees:

1978:	Totale primêre en sekondêre leerlingtal	423 000
	Getal leerlinge per klaskamer	62
	Getal klaskamers benodig	6 823
1979:	Totale primêre en sekondêre leerlingtal	444 100
	Getal leerlinge per klaskamer	62
	Getal klaskamers benodig	7 163
1980:	Totale primêre en sekondêre leerlingtal	465 500
	Getal leerlinge per klaskamer	62
	Getal klaskamers benodig	7 508

Wanneer bostaande met die totale getal klaskamers in 1976, naamlik 6 289<sup>13</sup> vergelyk word, beteken dit dat 1 219 (19,39 persent) addisionele klaskamers tot 1980 beskikbaar gestel moet word om die huidige toestand te kan handhaaf. Indien die toestand moet verbeter tot 50 leerlinge per klaskamer in 1980, beteken dit dat daar 9 310 klaskamers teen 1980 vir primêre en sekondêre leerlinge moet wees, dit wil sê 'n vermeerdering van 3 021 (48,04 persent) op die getal klaskamers in 1976. Indien die toestand verder moet verbeter tot 40 leerlinge per klaskamer in 1980, sal daar 11 638 klaskamers teen 1980 benodig word vir primêre en sekondêre leerlinge, dit wil sê 5 349 (85,05 persent) meer as in 1976.

Tabel 4.3.2.1 toon die getal klaskamers volgens beheer van skole in Bophuthatswana in 1976, asook die getal klaskamers van elke beheerliggaam

13. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.180.

as 'n persentasie van die totale aantal klaskamers.<sup>14</sup>

TABEL 4.3.2.1 - BOPHUTHATSWANA, AANTAL EN PERSENTASIE KLASKAMERS VOLGENS BEHEER, 1976

Beheerliggaam	Klaskamers	
	Aantal	% van totaal
Regeringskole: Staat	246	3,91
Ondersteunde skole: Gemeenskap	5 855	93,10
Ander	62	0,99
Subtotaal	6 163	98,00
Private skole: Rooms-Katolieke Kerk	95	1,51
Ander	31	0,49
Totaal	6 289	100,00

Indien die huidige aantal leerlinge per klaskamer gehandhaaf word, en indien bostaande verdeling van die aantal klaskamers onder die verskillende beheerliggame ook gehandhaaf word, beteken dit dat die 7 508 klaskamers wat teen 1980 vir die primêre en sekondêre skoolfasies benodig word, soos volg onder die verskillende beheerliggame verdeel sal wees:

Regeringskole: 3,91 persent van 7 508	294
Ondersteunde Gemeenskapskole: 93,10 persent van 7 508	6 990
Ander ondersteunde skole: 0,99 persent van 7 508	74
Private Rooms-Katolieke kerkskole: 1,51 persent van 7 508	113
Ander private skole: 0,49 persent van 7 508	37
	<u>7 508</u>

Bostaande verdeling beteken dat die toename in die aantal klaskamers vanaf 1976 tot 1980 by elke tipe skool sal wees soos aangetoon in tabel 4.3.2.2.

14. Kyk ibid., verwerking van gegewens, p.180.

TABEL 4.3.2.2 - BOPHUTHATSWANA, TOENAME IN AANTAL KLASKAMERS  
BY SKOLE VOLGENS BEHEER, 1976 - 1980

Tipe skool volgens beheer	KLASKAMERS		
	Aantal		Toename
	1976	1980	
Regeringskole	246	294	48
Ondersteunde skole: Gemeenskap	5 855	6 990	1 135
Ander	62	74	12
Subtotaal	6 163	7 358	1 195
Private skole: Rooms-Katolieke Kerk	95	113	18
Ander	31	37	6
Totaal	6 289	7 508	1 219

By die beplanning van die oprigting van nuwe klaskamers en skole in die toekoms, sal die volgende feite ook in aanmerking geneem moet word.

- (i) Met die inwerkingtreding van die twaalfjaarstruktuur het in 1976 'n buitengewone groot groep leerlinge tot die sekondêre skoolfase toegetree - 29 728 in 1976<sup>15</sup> teenoor 25 935 in 1977. Hierdie golf, wat in 1980 vorm V sal bereik, het 'n tekort aan klaskamers in die sekondêre skoolfase tot gevolg gehad sodat 29 primêre skole in 1977 vorm I-klasse moes huisves.<sup>16</sup>
- (ii) Die gebruik van dubbelsessies in die substanderds waarby 592 skole in 1976 betrokke was<sup>17</sup>, is deels te wyte aan die tekort aan klaskamers in die laer primêre skoolfase.
- (iii) In 1976 was die pelotonstelsel, waarvolgens die leerlinge van twee verskillende skole een skoolgebou gebruik, by 7 skole met 3 035

15. Kyk *ibid.*, p.215.

16. Kyk BENBO *op.cit.*, p.65.

17. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.178.



leerlinge<sup>18</sup> in Bophuthatswana in gebruik.

Saam met die voorsiening van klaskamers om die groei in leerlinginskrywing te absorbeer, gaan ook die voorsiening van toerusting aan skole. By die voorsiening van toerusting aan skole behoort die volgende sake aandag te geniet.

- (i) Daar bestaan reeds 'n groot tekort aan toerusting by skole (kyk subhoof 3.8.4). Om te voorkom dat hierdie tekort akkumuleer, sal die jaarlikse voorsiening van toerusting tred moet hou met die jaarlikse groei in leerlinggetalle.
- (ii) Nadat voorsiening gemaak is vir die jaarlikse toename in leerlinggetalle, moet prioriteite bepaal word om reeds bestaande tekorte te verminder.
- (iii) By die bepaling van prioriteite in die voorsiening van toerusting, behoort die verhoogde behoeftes na toerusting in die sekondêre skoolfase as gevolg van die instelling van die twaalfjaarstruktuur, die vermindering van dubbeleessies en die pelotonstelsel, soos in die geval van die voorsiening van akkommødasië, in aanmerking geneem te word.

#### 4.3.3 Beraamde staatsbesteding aan primêre en sekondêre onderwys tot 1980/81

Die begrote besteding per leerling (alle soorte onderwys) in Bophuthatswana het toegeneem vanaf R17,34 in 1971/72 tot R46,96 in 1976/77 (kyk tabel 3.8.5.2). Dit verteenwoordig 'n gemiddelde jaarlikse toename van 22 persent in die besteding per leerling. Onder die aanname dat die stelsel van finansiering tot 1980/81 op die huidige stelsel sal berus, toon tabel 4.3.3.1 die beraamde besteding ten opsigte van primêre en sekondêre onderwys (kapitaalbesteding uitgesluit) tot 1980/81 onder die volgende omstandighede:

---

18. Kyk ibid., pp.179 en 250.

- (i) Indien die 1976/77 besteding per leerling per jaar (R47) in reële terme gehandhaaf word - 'n inflasiekoers van 10 persent per jaar word aanvaar, en
- (ii) indien die besteding per leerling per jaar toeneem teen die gemiddelde koers van 1971/72 tot 1976/77, naamlik 22 persent.

TABEL 4.3.3.1 - BOPHUTHATSWANA, BERAAMDE LOPENDE STAATSBESTEDING TEN OPSIGTE VAN PRIMÊRE EN SEKONDÊRE ONDERWYS TOT 1980 OP GROND VAN DIE BESTEDING PER LEERLING

Jare	Leerlinge	Besteding per leerling		Beraamde Besteding	
		Reëel R47 p.a. 1976 = 100	Jaarlikse toename van 22%	Reëel R47 per leerling	22% toename per leerling besteding
1976/77	382 721	R47	R47	R17,99M	R17,99M
1977/78	400 229	R51,70	R57,34	R20,69M	R22,95M
1978/79	423 000	R56,87	R69,96	R24,06M	R29,59M
1979/80	444 100	R62,56	R85,35	R27,78M	R37,90M
1980/81	465 500	R68,82	R104,13	R32,04M	R48,47M

Om die 1976 besteding per leerling te handhaaf moet die beraamde lopende besteding ten opsigte van primêre en sekondêre onderwys derhalwe toeneem tot R32,04M in 1980. Dit verteenwoordig 'n 78,10 persent styging op die besteding van 1976/77. Om die gemiddelde 22 persent per jaar toename in besteding per leerling tot 1980 te handhaaf sal beteken dat die beraamde lopende uitgawes ten opsigte van primêre en sekondêre onderwys moet styg tot R48,47M in 1980. Dit verteenwoordig 'n styging van 169,43 persent op die besteding van 1976/77.

#### 4.4 Vroeë skoolverlating

Die groot aantal leerlinge wat jaarliks die skool gedurende die laer primêre skoolfase in Bophuthatswana verlaat, word geïllustreer deur tabel 4.4.1 waarin die leerlinginskrywing vir die verskillende standerds van die laer primêre fase telkens vergelyk word met die inskrywing vir

die voorafgaande standerd in die voorafgaande jaar.<sup>19</sup>

TABEL 4.4.1 - BOPHUTHATSWANA, LEERLINGINSKRYWING VIR SUB.A TOT ST.3 VIR VERSKILLENDE JARE

Jaar	Sub.A	Sub.B	St.1	St.2	St.3
1969	44 547				
1970	46 870	41 835			
1971	49 567	43 704	41 923		
1972	52 123	46 448	44 289	34 226	
1973	53 675	49 043	46 974	36 425	32 824
1974		50 766	48 942	38 617	34 347
1975			51 385	40 308	36 681
1976				43 388	39 154
1977					41 371

in Ontleding van tabel 4.4.1 toon die volgende:

- (i) Die inskrywing vir substanderd B is jaarliks gemiddeld 6,09 persent laer as die inskrywing vir substanderd A van die voorafgaande jaar.
- (ii) Die inskrywing vir standerd 1 is elke jaar, met die uitsondering van 1974, hoër as die inskrywing van substanderd B van die voorafgaande jaar. Dit dui op 'n hoër persentasie herhalers in standerd 1 as druipele en skoolverlaters aan die einde van substanderd B.
- (iii) Die inskrywing vir standerd 2 is jaarliks gemiddeld 16,14 persent laer as die inskrywing vir standerd 1 van die voorafgaande jaar.
- (iv) Die inskrywing vir standerd 3 (eerste jaar van hoër primêre fase) is jaarliks gemiddeld 4,46 persent laer as die inskrywing vir standerd 2 (laaste jaar van die laer primêre fase) van die voorafgaande jaar.

19. Gegewens verkry uit jaarverslae van die Departement van Bantoe-onderwys van die Republiek van Suid-Afrika vir die betrokke jaar (1969-1976) en vir die jaar 1977 regstreeks van Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

- (v) Die inskrywing vir standerd 3 is jaarliks gemiddeld 25,37 persent laer as die vergelykbare inskrywing vir substanderd A vier jaar gelede. Dit beteken dat, oor die gegewe periode, slegs 74,63 persent van die leerlinge wat die laer primêre kursus begin het, dit voltooi en voortgegaan het met standerd 3.

Dieselfde patroon word in die hoër primêre fase gevind. Tabel 4.4.2 toon die inskrywing vir die verskillende standerds van die hoër primêre fase in vergelyking met die inskrywing vir die voorafgaande standerd in die voorafgaande jaar.<sup>20</sup>

TABEL 4.4.2 - BOPHUTHATSWANA, LEERLINGINSKRYWING VIR ST.3 TOT VORM I VIR VERSKILLENDE JARE

Jaar	St.3	St.4	St.5	St.6	Vorm I
1969	23 000				
1970	26 240	19 626			
1971	28 894	21 613	17 578		
1972	31 224	24 139	19 506	18 843	
1973	32 824	26 678	21 871	21 337	8 778
1974	34 347	27 825	23 882	23 073	10 694
1975		30 155	24 740 <sup>(a)</sup>	20 020 <sup>(a)</sup>	18 007
1976			32 603	-	29 728 <sup>(a)</sup>
1977				-	25 935

(a) St. 5 en st. 6 van 1975 toegelaat tot vorm I in 1976.

n Ontleding van bostaande toon die volgende:

- (i) Die inskrywing vir standerd 4 is jaarliks gemiddeld 15,13 persent laer as die inskrywing vir standerd 3 van die voorafgaande jaar.

- (ii) Die inskrywing vir standerd 5 is jaarliks, met die uitsondering van dié vir 1976, gemiddeld 10,23 persent laer as die inskrywing vir standerd 4 van die voorafgaande jaar.

20. Kyk voetnoot 19.

- (iii) Die inskrywing vir die laaste jaar van die hoër primêre fase (standerd 6 tot 1975 en standerd 5 in 1976) is jaarliks, met die uitsondering van standerd 6 in 1975, hoër as die inskrywing vir die voorafgaande standerd in die voorafgaande jaar. Dit dui op 'n hoër persentasie herhalers in die laaste jaar van die hoër primêre fase as druipele en skoolverlaters in die tweede laaste jaar van dieselfde fase.
- (iv) Die inskrywing vir vorm I (eerste jaar junior sekondêre fase) is jaarliks gemiddeld 35,89 persent laer as die inskrywing vir die laaste jaar van die hoër primêre fase van die voorafgaande jaar.
- (v) Die gemiddelde jaarlikse persentasie druipele in die eksterne hoër primêre eksamen in Bophuthatswana vanaf 1972 tot 1976 was 18,38 persent.<sup>21</sup> Indien herhalers in vorm I buite rekening gelaat word en die gemiddelde jaarlikse persentasie druipele in die hoër primêre eksamen (18,38 persent) word in verband gebring met die gemiddelde jaarlikse 35,89 persent afname in die inskrywing vir vorm I in vergelyking met die inskrywing vir die laaste jaar van die hoër primêre fase, word die afleiding gemaak dat, oor die vyf jaar tot 1976, jaarliks gemiddeld 17,51 persent van die leerlinge in die finale jaar van die hoër primêre fase nie voortgegaan het na vorm I nie alhoewel hulle in die hoër primêre eksamen geslaag het. Dit beteken nie dat almal van die bogenoemde 17,51 persent leerlinge hul studies gestaak het nie, aangesien 'n slaagpunt in die hoër primêre eksamen toelating verleen tot 'n verskeidenheid beroepsgerigte na-primêre kursusse.
- (vi) Die inskrywing vir vorm I is jaarliks gemiddeld 47,37 persent laer as die vergelykbare inskrywing vir standerd 3 drie of vier jaar gelede. Dit beteken dat, oor die gegewe periode, slegs 52,63 persent van die leerlinge wat die hoër primêre fase begin het, dit voltooi en voortgegaan het met vorm I.

---

21. Verwerking van gegewens verkry uit jaarverslae van die Departement van Onderwys van Bophuthatswana vir die betrokke jare (1972 tot 1976).

In die sekondêre skoolfase word dieselfde patroon van vroeë skoolverlating van die hoër primêre fase voertgesit. Dit word aangetoon in tabel 4.4.3 wat die leerlinginskrywing vir die verskillende standerds van die sekondêre fase in vergelyking met die inskrywing vir die voorafgaande standerd in die voorafgaande jaar, toon.<sup>22</sup>

TABEL 4.4.3 - BOPHUTHATSWANA, LEERLINGINSKRYWING VIR VORM I TOT VORM V VIR VERSKILLENDE JARE

Jaar	Vorm I	Vorm II	Vorm III	Vorm IV	Vorm V
1969	5 045				
1970	5 483	4 520			
1971	6 224	5 062	3 889		
1972	7 437	5 910	4 112	1 117	
1973	8 778	6 787	4 845	1 283	653
1974		7 914	5 529	1 632	791
1975			6 601	1 925	1 026
1976				2 755	1 275
1977					1 557

Die Ontleding van tabel 4.4.3 toon die volgende:

- (i) Die inskrywing vir vorm II is jaarliks gemiddeld 8,34 persent laer as die inskrywing vir vorm I van die voorafgaande jaar.
- (ii) Die inskrywing vir vorm III is jaarliks gemiddeld 17,18 persent laer as die inskrywing vir vorm II van die voorafgaande jaar.
- (iii) Die inskrywing vir vorm IV is jaarliks gemiddeld 65,97 persent laer as die inskrywing vir vorm III van die voorafgaande jaar.
- (iv) Die inskrywing vir vorm V is jaarliks gemiddeld 38,85 persent laer as die inskrywing vir vorm IV van die voorafgaande jaar.

22. Kyk voetnoot 19.

- (v) Die inskrywing vir vorm IV is jaarliks gemiddeld 74,19 persent laer as die vergelykbare inskrywing vir vorm I drie jaar tevore. Oor die gegewe periode het dus slegs 25,81 persent van die vorm I-inskrywing vorm IV bereik.
- (vi) Die inskrywing vir vorm V is jaarliks gemiddeld 84,25 persent laer as die vergelykbare inskrywing vir vorm I vier jaar tevore. Oor die gegewe periode het dus slegs 15,75 persent van die leerlinge wat die sekondêre fase begin het, vorm V bereik.

Die uitdunning van leerlinggetalle wat hierbo bespreek is, kan hoofsaaklik gewyt word aan 2 algemene redes:

- (i) Die toetrede tot beroepsgerigte kursusse na verwerwing van die vereiste akademiese kwalifikasies. In Bophuthatswana is dit veral die geval na die aflegging van die hoër primêre eksamen wat toelating tot verskeie beroepsgerigte kursusse verleen, en die vorm III-eksamen wat toelating verleen tot onder andere onderwysersopleiding.
- (ii) Vroeë skoolverlating of uitsakking:

Uitsakking is by die ontwikkelende swart volke van Suider-Afrika een van die gevolge van die grondliggende probleem waarmee almal te kampe het, naamlik dat daar 'n gebrekkige korrelasie tussen die ontwikkeling van die skool en die samelewing is.<sup>23</sup> Veral omdat die Westerse skool wat gegrond is op 'n Westerse grondmotief in 'n nie-Westerse kultuur wat onder leiding van 'n nie-Westerse grondmotief staan, oorgeplaas is.<sup>24</sup> Weens die sukses wat die Westerse skool in die Westerse wêreld behaal het, begeer die ontwikkelende swart volke dit, maar dit "..... maak geen verskil aan die feit dat 'n onderwysstelsel wat nie met en uit die samelewing ontwikkel nie, 'n abnormale gang van sake is wat groot probleme oplewer."<sup>25</sup> Een van die gevolge van gebrekkige relevantheid van skool

23. Vgl. Rupert, R.M., Die onderwysstelsel in Suider-Afrika, pp.29 - 30.

24. Kyk ibid., p.30.

25. Ibid., pp.30 - 31.

en samelewing is swak aanpassing van die onderwysinhoud en -metode by die volksaard, wat tot 'n hoë druipsyfer en uitsakking lei.

Die talle vergestaltende faktore wat onderwysontwikkeling sterk beïnvloed, dra ook by tot die probleem van uitsakking.<sup>26</sup> 'n Natuurlike faktor soos groot leerlinggetalle gekoppel aan die ekonomiese faktor van gebrekkige finansiële vermoëns lei onder andere tot probleme soos gebrekkige akkommodasie en toerusting, onvoldoende fasiliteite vir onderwysersop-leiding en gevolglike tekorte aan onderwysers en groot finansiële verpligtinge op ouers en gemeenskappe. Hierdie probleme, wat almal ook in Bophuthatswana bestaan, lewer 'n bydrae tot die verskynsel van vroeë skoolverlating.<sup>27</sup> Die Sekretaris van Onderwys van Bophuthatswana noem dan ook onder andere die volgende rede vir die groot verskille in die inskrywing vir opeenvolgende klasse: "A high percentage of successful candidates failed to obtain admission to secondary schools, because of insufficient classroom and hostel accommodation."<sup>28</sup>

Die skool moet ook voorsien in die eise gestel deur 'n verskeidenheid van leerlingverskille soos byvoorbeeld verskille in aanleg en talente.<sup>29</sup> Ernstige aanpassingsprobleme, wat tot uitsakking bydra, ontstaan wanneer 'n samelewing gediën word deur 'n skool wat nie met die eie-aard van die kind ooreenkom nie.<sup>30</sup> Dit beklemtoon weer die behoefte aan gedifferensieerde onderwys en sielkundige dienste soos skoolvoerligting, beroepsvoerligting, aanlegtoetse en keuring van leerlinge vir gedifferensieerde kursusse.

Met die voorafgaande bespreking is slegs gepoog om die belangrikste algemeen-bydraende oorsake van die verskynsel van uitsakking te noem. Verdere naversing om te bepaal tot welke mate elke faktor tot uitsakking in Bophuthatswana bydra, is noodsaaklik vir toekomstige onderwysstelselbeplanning.

26. Kyk ibid., p.31.

27. Kyk De Villiers, G. v.N., 'n Onderwysstelsel vir Qwaqwa. 'n Studie betreffende Onderwysstelselbeplanning, pp.60 - 61.

28. Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1972, p.14.

29. Kyk Rupert, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, pp.77 en 78.

30. Kyk ibid., p.37 en 38.



#### 4.5 Probleme rondom die instelling van skoolplig

In Bophuthatswana bestaan daar nie skoolplig nie. Volgens die Sekretaris van Onderwys is dit 'n ideaal waarna die Departement streef.<sup>31</sup> Die instelling van skoolplig vereis dat aandag aan die volgende sake gegee word:

- (i) Soos blyk uit onder andere die hoë ouderdom van eerste toetreding tot die skool, is skoolbywoning nie noodwendig deel van die lewenspatroon van alle ontwikkelende swart gemeenskappe van Suider-Afrika nie.<sup>32</sup> Volgens die Sekretaris van Onderwys is dit in Bophuthatswana 'n algemene verskynsel om in sommige gebiede leerlinge van 16 jaar en ouer in substanderd A aan te tref.<sup>33</sup> Dit sou geen oplossing wees om kinders deur middel van skoolplig te dwing om skool toe te gaan en daar te bly nie, want enige sodanige dwangmaatregel wat ingestel word voordat die volkskulturele ontwikkeling daarvoor gereed is, is 'n negering van die eis om korrelatiewe ontwikkeling en kan ernstige probleme tot gevolg hê as gevolg van ontwrigting van beproefde sosiale en selfs ekonomiese patrone.<sup>34</sup> Skoolplig word gevolglik in die reël slegs suksesvol toegepas in gemeenskappe waar die volkskulturele ontwikkeling daarvoor gereed is.
- (ii) Die instelling van skoolplig dwing leerlinge om die skool vir 'n vasgestelde tyd te besoek, en plaas gevolglik die verpligting op die owerheid om geskikte onderwysgeriewe daar te stel en hulp te verleen aan minder gegoeëde ouers.<sup>35</sup> Skoolplig bring dus noodwendig groter finansiële verpligtinge vir die owerhede en ouers. In die lig van bestaande knelpunte en behoeftes sal die instelling van skoolplig in Bophuthatswana gepaard moet gaan met onder andere die volgende:

- 
31. Persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.
32. Kyk Ruperti, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p.36.
33. Persoonlike onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.M. Ntsime, op 29 April 1977.
34. Kyk Ruperti, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p.36.
35. Kyk ibid., p.37.

- (a) Beskikbaarstelling van voldoende akkommodasie en toerusting,
- (b) instelling van gratis onderwys aan sommige of alle leerlinge,
- (c) finansiële hulp aan minder gegoeëde ouers in die vorm van losiesbeurse en spesiale vervoeëreëlings,
- (d) plasing van skole volgens 'n wetenskaplik-voërbereide skoolkaart sodat geskikte skole binne bereik van die meeste leerlinge sal wees,
- (e) uitskakeling van alle ander bestaande tekortkominge wat bydra tot vroeë skoolverlating.

Die verhoogde besteding wat skoolplig meebring word gewoënik uit belasting betaal of, soos in baie ontwikkelende lande, deur langtermyn lenings of skenkings uit die buiteland. Laasgenoemde praktyk laat egter die weg vir beïnvloëding vanuit dieselfde buitelandse bronne oop.<sup>36</sup>

- (iii) Die instelling van skoolplig kan alleen suksesvol verloop indien voldoende en goed gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar is.<sup>37</sup> Skoolplig plaas die verpligting op die staat om genog en geskikte onderwysers te voërsien om te voldoen aan die eise van individuele leerling- en gemeenskapsverskille. In Bophuthatswana met sy reeds bestaande tekort aan onderwysers en groot persentasie swak gekwalifiseerde onderwysers, behoort algemene skoolplig eers ingestel te word nadat voldoende en geskikte onderwysers beskikbaar is.
- (iv) In die lig van die voërafgaande bespreking behoort die instelling van skoolplig in Bophuthatswana 'n onmiddellike oogmerk te wees. Die eise betreffende kulturele volksontwikkeling asook voldoende en geskikte onderwysgeriewe en onderwysers vereis dat die instelling van skoolplig egter trapsgewyse sal geskied. Aanvanklik vir die gebiede en kinders wat daarvoor ryp is en oor voldoende onderwys-fasiliteite beskik, en later uitgebreid oor die hele land. Dit sal ook in oëreënstemming wees met artikel 28 van die Bophuthatswana-wet op Onderwys, Wet 9/1973, wat aan die Minister magtiging verleen om, indien hy oërtuig is dat daar voldoende en geskikte skool-

---

36. Kyk ibid., p.37.

37. Kyk loc.cit.

ruimte, onderwysers en fondse beskikbaar is, verpligte skoolbesoek vir elke persoon van 'n sekere ouderdomsgroep in 'n bepaalde gebied in te stel.<sup>38</sup>

#### 4.6 Beroepsonderwys in Bophuthatswana

##### 4.6.1 Landbouonderwys

Landbouopleiding word in Bophuthatswana verskaf by die landboukollege te Taung waar landbouvoorligters en veeinspekteurs onder die beheer van Bophuthatswana se Departement van Landbou opgelei word. Daar bestaan in Bophuthatswana geen sekondêre landboukskool of voedingskool vir die bovermelde landboukollege nie. Die behoefte aan en noodsaaklikheid van gespesialiseerde landbouopleiding word duidelik wanneer die volgende feite onder oë geneem word:

- (i) Bophuthatswana het die landboupotensiaal om sy bevolking te voed, maar in 1972/73 was sy landbouopbrengs in vergelyking met sy potensiaal die laagste van alle tuislande binne die Republiek - slegs 19,7 persent van sy beraamde potensiaal.<sup>39</sup>
- (ii) Alhoewel Bophuthatswana 'n relatief lae landboupotensiaal in vergelyking met ander gebiede het, was bogenoemde lae landbouproduksie die hoof oorsaak dat die bydrae van die landbousektor tot die Bruto Binnelandse Produk vanaf 1969/70 tot 1973/74 jaarliks gemiddeld slegs 8 persent was.<sup>40</sup> Hierdie bydrae was in vergelyking met ander tuislande ook die laagste in die Republiek.
- (iii) Alhoewel Bophuthatswana 'n lae saai- en oespotensiaal het as gevolg van klimaatsfaktore, was die produksie van alle graangewasse, peulgewasse en oliesade vir 1974/75 slegs 51 556 ton met 'n bruto inkomste van R3 822 600 teenoor 'n potensiaal van 763 900 ton met

38. Kyk Bophuthatswana-wet op Onderwys, Artikel 28.

39. Kyk BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.79.

40. Kyk ibid., p.77 - 78.

Ook BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.77.

in bruto inkomste van R61 394 000 in 1977.<sup>41</sup> Dit beteken dat die bruto inkomste uit saaiboerdery slegs 6,23 persent van die potensiaal is.

- (iv) Bophuthatswana is ook by uitstek geskik vir ekstensiewe veeteelt en die bruto waarde kan na raming aansienlik verhoog word deur die daarstelling van bemarkingsintensiewe boerdery en verbeterde veegesondheid.<sup>42</sup>
- (v) Soos in ander ontwikkelende lande is die swak tradisionele produksiemetodes een van die redes vir die lae landbouopbrengs. BENBO stel dit so: "Overcropping, low capital inputs, insufficient or improper use of fertilisers, poor quality and large numbers of cattle and other livestock and numerous other problems are quite common and difficult to solve."<sup>43</sup>
- (vi) Alhoewel 58,6 persent van die ekonomies bedrywige Tswanabevolking in die landbousektor werksaam is, is die negatiewe houding van die bevolking teenoor landbou as werkgeleentheid een van die sosio-logiese probleme wat oorkom moet word voordat die landbou-potensiaal ten volle kan ontwikkel.<sup>44</sup>
- (vii) BENBO kom tot die bevinding dat gemeenskapsontwikkeling meer as enige ander vorm van kapitaal en/of tegniese vaardighede die sleutel is tot suksesvolle landbouproduksie in die tuislande.<sup>45</sup> Die rol wat onderwys te speel het in gemeenskapsontwikkeling kan nie oorbeklemtoon word nie.
- (viii) In 'n ontwikkelende land is die skepping van werkgeleenthede baie belangrik. In die verband het beramings deur die Xhosa-ontwikkelingskorporasie getoon dat werkgeleenthede in die landbousektor

41. Kyk BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.129.

42. Kyk BENBO, Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975, p.35.

43. BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.77.

44. Kyk ibid., p.77.

45. Kyk BENBO, Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika, p.83.

teen 'n gemiddelde bykomstige kapitaalbelegging van R1 000 tot R2 000 per arbeider verskaf kan word in vergelyking met 'n kapitaalbelegging van R5 000 to R8 000 per werkgeleentheid in die nywerheidssektor.<sup>46</sup>

- (ix) Omdat Bophuthatswana se Departement van Onderwys seker is dat die behoefte aan 'n hoër landboukskool die oprigting daarvan regverdig, word so 'n skool reeds sedert 1973 beplan maar dit kon, weens gebrekkige fondse, nog nie oopgerig word nie.<sup>47</sup>

Met inagneming van bostaande faktore word die volgende aanbevelings ten opsigte van landbouopleiding gedoen:

- (i) Die uitbreiding van die studierigting by Pinagare Kollege te Taung om, as 'n keuse teenoor die huidige kursus in Bantoe-administrasie, ook 'n spesiale landboukursus in te sluit wat na vorm III toelating tot die landboukollege te Taung verleen.
- (ii) Die uitbreiding van die senior sekondêre kursus te Pinagare Kollege om, as 'n keuse teenoor die huidige kursus in Bantoe-administrasie, ook 'n spesiale landboukursus in te sluit wat na vorm V tot gespesialiseerde universitêre opleiding in landbou lei.
- (iii) Verlenging van die tydsduur van die huidige kursus by die landboukollege te Taung vanaf 5 semesters tot 6 semesters.
- (iv) Uitbreiding van die landbouopleiding by die landboukollege te Taung om ook praktiese opleiding aan leerlinge van Pinagare Kollege te verskaf.

Die toepassing van bogenoemde aanbevelings sal die volgende veranderinge vereis:

---

46. Kyk ibid., p.84.

47. Kyk BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.65.  
Ook Bophuthatswana, Report of the Department of Education for 1973, p.13.

- (i) Noue samewerking tussen die Departemente van Onderwys en Landbou om landbouopleiding te Taung te koördineer.
- (ii) Die oopstelling van Pinagare Kollege vir leerlinge wat nie seuns van kapteins, hoofmanne of raadslede is nie.
- (iii) Die uitbreiding van die kurrikulum te Pinagare Kollege:
  - (a) Toevoeging van landbouwetenskap in vorm III. Tans word dit reeds in vorm I en II aangebied.
  - (b) Invoering van 'n oriënteringskursus in vorms II en III in die teorie en praktyk van landboukunde as keusevak teenoor die huidige Bantoe-administrasie en -reg en gekombineerde handelsvak. Hierdie kursus dien as voorbereiding vir die landboukunde wat na vorm III by die landboukollege aangebied word.
  - (c) Toevoeging van landboukunde hoër graad as keusevak teenoor die huidige Bantoe-administrasie in die senior sekondêre kursus. Saam met biologie hoër of standaardgraad, wat reeds aangebied word, verleen landboukunde hoër graad universiteitsvrystelling vir gespesialiseerde landbouopleiding.<sup>48</sup>
  - (d) Toevoeging van toegepaste landboukunde as keusevak in die senior sekondêre kursus teenoor die huidige Bantoe-reg, spesiale landbou, wêreldgebeure en openbare optrede.
- (iv) Doeltreffende beplanning van werkverdeling by Pinagare Kollege en die landboukollege wat tot gevolg sal hê dat aanvanklik geen addisionele onderwysers en dosente benodig word nie.
- (v) Doeltreffende beplanning van klaskamerruimte by Pinagare Kollege en die landboukollege wat tot gevolg sal hê dat aanvanklik geen addisionele klaskamers benodig word nie.

---

48. Vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Die Seniorcertifikaat - Algemene en Matrikulasievrystellingsvereistes, p.5.

- (vi) Gebruikmaking van opleidingsgeriewe by die landboukollege vir aanbieding van praktiese klasse aan leerlinge van Pinagare Kollege.
- (vii) Gebruikmaking van die gespesialiseerde landboukundiges van die landboukollege as dosente en onderwysers vir leerlinge van Pinagare Kollege.
- (viii) Indien verkies word dat alle leerlinge en studente in die koshuise van albei inrigtings tuis gaan, is 'n uitbreiding van koshuisgeriewe nodig.

Die toepassing van die aanbevelings sal die volgende voordele inhoud:

- (i) Sonder enige kapitaalbesteding word noodsaaklike gespesialiseerde landbouonderwys te Pinagare Kollege aangebied as voorbereiding vir opleiding van landboutegnici en -vakkundiges.
- (ii) Optimale benutting van duur opleidingsgeriewe by die landboukollege.
- (iii) Beter benutting van onderwysgeriewe te Pinagare Kollege.
- (iv) Die landboukollege verkry 'n voedingskool wat kan bydra tot volle besetting van die kollege wat sedert sy ontstaan in 1965 nog nooit ten volle beset was nie.<sup>49</sup>
- (v) Beter voorbereide studente skryf vir die kursusse by die landboukollege in. Dit kan bydra om die huidige gemiddelde druipe- en staakpersentasie van 21,8 persent per diplomakursus<sup>50</sup> te verlaag.
- (vi) 'n Verlenging van die tydsduur van die huidige kursusse by die landboukollege vanaf 5 na 6 semesters sal tot gevolg hê dat die kollege dwarsdeur die jaar ten volle beset kan word in plaas van die huidige gebruik waar finale jaar studente in Junie van elke jaar diplomeer.

49. Gegewens verkry tydens persoonlike onderhoud met mnr. P.G.F. Coetzee, prinsipaal, landboukollege, Taung, op 30 Junie 1977.

50. Loc.cit.

- (vii) Die weg word voorberei om die landboukollege later uit te brei tot 'n inrigting waar landbouonderwysers ook opgelei kan word. In Bophuthatswana bestaan daar tans geen opleidingsgeriewe vir landbouonderwysers nie.

#### 4.6.2 Tegniese<sup>(a)</sup> en ambagsopleiding

Vir enige land om op ekonomiese gebied vooruit te gaan is dit noodsaaklik dat alle arbeid so produktief moontlik sal wees. BENBO stel dit so: "Labour is the key to all production and the improvement of labour productivity is a key to all economic progress."<sup>51</sup> Die rol wat onderwys speel om arbeid so produktief as moontlik te maak, is baie belangrik omdat goeie opleiding kan bydra om 'n arbeider meer produktief te maak.

Op die tegniese en ambagsgebied behels die rol van onderwys die volgende:<sup>52</sup>

- (i) Universitêre opleiding: Die voorsiening van ingenieurs wat verantwoordelik is vir die beplanning en ontwerp op tegniese gebied.
- (ii) Gevorderde tegniese opleiding: Opleiding van tegnisi wat die beplanning en ontwerp van die ingenieur in die werklikheid omskep.
- (iii) Ambags- en sekondêre tegniese opleiding: Om die tegnikus by te staan is die vakman nodig. Hy ontvang sy opleiding aan 'n ambags- of tegniese skool en voltooi daarna sy vakleerlingskap om as vakman te kwalifiseer.
- (iv) Ambag- en tegniese instruktorsopleiding: Om te voorsien in die behoefte aan onderwysers in ambags- en tegniese vakke.

---

(a) 'n Studie oor 'n model vir tegniese onderwys vir Bophuthatswana word tans deur mev. M.W. Woudstra as deel van 'n D. Ed-tesis aan die Universiteit van Suid-Afrika onderneem. Aangesien dit saamval met hierdie studie, word hier nie in diepte op die terrein van die tegniese onderwys ingegaan nie.

51. BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.49.

52. Kyk Redaksioneel, "Die betekenis van Tegniese Onderwys vir die ekonomie van 'n land" in Bantoe-onderwysblad n<sup>o</sup>. 5, Junie 1977, pp.3 en 15.



Die sekondêre tegniese skool vervul 'n besondere funksie, want alhoewel akademiese skole ook aspirante lewer vir universitêre en gevorderde tegniese opleiding, het 'n leerling wat by 'n tegniese sekondêre skool inskryf reeds op 'n loopbaan in die tegniese rigting besluit en dit dien as motivering vir sy studie.<sup>53</sup> Die sekondêre tegniese skool is derhalwe die natuurlike voedingskool vir alle gevorderde tegniese opvoeding.

In die verskillende opleidingsterreine op tegniese en ambagsgebied wat hierbo genoem is, is die toestand in Bophuthatswana soos volg:

- (i) Universitêre opleiding: Daar bestaan geen opleidingsgeriewe vir ingenieurs in Bophuthatswana nie. In 1976 het ook geeneen van die drie universiteite vir swartes buite Bophuthatswana 'n graadkursus in ingenieurswese aangebied nie.<sup>54</sup> Dit dui daarop dat die aanvraag na die kursus baie laag onder die swart bevolking is.
- (ii) Gevorderde tegniese opleiding: By Ga-Rankuwa Tegniese en Ambagsentrum word slegs die Nasionale Diploma in Analitiese Chemie aangebied.<sup>55</sup> Vir ander gevorderde tegniese opleiding is studente van Bophuthatswana hoofsaaklik aangewese op Mmadikoti Kollege naby Pietersburg met 'n paramediese tak by die Ga-Rankuwa hospitaal.
- (iii) Sekondêre tegniese onderwys: Met die opening van Tlhabane Hoër Tegniese en Handelskool in 1976 naby Rustenburg is 'n aanvang gemaak met die sekondêre tegniese onderwys in Bophuthatswana. Op 31 Maart 1977 was 62 leerlinge by Tlhabane besig met tegniese kursusse.<sup>56</sup>
- (iv) Ambagsopleiding:<sup>57</sup> Bophuthatswana beskik oor 2 volwaardige ambagskole naamlik Boitseanape en Temba, terwyl Moroka en Ga-Rankuwa Opleidingsentrum ook ambagsafdelings het. 'n Verskeidenheid ambagskursusse word aangebied en Boitseanape en Moroka dien ook as vaktoetssentrums.

53. Kyk ibid., p.15.

54. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976, p.157.

55. Kyk ibid., p.70.

56. Inligting verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

57. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor Ambagsopleiding, Tegniese opleiding, Gevorderde Tegniese Opleiding, Nywerheidsopleiding, pp.3 en 9.

- (v) Ambagsinstruktorsopleiding: Tot 1977 was Boitseanape die enigste opleidingsentrum vir swart ambagsinstruktors in die Republiek. Dit is egter inter-etnies van aard en het in 1977 slegs 1 Motswana in die eerstejaarsgroep en 2 Batswana in die tweedejaarsgroep gehad.<sup>58</sup>

Uit bostaande blyk die behoefte aan opleidingsgeriewe vir universitêre opleiding, gevorderde tegniese opleiding en sekondêre tegniese onderwys. Ambagsopleidingsgeriewe is redelik bevredigend maar die Batswana maak nie genoeg gebruik van die bestaande opleidingsgeriewe vir ambagsinstruktors nie.

Die vernaamste probleme waarmee rekening gehou moet word wanneer toekomstige ambags- en tegniese opleiding in Bophuthatswana beplan word, is die volgende:<sup>59</sup>

- (i) Negatiewe houding van die bevolking in die algemeen teenoor werkgeleenthede in die ambags- en tegniese veld. Dit lei onder andere daartoe dat te min leerlinge en leerlinge van ontoereikende kwaliteit tot ambags- en tegniese opleiding toetree.
- (ii) Gebrekkige fondse om te voorsien in duur ambags- en tegniese opleidingsgeriewe.
- (iii) Tekorte aan ambagsinstruktors wat deur beter besoldiging as vakmanne weggelok word na private instansies.

Met inagneming van die feit dat die mynbou- en nywerheidsektore in 1975/76 gesamentlik 67 persent tot die Bruto Binnelandse Produk van Bophuthatswana bygedra het,<sup>60</sup> en derhalwe die belangrikheid van ambags- en tegniese opleiding vir Bophuthatswana beklemtoon, en na kennisname van die voorafgaande bespreking, behoort die volgende sake hoë prioriteit te geniet by toekomstige beplanning van tegniese en ambagsopleiding:

58. Inligting verkry tydens persoonlike onderhoud met mnr. Kirstein, Professionele Adviseur, Bophuthatswana Departement van Onderwys, op 21 April 1977.

59. Ibid.

60. Kyk BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.120.

- (i) Werwing van aspirante om as ambagsinstrukteurs opgelei te word. En gepaardgaande hiermee groter erkenning van instrukteursopleiding vir salarisdoeleindes.
- (ii) Groter finansiële hulp, in die vorm van departementele beurse, aan leerlinge in die ambags- en tegniese studierigtings. In 1976/77 het departementele beurse vir tegniese opleiding slegs R200 uit 'n totaal van R62 190 bedra.<sup>61</sup>
- (iii) Effektiewe beroepsvoorligting en wetenskaplike toetsing om die regte aspirante in groter hoeveelhede te trek vir ambags- en tegniese opleiding.
- (iv) Invoering van meer praktiese vakke op primêre vlak ter voorbereiding vir latere ambags- en tegniese opleiding.
- (v) Skepping van geriewe waar leerlinge na voltooiing van ambagskursusse hul vakleerlingskap kan voltooi om as vakmanne te kwalifiseer.
- (vi) Skepping van 'n tegniese opleidingsentrum in 'n stedelike gebied, byvoorbeeld Ga-Rankuwa, op dieselfde patroon van die opleidingsentrums van die Departement van Bantoe-onderwys in blanke gebiede waarvolgens leerlinge van omliggende skole sekondêre tegniese onderwys by die sentrums ontvang. Dit sal sekondêre tegniese onderwys vir meer leerlinge oopstel en help voorsien in aspirante vir gevorderde tegniese onderwys.
- (vii) Uitbouing van Ga-Rankuwa Tegniese en Ambagsentrum tot 'n volwaardige kollege vir gevorderde tegniese onderwys om in die behoefte van Bophuthatswana te voorsien.
- (viii) Oordeelkundige aanwending van beperkte finansiële vermoëns vereis

---

61. Inligting verskaf deur Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

deeglik beplande bouprogramme en die gebruikmaking van bouplanne van ambagskole om koste so laag as moontlik te hou.

- (ix) Bepaling van die vraag na universitêre opleidingsgeriewe vir die opleiding van ingenieurs.

#### 4.7 Onderwys vir volwassenes

Die term "volwassene" in bogenoemde konteks gebruik, beteken iemand wat geen formele onderwys of opleiding gehad het nie maar wel vir indiensname beskikbaar is of reeds in diens geneem is, of iemand wie se formele onderwys of opleiding gestaak is en reeds in diens geneem is of vir indiensname beskikbaar is.<sup>62</sup>

Die noodsaaklikheid van onderwys en opleiding vir volwassenes in enige ontwikkelende land in die algemeen en in Bophuthatswana in die besonder, blyk uit die volgende:

- (i) Ongeletterdheid: Ongeletterdheid is een van die algemene oorsake van lae produktiwiteit in ontwikkelende lande en strem gevolglik ekonomiese ontwikkeling.<sup>63</sup> Met die bevolkingsensus van 1970 kon 40,8 persent van die Tswanabevolking van 10 jaar en ouer nie lees en skryf nie.<sup>64</sup> Sedert 1970 het ontwikkeling op onderwysgebied daartoe bygedra dat die persentasie geletterdes in die ouderdomsgroep 10 jaar en ouer in 1977 op tussen 70 en 80 persent geraam word.<sup>65</sup> Dit dui op 'n groot toename in geletterdheid maar beteken nogtans dat meer as 20 persent van die bevolking van 10 jaar en ouer nog ongeletterd is.
- (ii) Vroeë skoolverlating en die vraag na geskooldes: 'n Vinnig stygende bevolking, tesame met 'n toenemende vraag na onderwys, lei in ontwikkelende lande, as gevolg van ontwikkeling op onderwysgebied,

62. Kyk Lardner, G., Adult Education and Economic Development, in Widstrand, C., Development of Adult Education in Africa, p.15.

63. Vgl. ibid., p.20.

64. Kyk BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.64.

65. Kyk loc.cit.

daartoe dat jaarliks 'n groter persentasie van die bevolking in die skool kom.<sup>66</sup> Sonder fenomenale uitbreiding op na-primêre vlak bereik baie min van die primêre leerlinge die na-primêre onderwys. Ontwikkelende lande het goed opgeleide en opgevoede mense dringend nodig, maar daar bestaan min "geskikte" werksgeleenthede vir primêre skoolverlaters met hoë beroepsverwagtings en dit kan lei tot werkloosheid met al die sosiale euwels van politieke gevare wat daarmee gepaard gaan.<sup>67</sup> Alhoewel Bophuthatswana tans nie grootskaalse werkloosheid ondervind nie, moet daar noulettend teen gewaak word. Om derhalwe die probleem van vroeë skoolverlating te help versoen met die vraag na goed opgeleide arbeid is opleiding en onderwys vir volwassenes noodsaaklik.

(iii) In Bophuthatswana bestaan daar onder die bevolking 'n groot vraag na onderwys vir volwassenes. BENBO stel dit so: "This demand for adult education exists at all levels, from primary to university level, and it is said that more adults than children would study if there were facilities."<sup>68</sup>

Onderwys vir volwassenes behoort op die onmiddellike probleme gerig te word, maar elke onderafdeling behoort slegs 'n skakel te vorm in 'n program van voortdurende opvoeding om die individu in staat te stel om groter verantwoordelikheid te aanvaar en 'n aktiewe rol in die algemene ontwikkeling te speel.<sup>69</sup> Geletterdheid behoort byvoorbeeld nooit 'n doel op sigself te wees nie maar slegs 'n stap in die hoogs moontlike ontwikkeling van die menslike vermoë.<sup>70</sup> Wanneer aanvaar word dat onderwys vir volwassenes die grootste bydrae tot ontwikkeling lewer indien dit as 'n program van voortdurende opvoeding aangebied word, behoort dit oor die hele onderwysfront aangepak te word en sal dit die volgende 3 hoofrigtings behels:<sup>71</sup>

- 
66. Kyk Ruperti, R.M., Opvoeding en Opleiding, . . . . ., p.75.  
 67. Kyk Ruperti, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p.36.  
 Vgl. ook Callaway, A., Educational planning and unemployed youth, pp.11-27.  
 68. BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.67.  
 69. Vgl. Bertelsen, P., Problems of Priorities in Adult Education, in  
 Widstrand, C., Development and Adult Education in Africa, pp.26 en 30.  
 70. Kyk ibid., p.34.  
 71. Kyk Callaway, A., op.cit., p.45.

- (i) Voorbereidende onderwys:
- (a) Kursusse vir diegene wat geen of baie min vorige formele onderwys ontvang het. Dit sal onder andere funksionele geletterheidsprogramme en beroepsonderwys insluit.
  - (b) Kursusse ter verbreding van reeds verkreë opleiding. Dit sluit onder andere na-primêre en na-sekondêre opleiding by sekretariële sentrums en tegniese werksinkels in, asook voorbereidende kursusse deur werkgewers vir hul toekomstige werknemers en korrespondensiekursusse.
- (ii) Indiensopleiding:
- (a) Opleiding tydens deurloping van vakleerlingskap by private en staatsondernemings ter beter voorbereiding van toekomstige vakmanne.
  - (b) Indiensopleiding deur middel van kort kursusse aangebied deur private instansies of staatsdepartemente om produktiwiteit te verhoog.
  - (c) Langer indiensopleidingskursusse om werknemers in staat te stel om hul kwalifikasies te verbeter.
- (iii) Opvoeding met gemeenskapsontwikkeling as doel:
- (a) Groepsaktiwiteite buite skoolverband soos jeugorganisasies, werkersgildes, ensovoorts, wat leierskap bevorder en die verantwoordelikheid wat burgerskap meebring, beklemtoon.
  - (b) Nasionale diensprogramme en opvoedkundige dienste wat deur die verskillende staatsdepartemente of vrywillige organisasies aangebied word om inligting te verskaf en die gemeenskap op te voed. Hierdie dienste word in samewerking met plaaslike bestuursliggame aangebied en is daarop ingestel om die plaaslike gemeenskappe te help om hulself te help.

In Bophuthatswana bestaan daar reeds verskeie opleidingsgeriewe vir volwassenes. Die beheer oor onderwys vir volwassenes berus by die instansie of departement wat dit aanbied. Aandskole en voortsettings-klasse is onder beheer van die Departement van Onderwys, terwyl ad hoc-nywerheidsopleiding deur die Departement van Onderwys gesubsidieer word terwyl die nyweraar 'n opleidingsentrum, instrukteurs, gespesialiseerde toerusting en materiaal verskaf.<sup>72</sup> Indiensopleiding word deur verskeie staatsdepartemente asook private instansies verskaf, terwyl die hotelraad van die Republiek van Suid-Afrika beheer uitoefen oor die opleiding van swart personeel vir die hotelbedryf by die hotelskool te Ga-Rankuwa.<sup>73</sup> Die Bophuthatswana Nasionale Ontwikkelingskorporasie speel ook 'n belangrike rol in die opleiding van sakemanne, vakmanne en handelpersoneel, terwyl die 37 myne van Bophuthatswana opleiding aan hul 59 000 swart werkers verskaf wat wissel vanaf ondergrondse mynwerk-saamhede tot gevorderde kursusse in geologie en opmeting.<sup>74</sup> Benewens direkte opleiding aan eie werkers lewer die myne ook 'n verskeidenheid gemeenskapsdienste en ander opleidingsfasiliteite soos die moderne hospitaal van die Impala Platinamyn waar verpleegsters opgelei word.<sup>75</sup>

Ten einde optimale benutting van huidige fasiliteite vir onderwys en opleiding vir volwassenes te verseker, behoort alle onderwys vir volwassenes gekoördineer te word en onder beheer geplaas te word van 'n Direkteur vir Volwassene-onderwys wat as onderafdeling van die Departement van Onderwys funksioneer. Dit sal ook die weg voorberei vir die uitbouing van onderwys vir volwassenes tot 'n program van voortdurende opvoeding wat gemik is op volgehoue ontwikkeling.

Die instelling van 'n program vir voortdurende onderwys sal voorafgegaan moet word deur intensiewe navorsing waarin die volgende sake prioriteit behoort te geniet:<sup>76</sup>

72. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor Ambagsopleiding, Tegniese Opleiding, Gevorderde Tegniese Opleiding, Nywerheidsopleiding, p.41.
73. Kyk BEN80, Bophuthatswana at Independence, p.67.
74. Kyk ibid., p.85.
75. Kyk loc.cit.
76. Vgl. Bertelsen, P., op.cit., pp.29 en 35.  
Ook Callaway, A., op.cit., pp.43 - 44.

- (i) Behoeftebepaling ten einde vas te stel waar die grootste behoeftes aan onderwys vir volwassenes is.
- (ii) Vasstelling van die oorsake van reeds bestaande probleme in die stelsel van volwassene-onderwys ten einde dit te kan uitskakel.
- (iii) Noukeurige beplanning ten einde die optimale benutting van gebrekkige fondse te verseker. Dit sal onder andere ook 'n waardebeplanning van die resultate van volwassene-onderwys in vergelyking met die koste verbonde aan sodanige onderwys, insluit.
- (iv) Navorsing om die mees effektiewe onderwysmetodes, -hulpmiddels, leermetodes, ensovoorts, vir verskillende vorme van volwassene-onderwys te bepaal.
- (v) Opstel van 'n gekoördineerde program vir volwassene-onderwys waarby alle instansies wat by volwassene-onderwys betrokke is, betrek word.

#### 4.8 Samevatting

In die voorafgaande bespreking is die volgende probleemassekte van die onderwysstelsel van Bophuthatswana uitgelig:

- (i) Die voorsiening van onderwysers om tred te hou met die verwagte groei in leerlinggetalle.
- (ii) Die voorsiening van akkommodasie en toerusting om tred te hou met die verwagte groei in leerlinggetalle.
- (iii) Die verwagte verhoging in die onderwysbegroting as gevolg van die verwagte groei in leerlinggetalle.
- (iv) Die groot persentasie leerlinge wat die skool vroeg verlaat.
- (v) Die probleme rondom die instelling van verpligte skoolbesoek.



- (vi) Die behoefte aan landbou-, ambags- en tegniese opleiding.
- (vii) Die noodsaaklikheid van volwassene-onderwys as gevolg van ongeletterdheid, vroeë skoolverlating en die behoefte aan gemeenskapsontwikkeling.

By elkeen van hierdie aspekte is probeer om behoeftes aan te dui, en voorstelle ter beter bevrediging van die behoeftes is gedoen. Die noodsaaklikheid van doeltreffende beplanning as 'n uitvloeisel van toekomstige navorsing is deurgaans aangetoon. 'n Posing is aangewend om sake wat prioriteit behoort te geniet uit te wys, en dit geniet verdere aandag in die volgende hoofstuk.

## HOOFSTUK V

## SLOTOPMERKINGS EN KERNAANBEVELINGS

Op grond van algemene opvoedkundige beginsels en die beskrywings, ontledings en gevolgtrekkings van die vorige hoofstukke, word enkele aspekte van die onderwysstelsel van Bophuthatswana herbelig, en kernaanbevelings, wat as breë riglyne vir ontwikkeling kan dien, word gedoen.

5.1 Slotopmerkings5.1.1 Laer primêre onderwys

Soos elke ontwikkelende land behoort Bophuthatswana dit as 'n hoofdoel te hê om universele en funksionele geletterdheid aan sy inwoners te verskaf. Funksionele geletterdheid beteken dat 'n leerling ten minste in sy moedertaal moet kan lees, skryf en reken. Dit is dan ook een van die doelstellings wat die Departement van Bantoe-onderwys met die laer primêre skoolkursus het, naamlik: "Die afrigting in verstandelike vaardighede soos lees, skryf, spel en reken."<sup>1</sup> Geletterdheid is 'n groot bydraende faktor tot die verhoging in produktiwiteit van ongeskoolde werkers: "The impact of literacy on productivity can be seen from a study in Bombay where in comparing the productivity of literate and illiterate workers in textile factories, it was found that even where illiterates were trained on the job, their performance was much below that of literates."<sup>2</sup>

Ten einde universele funksionele geletterdheid aan sy inwoners te verskaf, behoort Bophuthatswana na die instelling van verpligte skoolbesoek in die laer primêre fase te streef. Die volgende probleme sal egter die suksesvolle instelling van verpligte skoolbesoek in die onmiddellike toekomstige bemoeilik:

1. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-onderwys, Syllabus vir die Laer Primêre Skoolkursus, p.iii.
2. Elliot, J., University of the air: education for development in Africa No. (3), p.7.

- 'n onderwyser-leerlingverhouding van 1 : 75 in die laer primêre fase in 1977 (kyk tabel 4.3.1.1),
- die reeds bestaande tekort aan akkommodasie en toerusting (kyk subhoof 4.3.2),
- die groot persentasie leerlinge wat uitsak in die laer primêre fase (kyk subhoof 4.4),
- die bykomende finansiële las wat die instelling van verpligte skoolbesoek vir die staat en vir die ouers sal meebring.

Die eise betreffende kulturele volksontwikkeling asook voldoende gekwalifiseerde onderwysers en geskikte onderwysgeriewe vereis dat die instelling van skoolplig trapsgewyse sal geskied. Aanvanklik vir die gebiede en kinders wat daarvoor ryp is en oor voldoende fasiliteite beskik. Daarna moet dit so gou moontlik na die res van die land uitgebrei word.

### 5.1.2 Hoër primêre onderwys

Alhoewel dit nie die doel van primêre onderwys is om leerlinge vir bepaalde beroepe voor te berei nie, is dit tog nodig dat die leerlinge in die hoër primêre skoolfase sekere handvaardighede sal aanleer. Die kurrikulum van hierdie skoolfase behoort meer prakties georiënteerd te wees.<sup>3</sup> Dit behels dat in die hoër primêre skoolfase vakke aangebied sal word wat handvaardigheid by leerlinge sal bevorder, en dat in die aanbieding van vakke 'n praktiese benadering gevolg sal word. In Bophuthatswana waar die Hoër Primêre Sertifikaat toelating tot 'n verskeidenheid beroepsgerigte na-primêre kursusse bied, sal 'n prakties georiënteerde hoër primêre kursus aan die leerlinge wat 'n praktiese na-primêre kursus beoog, die basiese kennis verskaf wat die aanpassing by die praktiese na-primêre onderwys sal vergemaklik.

Om die hoër primêre kurrikulum meer prakties te maak, impliseer die noodsaaklikheid van kurrikulumnavorsing en -ontwikkeling wat hoë prioriteit

3. Vgl. Botswana's National Commission on Education, Education for Kagisano. Report of the National Commission on Education, p.71.

behoort te geniet. Ook die inhoud van die opleidingskursusse van onderwysers moet voortdurend rekening hou met nuwe eise en behoort met kurrikulumontwikkeling geïntegreer te word.

### 5.1.3 Sekondêre onderwys

Op die sekondêre skoolvlak word onderwys en opleiding in drie verskillende studierigtings in Bophuthatswana aangebied, naamlik akademiese-, tegniese- en handelsrigtings, terwyl na-primêre ambagsopleiding vir seuns en vakopleiding vir dogters asook nywerheidsopleiding ook aangebied word. Hierdie verskeidenheid van studierigtings is in ooreenstemming met die doel van sekondêre onderwys, naamlik om benewens algemene onderwys en opvoeding ook die besondere aanleg en belangstelling van leerlinge in ag te neem en te help ontwikkel.

In Bophuthatswana met sy besondere mynbou- en nywerheidspotensiaal val die klem nog te veel op die akademiese studierigting terwyl veral tegniese sekondêre opleidinggeriewe te min is om te help voorsien in die groot vraag na tegnisi. Op landbougebied is produksie ver onder die potensiaal van die land en daarom is 'n sekondêre landbouskool 'n dringende noodsaaklikheid (kyk subhoof 4.6.1). Die reeds bestaande landboukollege behoort uitgebrei en beter benut te word (kyk subhoof 4.6.1).

Om 'n beter balans tussen akademiese en praktiese sekondêre onderwys te bewerkstellig behoort 'n ondersoek oor die hele sekondêre vlak ingestel te word met die oog op die aanbieding van akademiese sowel as praktiese kursusse in 'n verskeidenheid van studierigtings. Hierdie studierigtings behoort ooreenkomstig die behoeftes wat bestaan ingestel te word, en behoort 'n handels-, tegniese, huishoudkundige, landbou en algemene rigting in te sluit.

Om te voorsien in die uiteenlopende talente en belangstellings van leerlinge, asook die eise van die beskikbare werkgeleenthede, vra dat die beginsel van differensiasie hoë prioriteit in die sekondêre onderwys sal kry.

Differensiasie stel hoë eise aan onderwysers. In Bophuthatswana waar geen opleidingsfasiliteite vir senior sekondêre onderwysers bestaan nie, en waar universiteite geen noemenswaardige bydrae tot die opleiding van onderwysers lewer nie (kyk subhoof 4.3.1), is die instelling van 'n senior sekondêre opleidingskursus vir onderwysers 'n dringende noodsaaklikheid. As 'n onmiddellike begin kan die instelling van die nuwe senior sekondêre onderwyserskursus van die Departement van Bantoe-onderwys in samewerking met een van die bestaande universiteite oorweeg word. In-diensopleiding van onderwysers om professionele en akademiese kwalifikasies te verbeter vereis ook dringende aandag, veral ten opsigte van vakke soos wiskunde en natuur- en skeikunde in die sekondêre skool.

Die negatiewe houding van die bevolking in die algemeen teenoor werkgeleenthede in die praktiese veld (kyk subhoof 4.6.2), het implikasies vir al die gedifferensieerde sekondêre studierigtings. Effektiewe beroepsvoorligting is dringend nodig om leerlinge in te lig aangaande werkgeleenthede wat ooreenstem met hulle gedifferensieerde sekondêre onderwysrigtings. Dit behoort 'n belangrike bydrae te lewer tot die werwing van geskikte leerlinge in voldoende getalle vir ambags-, tegniese en landbouopleiding.

Die voorsiening van voldoende akkommodasie en toerusting behoort ondersoek te word. Intensiewe beplanning van bouprogramme is noodsaaklik en die gebruik van bouspanne van die verskillende ambagskole vir die oprigting van skoolgeboue behoort oorweeg te word.

#### 5.1.4 Onderwysersopleiding

Die belangrikheid van genoeg goed opgeleide onderwysers vir al die fases van die onderwysstelsel van elke ontwikkelende land word deur talle opvoedkundiges beklemtoon. "....., given the most meaningful and realistic education and training programmes which those with experience, imagination and foresight can devise, in the final analysis no real achievement is possible without the necessary cadre of trained and motivated teachers, ....."<sup>4</sup> Duminy beklemtoon die belangrikheid van

4. Coverdale, G.M., Planning education in relation to rural development, p.31.

goeie akademiese opleiding: "Uit 'n didaktiese oogpunt gesien, is dit van groot belang dat die onderwyser in die vakke waarin hy gaan onderwys gee 'n deeglike opleiding ontvang gedurende sy normale tyd van studie aan universiteit of kollege."<sup>5</sup> Van Loggerenberg en Jooste wys daarop dat daar geen plaasvervanger vir die onderwyser bestaan nie: "Handboeke, naslaanwerke, leesstof, korrespondensie, radio, rolprent, grammofoon, bandopnamemasjiene en so meer kan pragtige hulpmiddels vir die onderwyser wees, maar hulle kan nie die plek van die persoon van die onderwyser inneem nie."<sup>6</sup>

In Bophuthatswana het die groot groei in leerlinggetalle onder andere daartoe gelei dat nie genoeg opgeleide onderwysers voorsien kan word nie. In 1977 was die onderwyser-leerlingverhouding in die primêre skoolfase 1 : 60 en in die sekondêre skoolfase 1 : 36 (kyk tabel 4.3.1.1). Weens die tekort aan opgeleide onderwysers word ongekwalifiseerde persone in diens geneem. In 1976 was 14,98 persent van die totale aantal onderwysers professioneel ongekwalifiseerd (kyk subhoof 4.3.1). Die probleem ten opsigte van die voorsiening van onderwysers in Bophuthatswana is derhalwe sowel kwalitatief as kwantitatief van aard.

Die opleiding van meer onderwysers en die verbetering van die kwalifikasies van diensdoende onderwysers moet in Bophuthatswana baie hoë prioriteit geniet. Die instelling van 'n driejarige senior sekondêre onderwyskursus na verwerwing van die Senior Sertifikaat behoort so gou moontlik te geskied. Om die kwaliteit van onderwys te verbeter behoort 'n senior sertifikaat as toelatingsvereiste tot alle opleidingskursusse vir onderwysers geleidelik ingestel te word.

Aangesien die opleidingsgeriewe vir ambaginstrukteurs nie voldoende deur Batswana benut word nie, behoort spesiale aandag hieraan gegee te word (kyk subhoof 4.6.2). Die moontlikheid van die instelling van 'n opleidingskursus vir landbouonderwysers by die landboukollege te Taung behoort oorweeg te word (kyk subhoof 4.6.1).

5. Duminy, P.A., Didaktiek en Metodiek, p.11.

6. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., Verantwoordelike Opvoeding, p.438.

### 5.1.5 Indiensopleiding van onderwysers

Die bestaande indiensopleidingafdeling van die Departement van Onderwys van Bophuthatswana behoort ontwikkel te word sodat diensdoende onderwysers op groter skaal gehelp kan word om hulle akademiese en professionele kwalifikasies te verbeter. Indiensopleidingskursusse in spesifieke vakke, byvoorbeeld wiskunde, moet gereeld aangebied word. Samewerking van buite instansies wat bereid is om te help met die aanbieding van sodanige kursusse, byvoorbeeld die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, moet gesoek word.

Indiensopleiding moet nie as 'n tydelike noodmaatreël gesien word om swak gekwalifiseerde onderwysers beter te kwalifiseer nie. Die hedendaagse kennisontploffing vereis dat gekwalifiseerde onderwysers ook gereeld opknappingskursusse moet bywoon. Indiensopleiding behoort dus op 'n vaste en voortdurende grondslag georganiseer te word. Opleidingsprogramme moet deur vakdeskundiges opgestel en geëvalueer word, en vakspesialiste, inspekteurs en vakonderwysers moet op 'n gedentraliseerde grondslag betrek word.

### 5.1.6 Universiteits- en gevorderde tegniese opleiding

In Bophuthatswana is reeds 'n begin gemaak met gevorderde tegniese opleiding te Ga-Rankuwa (kyk subhoof 4.6.2). As gevolg van die rol wat die mynbou- en nywerheidssektore in die ekonomiese bedrywighede van Bophuthatswana speel, bestaan daar 'n groot vraag na tegnisi. Die Ga-Rankuwa Opleidingsentrum behoort gevolglik uitgebou te word tot 'n volwaardige kollege vir gevorderde tegniese onderwys. Die besondere rol wat die tegniese sekondêre skool speel in die lewering van aspirante vir gevorderde tegniese onderwys, noodsaak die ontwikkeling van tegniese sekondêre onderwys as voorloper tot gevorderde tegniese opleiding.

Omdat universiteitsonderwys baie duur is, behoort die oprigting van 'n eie universiteit voorafgegaan te word deur intensiewe navorsing oor die funksie en taak van 'n universiteit in 'n ontwikkelende land en die spesifieke behoeftes van Bophuthatswana. 'n Politegniese inrigting moet ook oorweeg word. Perspektiewe moet gehaal word uit die misluktings en suksesse op die terrein van tersiêre onderwys in die res van Afrika.

Beskikbaarheid van fondse en dosente is van groot belang en is deur-slaggewend by die bepaling van hierdie soort onderwys se prioriteit. Tot tyd en wyl 'n eie inrigting vir tersiêre onderwys opgerig kan word, moet die Onderwysdepartement van Bophuthatswana die land se behoeftes aan bestaande inrigtings in Suid-Afrika stel en daarvan gebruik maak.

#### 5.1.7 Volwassene-onderwys

Onderwys vir volwassenes word reeds deur verskeie instansies in Bophuthatswana aangebied (kyk subhoof 4.7). Ten einde optimale benutting van huidige fasiliteite vir die onderwys van volwassenes te verseker, behoort alle vorme van volwassene-onderwys gekoördineer te word onder beheer van die Departement van Onderwys.

Onderwys vir volwassenes lewer die grootste bydrae tot ontwikkeling wanneer dit as deel van 'n program van voortdurende opvoeding aangebied word, en gevolglik behoort dit oor die hele onderwysfront aangepak te word. Onderwys vir volwassenes behoort op die onmiddellike probleme gerig te word en moet rekening hou met bestaande behoeftes. Omdat meer as 20 persent van die Tswanabevolking in 1977 na raming ongeletterd was<sup>7</sup>, word as eerste beplanningsfase aanbeveel dat geletterdheidsprogramme vir volwassenes besondere aandag moet ontvang.

#### 5.1.8 Sielkundige dienste

Bophuthatswana se Departement van Onderwys beskik reeds oor 'n eie afdeling vir sielkundige dienste. Omdat dit nog in 'n beginstadium van ontwikkeling is, en omdat die Departement van Bantoe-onderwys se volledige gestandaardiseerde toetsbatterye tot die beskikking van Bophuthatswana is, behoort meer van dié departement se dienste gebruik gemaak te word terwyl die eie sielkundige afdeling ontwikkel word.

---

7. Kyk BENBO, Bophuthatswana at Independence, p.64.



Die funksies van die afdeling vir sielkundige dienste behoort duidelik geformuleer te word. Die volgende kan as noodsaaklike funksies van 'n sielkundige afdeling beskou word:<sup>8</sup>

- (i) die vasstelling van skoolgereedheid by voornemende substanderd A-leerlinge;
- (ii) die afneem van skolastiese aanlegtoetse;
- (iii) die verskaffing van skoolvoorligting wat opvoedkundige voorligting, beroepsvoorligting en persoonlike voorligting insluit;
- (iv) die identifisering van probleemgevalle soos verstandelike en fisiese gestremdheid;
- (v) voortdurende navorsing met die oog op die ontwikkeling van eie toetsbatterye in ooreenstemming met eie behoeftes;
- (vi) die opleiding van voorligtingonderwysers wat self toetse kan afneem, resultate kan evalueer en voorligting kan verskaf.

## 5.2 Kernaanbevelings

5.2.1 Die volgende aanbevelings word ten opsigte van die primêre skoolvlak gedoen om as riglyne vir toekomstige beplanning te dien:

- Verpligte aanvangsonderwys ingestel op geletterdheid en syfervaardigheid moet 'n hoë prioriteit wees.
- Verpligte skoolbesoek moet so spoedig moontlik trapsgewyse in die laer primêre skoolfase ingevoer word in gebiede waar voldoende en geskikte onderwysgeriewe, onderwysers en fondse beskikbaar is. Daarna moet dit so gou moontlik na die res van die land uitgebrei word.

---

8. Kyk de Villiers, G. v.N., op.cit., p.123.

- Kurrikulumhervorming wat gemik is op die aanbieding van vakke wat handvaardigheid by leerlinge sal bevorder, en wat 'n meer praktiese benadering in die aanbieding van vakke tot gevolg sal hê, verdien dringende aandag.
- Die oorsake en stappe ter bekamping van die probleem van vroeë skoolverlating moet hoë prioriteit geniet.

5.2.2 Op die sekondêre skoolvlak moet die volgende sake hoër prioriteit geniet:

- Die verskaffing van onderwys ooreenkomstig die bekwaamheid, belangstelling en aanleg van die leerlinge vereis dat praktiese sowel as akademiese kursusse in verskeie studierigtings verskaf sal word. Praktiese en akademiese studierigtings vir tegniese, handels-, landbou-, huishoudkunde en algemene onderwys moet geleidelik ingevoer word.
- Die verskaffing van sekondêre landbouonderwys is dringend noodsaaklik.
- Om sekondêre tegniese onderwys binne die bereik van meer leerlinge te bring, moet oorweging geskenk word aan die stigting van 'n tegniese opleidingsentrum in 'n stedelike gebied.

5.2.3 Die toenemende vraag na primêre en sekondêre onderwys vereis dat die beperkte fasiliteite en finansies oordeelkundig aangewend word. Nadat voorsiening gemaak is vir die jaarlikse toename in leerlinggetalle moet 'n program opgestel word waarvolgens reeds bestaande tekorte aan akkommodasie en toerusting afgewerk word.

5.2.4 Om te voorsien in die behoefte aan tegnisi moet oorweging geskenk word aan die ontwikkeling van die Ga-Rankuwa Opleidingsentrum tot 'n volwaardige kollege vir gevorderde tegniese onderwys.

5.2.5 Die oprigting van 'n eie universiteit moet voorafgegaan word deur intensiewe navorsing om die spesifieke behoeftes aan tersiêre onderwys in Bophuthatswana te bepaal. Besikbaarheid van dosente en fondse is deurslaggewende faktore om hierdie soort onderwys se prioriteit

te bepaal.

- 'n Politegniese inrigting moet ook oorweging geniet.
- Tot tyd en wyl 'n eie inrigting vir tersiêre onderwys opgerig word, moet Bophuthatswana se behoeftes aan bestaande Suid-Afrikaanse inrigtings gestel word en van hulle gebruik gemaak word.

5.2.6 Die voorsiening van meer gekwalifiseerde en beter opgeleide onderwysers moet hoë prioriteit geniet.

- Die instelling van 'n driejarige kursus na vorm V vir die opleiding van senior sekondêre onderwysers is dringend noodsaaklik om die aantal sowel as die kwaliteit van senior sekondêre onderwysers te verhoog. As onmiddellike begin moet die senior sekondêre onderwyserskursus van die Departement van Bantoe-onderwys so gou as moontlik ingestel word.
- Die toelatingsvereiste tot alle onderwysersopleiding moet geleidelik verhoog word tot die Senior Sertifikaat.
- Die instelling van 'n opleidingskursus vir landbouonderwysers by die landboukollege te Taung moet oorweeg word.
- Die werwing van aspirante vir opleiding as ambagsonderwysers te Boitseanape moet oorweeg word.
- 'n Goed beplande stelsel vir indiensopleiding van onderwysers wat gemik is op die verbetering van professionele sowel as akademiese kwalifikasies is noodsaaklik.

5.2.7 Koördinasie en sentrale beheer oor alle vorme van volwassene-onderwys is noodsaaklik. Die instelling van geletterdheidsprogramme as deel van 'n program van voortdurende onderwys moet hoë prioriteit geniet.

5.2.8 Die ontwikkeling van die afdeling vir sielkundige dienste moet aangepak word met die klem op veral beroepsvoorligting en keuring van leerlinge vir gedifferensieerde kursusse.

5.2.9 Die formulering van 'n algemene onderwysbeleid deur die Kabinet van Bophuthatswana is noodsaaklik. In hierdie verband behoort die Adviesraad vir Bophuthatswana Onderwys 'n belangrike rol te speel.

5.2.10 Die breë organisasie, administrasie en beplanning van alle onderwys moet op nasionale vlak gekoördineer word.

- Die uitvoering van die onderwysbeleid deur 'n onderwys-administrasie wat doeltreffend funksioneer en oor betroubare statistiek beskik, is noodsaaklik.

Koördinasie tussen Bophuthatswana se algemene ontwikkelingsplanne, wat ingestel is op die globale ontwikkeling van die volk, en die beplanning van die onderwys is 'n belangrike vereiste. Sodoende sal nie slegs die ontwikkeling van die landseksonomie en die ontplooiing van 'n arbeidsmag gedien word nie, maar is die onderwysstelsel ook intensief gemoeid met die kulturele opbou en beskawingshandhawing van die land. Die funksionering van 'n goed beplande onderwysstelsel op elke terrein van die volkshuishouding sal daartoe bydra dat dié stelsel die Batswana so doeltreffend moontlik bedien. Doeltreffende onderwysstelselbeplanning gekoördineer met die algemene ontwikkelingsplanne van die land, sal nie alleen die onderwys- en ontwikkelingspeil van die bevolking gunstig bevorder nie, maar sal ook daartoe bydra om die Batswana van Bophuthatswana tot 'n selfvoorsienende en selfonderhoudende volk saam te snoer.

BYLAAG A

VOORUITSKATTINGS VAN DIE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE LEERLINGGETALLE  
VAN BOPHUTHATSWANA TOT 1980

Vooruitskattings is op grond van die gegewens vanaf 1969 tot 1977 op die volgende wyse gemaak:

1. Die historiese tendense van leerlinginskrywings vir elke standerd is deur die metode van kleinste kwadrate tot regressievergelykings verwerk. Twee krommes (’n reguit lyn of eerstegraadse kromme en ’n parabool of tweedegraadse kromme) waarvan die vergelykings van die vorm  $y = a + bX$  en  $y = a + bX + cX^2$  onderskeidelik was, is telkens by elke stel historiese gegewens aangepas.
2. Die verwagte toekomstige inskrywing is verkry deur die onafhanklike veranderlike ( $X$ ) telkens met die toekomsjaar in die verkreeë vergelykings te vervang.
3. Grafieke wat die historiese tendens en toekomsverwachting ten opsigte van leerlinginskrywings aantoon, is per rekenaar getrek vir elke standerd, elke skoolfase en vir die totale skoolbevolking. Daar is besluit om die grafieke slegs tot 1980 te laat loop omdat die beramingsfout vergroot soos die periode van die projeksie verleng. Die vooruitskattings is dan ook gemaak onder die aanname dat die toename in leerlinginskrywings tot ten minste 1980 sal voortduur soos die afgelope paar jaar.
4. Die kromme wat in elke geval die mees realistiese raming gegee het, is uitgesoek. Die vergelyking wat die kleinste totale afwyking van die werklike tendens getoon het, is gebruik. In sommige gevalle was bepaalde faktore daarvoor verantwoordelik dat nóg die reguit lyn nóg die parabool ’n akkurate passing tot die reguit lyn gegee het. ’n Geweegde gemiddelde is dan gewoonlik bereken om ’n waarde tussen die twee krommes voor te stel.

Hierdie benadering kan baie beperkinge hê omdat dit berus op historiese tendense wat nie onbepaald sal voortduur nie. Deur die toekomsskattings te beperk tot drie jaar, kan tog ’n goeie aanduiding van verwagte leerlinginskrywings oor die korttermyn verkry word.

## BRONNELYS

A. LITERATUUR

BEHR, A.L. and MACMILLAN, R.G., Education in South Africa. Van Schaik, Pretoria, 1971.

BERTELSEN, P., Problems of priorities in adult education, in Widstrand, C. ed., Development and Adult education in Africa. The Scandinavian Institute of African Studies, Stockholm, 1965.

BLACKIE, W.G., The personal life of David Livingstone. Murray, London, 1881-1882.

BOPHUTHATSWANA. Bophuthatswana-wet op Onderwys. Wet nr. 9 van 1973. Mafeking, 1973.

BOPHUTHATSWANA. Bophuthatswana-wysigingswet op Onderwys. Wet nr. 6 van 1974. Mafeking, 1974.

BOPHUTHATSWANA. Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1974 eindig. Mafeking Mail, Mafeking, 1973.

BOPHUTHATSWANA. Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1975 eindig. Mafeking Mail, Mafeking, 1974.

BOPHUTHATSWANA. Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1976 eindig. Mafeking Mail, Mafeking, 1975.

BOPHUTHATSWANA. Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1977 eindig. Mafeking Mail, Mafeking, 1976.

BOPHUTHATSWANA. Begrotings van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1978 eindig. Mafeking Mail, Mafeking, 1977.

BOPHUTHATSWANA. Departement van Onderwys, Departementele Omsendbrief nr. 7 van 9 Maart 1977.

BOPHUTHATSWANA. Departement van Onderwys, Departementele omsendbrief nr. 7/16/3/5 van 25 Oktober 1976.

BOPHUTHATSWANA. Goewermentskennisgewing nr. 34 in Amptelike Koerant nr. 35 van 26 September 1975. Mafeking, 1975.

BOPHUTHATSWANA. Report of the Department of Education for 1972. Mafeking Mail, Mafeking, 1973.

BOPHUTHATSWANA. Report of the Department of Education for 1973. Mafeking Mail, Mafeking, 1974.

BOPHUTHATSWANA. Report of the Department of Education for 1974. Mafeking Mail, Mafeking, 1975.

BOPHUTHATSWANA. Report of the Department of Education for 1975. Mafeking Mail, Mafeking, 1976.

BOPHUTHATSWANA. Report of the Department of Education for 1976. Mafeking Mail, Mafeking, 1977.

BOTSWANA'S NATIONAL COMMISSION ON EDUCATION, Education for Kagisano. Report of the National Commission on Education. Botswana's National Commission on Education, Gaborone, 1977.

BREUTZ, P.L., The tribes of the districts of Kuruman and Postmasburg. Department of Bantu Administration and Development, Ethnological Publication no 49, Government Printer, Pretoria, 1963.

BREUTZ, P.L., The tribes of the districts of Taung and Herbert. Department of Bantu Administration and Development, Ethnological Publication no 51, Government Printer, Pretoria, 1968.

BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING INSAKE BANTOE-ONTWIKKELING (BENBO), Bophuthatswana at independence. Benbo, Pretoria, 1977.

BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING INSAKE BANTOE-ONTWIKKELING (BENBO), Bophuthatswana Ekonomiese Revue 1975. Benbo nr. 20575, Pretoria, 1975.



BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING INSAKE BANTOE-ONTWIKKELING (BENBO), Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika. Benbo, Pretoria, 1976.

CALLAWAY, A., Educational planning and unemployed youth. UNESCO:IIEP, Paris, 1971.

COVERDALE, G.M., Planning education in relation to rural development. UNESCO:IIEP, Paris, 1974.

CRISP, W., The Bechuana of South Africa. S.P.C.K.; London, 1896.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS, Algemene beginsels vir die vorm III-eksamen. Departement van Bantoe-onderwys, pamflet I, Pretoria, 1974.

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION, Education and careers for the Bantu peoples in the Republic of South Africa. 1972/1973. Erudita Publications, Johannesburg, 1973.

DE VILLIERS, G. v.N., 'n Onderwysstelsel vir Qwaqwa. 'n Studie betreffende onderwysstelselbeplanning. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1977.

DODD, A.D., Native vocational training. Lovedale Press, Lovedale, 1938.

DUMINY, P.A., Didaktiek en metodiek. Longman Suider-Afrika, Kaapstad, 1972.

ELLIOT, J., University of the air: education for development in Africa No.(3). Unpublished, (1977).

IDENBURG, Ph.J.F., Inleiding tot de vergelijkende opvoedkunde. Paedagogische Monographieën ix, J.B. Wolters, Groningen, 1959.

KGWARE, W.M., Bantu Education in the Province of the Orange Free State during the twentieth century (1900-1953). An Historical-critical study. Unpublished M.Ed. dissertation, University of South Africa, Pretoria, 1955.

KGWARE, W.M., In search of an educational system. Northern press, Pietersburg, 1961.

LARDNER, G., Adult education and economic development, in Widstrand, C.ed., Development and adult education in Africa. The Scandinavian Institute of African Studies, Stockholm, 1965.

LEKHELA, E.P., The development of Bantu education in the North-western Cape (1840-1947) - An historical survey. Unpublished M.Ed. dissertation, University of South Africa, Pretoria, 1958.

LEKHELA, E.P., The origin, development and role of missionary teachers-training institutions for the Africans of the North-western Cape (an historical-critical survey of the period 1850-1954). Unpublished D.Ed. thesis, University of South Africa, Pretoria, 1970.

LENYAI, S.M., A comparative study of some problems encountered in teacher education in Bophuthatswana and Botswana. Unpublished M.Ed. dissertation, University of the North, Pietersburg, 1977.

MOLOTO, E.S. ed., A survey of the development of education among the Batswana of Bophuthatswana. Mafeking Mail, Mafeking, 1972.

MURRAY, A.V., The school in the bush. Longmans Green, Toronto, 1929.

PINAGARE KOLLEGE, Prospektus 1977. Ongepubliseerd, (1977).

REDAKSIONEEL: Die betekenis van tegniese onderwys vir die ekonomie van 'n land, Bantoe-onderwysblad, nr. 5, Junie 1977.

ROSE, B. and TUNMER, R., Documents in South African education. Ad. Donker/Publisher, Johannesburg, 1975.

RUPERTI, R.M., Beplanning van onderwysstelsels in Suider-Afrika, in Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Onderwysbeplanning, huidige toestand en toekomstbehoefte, INEG, Bloemfontein, 1974.

RUPERTI, R.M., Die onderwysstelsel in Suider-Afrika. Van Schaik, Pretoria, 1974.

RUPERTI, R.M., Opvoeding en Opleiding, in Moolman, J.H. en Leistner, G.M.E., Bophuthatswana: Hulpbronne en Ontwikkeling, deel 2. Afrika-Instituut van Suid-Afrika, Pretoria, 1975.

RUPERTI, R.M., Organogram van die Suid- en Suidwes-Afrikaanse onderwysstelsel (Mei 1973). Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1973.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Die senior-sertifikaat, algemene en matrikulasievrystellingsvereistes. Algemene inligting en voorwaardes vir voltydse kandidate. (80 318). Staatsdrukker, Pretoria, 1976.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Handleiding en Sillabusse vir die hoër primêre eksamen (standerd 5). Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Inligting oor ambagsopleiding, tegniese opleiding, gevorderde tegniese opleiding en nywerheidsopleiding. Staatsdrukker, Pretoria, 1977.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1969. (R.P. 18/1971). Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1970. (R.P. 94/1971). Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1971. (R.P. 31/1973). Staatsdrukker, Pretoria, 1973.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1972. (R.P. 93/1973). Staatsdrukker, Pretoria, 1973.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1973. (R.P. 75/1974). Staatsdrukker, Pretoria, 1974.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1974. (R.P. 45/1975). Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1975. (R.P. 36/1976). Staatsdrukker, Pretoria, 1976.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Jaarverslag 1976. (R.P. 27/1977). Staatsdrukker, Pretoria, 1977.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die hoër primêre skoolkursus (st. 3 en 4). (G.P.-S. 42137). Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Sillabus vir die laer primêre skoolkursus. (G.P.-S. 40694). Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Sillabusse vir vorm I. Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Bantoe-onderwys, Sillabusse vir vorm II. Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Inligting, Bophuthatswana 1972. Spectrum Offset vir die Staatsdrukker, Pretoria, 1972.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Goewermentskennisgewing nr. R. 1755 in Staatskoerant nr. 2175 van 30 September 1968.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Grondwet van die Bantoe-tuislande, 1971. Wet 21 van 1971. Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Proklamasies nr. R. 130 en R. 131 in Staatskoerant nr. 3523 van 26 Mei 1972.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings van die Tswana-gebiedsowerheid en van die laer owerhede in sy gebied vir die tydperk 1 Desember 1968 tot 31 Maart 1970. (TsR. 1971). Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings van die Tswana-Wetgewende Vergadering ten opsigte van die voormalige Tswana-gebiedsowerheid en van die laer owerhede in die gebied vir die boekjaar 1970-71. (TsR. 1972). Staatsdrukker, Pretoria, 1972.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die appropriasierekenings en diverserekenings en die finansiestate van die Bophuthatswana-regering en oor die rekenings van die laer owerhede in Bophuthatswana vir die boekjaar 1971-72. (TsR. 1973). Staatsdrukker, Pretoria, 1973.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die appropriasierekenings en die diverserekenings en die finansiestate van die Bophuthatswana-regering en oor die rekenings van die laer owerhede in Bophuthatswana vir die Boekjaar 1972-73. (TsR. 1974). Staatsdrukker, Pretoria, 1974.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die appropriasierekenings en die diverserekenings en die finansiestate van die Bophuthatswana-regering en oor die rekenings van die laer owerhede in Bophuthatswana vir die Boekjaar 1973-74. (TSR. 1975). Staatsdrukker, Pretoria, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings van die Bophuthatswana-regering en van die laer owerhede in Bophuthatswana vir die boekjaar 1974-75. (T.S.R. 1976). Staatsdrukker, Pretoria, 1976.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings van die Bophuthatswana-regering en van die laer owerhede in Bophuthatswana vir die boekjaar 1975-76. (T.S.R. 1977). Staatsdrukker, Pretoria, 1977.

THOMPSON, H.C., Die Kuruman sending. Londense Sendinggenootskap, Kuruman, 1952.

TSWANAGEBIEDSOWERHEID. Begroting van die uitgawes wat uit die Tesourie van die Tswanagebiedsowerheid gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1970 eindig, bestry moet word. Mafeking Mail, Mafeking, 1969.

TSWANAGEBIEDSOWERHEID. Begroting van die uitgawes wat uit die Tesourie van die Tswanagebiedsowerheid gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1971 eindig, bestry moet word. Mafeking Mail, Mafeking, 1970.

TSWANAGEBIEDSOWERHEID. Begroting van die uitgawes wat uit die Tesourie van die Tswanagebiedsowerheid gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1972 eindig, bestry moet word. Mafeking Mail, Mafeking, 1971.

TSWANA DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE, Annual Report for 1970.  
Unpublished, (1971).

TSWANA WETGEWENDE VERGADERING. Begroting van die uitgawes wat uit die Inkomstefonds van die Tswana Wetgewende Vergadering gedurende die jaar wat op 31 Maart 1973 eindig, bestry moet word. Mafeking Mail, Mafeking, 1972.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Samevatting van die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (Thomlinson-verslag). (U.G. 61/1955), Staatsdrukker, Pretoria, 1955.

VAN DER MESCHT, A.J.B., Bantoe-onderwys sedert die Wet op Bantoe-onderwys, 1953. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1965.

VAN LOGGERENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C., Verantwoordelike Opvoeding. Nasionale Boekhandel, Bloemfontein, 1966.

VAN RENSBURG, C. ed., Stepping into the future - education for South Africa's Black, Coloured and Indian peoples. Erudita Publications, Johannesburg, 1975.

VAN SCHALKWYK, M.J., Die onderwysstelsel vir Kleurlinge in die Republiek van Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1977.

VERMAAK, D., Onderwysstelselbeplanning deur enkele internasionale organisasies, in Nel, B.F. red., Onderwysbeplanning vir die toekomst. Publikasie-reeks van S.A.V.B.O., nr. 9, Johannesburg, 1975.

VERMAAK, D., Onderwysstelselbeplanning in die huidige tydsgewrig, Die Skoolblad, Oktober 1974.

WOUDESTRA, M.W., Tegniesgeoriënteerde skoolonderwys vir Bophuthatswana. Ongepubliseerde D.Ed. tesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1977.

#### B. ONDERHOUDE


COETZEE, P.G.F.: Prinsipaal, Landboukollege, Taung.

DU PREEZ, C.A.: Assistent-sekretaris (administratief), Departement van Onderwys, Bophuthatswana.

KIRSTEIN, W.: Professionele adviseur, Departement van Onderwys, Bophuthatswana.

NTSIME, J. M.: Sekretaris, Departement van Onderwys, Bophuthatswana.

SETLHOGELO, O.A.M.: Beplanner, Departement van Onderwys, Bophuthatswana.



## OPSOMMING

'n Doeltreffende onderwysstelsel is een van die belangrikste bydraende faktore tot volgehoue ontwikkeling van 'n land. Omdat onderwys 'n duur onderneming is, moet voortdurende pogings aangewend word om dit so doeltreffend moontlik te maak. Beplande ontwikkeling van 'n land moet dus ook die beplanning van 'n doeltreffende onderwysstelsel insluit. Hierdie studie het dit ten doel om inligting oor die onderwysituasie in Bophuthatswana te verskaf en breë riglyne neer te lê wat as grondslag vir toekomstige onderwysstelselbeplanning kan dien.

Die onderwys van die Batswana het vanaf die eerste sendingpoging aan die begin van die 19de eeu in bykans 160 jaar gegroei tot 'n volwaardige eie onderwysstelsel met eie wetgewende gesag en eie beheer deur 'n eie Departement van Onderwys. Teen 1973, met die aanneme van die Bophuthatswana-wet op Onderwys deur die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering, is onderwys reeds aan 314 601 leerlinge deur 5 415 onderwysers in 735 skole gegee.

Teen 1977 ontvang 404 963 leerlinge verskillende soorte onderwys - meer as 80% primêre onderwys en benewens sekondêre onderwys ook ambags-, vak- en tegniese opleiding. 'n Begin is met gevorderde tegniese opleiding gemaak, terwyl onderwysersopleiding by 7 opleidingskole verskaf word. Landbouopleiding word deur die Departement van Landbou van Bophuthatswana aan 'n landboukollege te Taung verskaf. Vir universiteitsonderwys is Bophuthatswana tans nog aangewese op inrigtings buite Bophuthatswana.

Alle onderwysersopleiding en die grootste gedeelte van ander beroepsgerigte onderwys is onder staatsbeheer, terwyl ondersteunde gemeenskapsskole die meerderheid van die primêre en sekondêre leerlinge huisves. Die Departement van Onderwys oefen sentrale beheer oor die onderwys uit, terwyl gesentraliseerde beheer vanuit 14 kringinspeksiekantore geskied. Skoolkomitees, onder toesig van kringinspekteurs, bestuur gemeenskapsskole, en private skole word deur hul eienaars beheer en deur private bestuursliggame bestuur.

Standaard 4 is die moedertaal die onderrigmedium waarna oorgeskakel word na Engels as onderrigmedium vir alle verdere onderwys. Die silabusse van die Departement van Bantoe-onderwys word in alle skole gevolg



en aan die einde van standaard 5 en vorm III word die eksterne eksamen van dié Departement afgelê. Senior sekondêre onderwys lei tot 'n senior sertifikaat wat met óf sonder Universiteitsvrystelling verwerf kan word. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad sien toe dat die standaard dieselfde is as vir ander onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika.

Indien die volgehoue groei in leerlinggetalle voortduur, behoort daar teen 1980 465 500 primêre en sekondêre leerlinge in Bophuthatswana te wees. Die groei in leerlinggetalle beklemtoon onder andere die reeds bestaande behoefte aan meer en beter gekwalifiseerde onderwysers en aan meer en beter geskikte akkommodasie en toerusting. Die behoefte aan meer opleidingsgeriewe vir verskillende soorte onderwys blyk onder andere uit die afwesigheid van sekondêre landbouskole en tekorte in opleidingsinrigtings vir tegnisi. Ander probleme sluit in die hoë persentasie vroeë skoolverlaters en die probleme rondom die instelling van skoolplig.

Op primêre skoolvlak moet die strewe wees om universele geletterdheid aan die bevolking te verskaf. Daarom moet die instelling van skoolplig op die laer primêre vlak hoë prioriteit geniet. Op hoër primêre vlak behoort die kurrikulum meer prakties te wees om aan te sluit by meer gedifferensieerde studierigtings wat op sekondêre vlak ingestel behoort te word.

Onderwysersopleiding, wat indiensopleiding insluit, moet baie hoë prioriteit geniet en die instelling van die senior sekondêre onderwyserskursus na vorm V behoort onmiddellik te geskied.

Die oprigting van 'n eie universiteit moet voorafgegaan word deur navorsing om die behoefte van Bophuthatswana na tersiêre onderwys te bepaal.

Sielkundige dienste, ingestel op eie behoeftes, behoort uitgebou te word, en volwassene-onderwys wat geletterdheidsprogramme insluit, moet gekoördineerd geskied.

Koördinasie tussen die land se algemene ontwikkelingsplanne en die beplanning van die onderwys is 'n belangrike vereiste om 'n doeltreffende onderwysstelsel vir Bophuthatswana te verseker.